
# Skilpoppe Studiegids

**'n Gebruikersvriendelike, interaktiewe gids vir die klaskamer**

Deur Marieta Nel en Danie Steenkamp



# <u>Inhoudsopgawe</u> <u>Bl.</u>


| | | |
|---|---|---|
| 1. | *Skilpoppe*: werkwyse | 3 |
| 2. | Die skrywer | 8 |
| 3. | Titel, omslag en flapteks | 11 |
| 4. | Ruimte | 22 |
| 5. | Tyd | 25 |
| 6. | Vertelperspektief | 26 |
| 7. | Karakterisering | 28 |
| 8. | Deurlopende motiewe/simbole | 33 |
| 9. | Die rol van *Romeo and Juliet* | 35 |
| 10. | Opsomming van die verhaal | 35 |
| 11. | Resensies | 46 |
| 12. | UGO-beginsels toegepas op *Skilpoppe* | 49 |
| 13. | Vrae oor elke hoofstuk | 58 |
| 14. | Toets oor hoofstukke 1-8 | 74 |
| 15. | Langer vrae | 76 |
| 16. | Respons op teks | 78 |
| 17. | Mondelinge en skriftelike opdragte | 88 |
| 18. | Multimedia-vrae | 93 |
| 19. | Temas | 100 |
| | | |
| A. | Bronverwysings | 103 |
| B. | Skrywers van hierdie gids | 104 |

## 1. *Skilpoppe*: werkwyse

**Vir die opvoeder:**

Die minimum tyd wat jy aan ***Skilpoppe*** in die klas kan spandeer, is **7 periodes** (van 50 min. elk). Dit sal jou in staat stel om die grootste gedeelte van die boek in die klas te lees en ’n paar algemene vrae oor die boek uit te werk.

Ons beveel aan dat jy **12-14 periodes** (50 min. elk) aan die boek in die klas bestee. Dan sal jy die hele ***Skilpoppe*** in die klas saam met die leerders kan lees, die temas bespreek en ’n volledige stel vrae uitwerk. Die video sal ’n verdere **2 periodes** in beslag neem.

As jy jou mondelinge en skriftelike werk vir die kwartaal hierby wil laat aansluit, kan jy nog ’n verdere **6 periodes** daarvoor begroot.

Ons stel die volgende **werkwyse** voor:

(* Die hoofstukke wat elke keer in die onderstaande tabel aangedui word, verwys na die hoofstukke in die gids. Die hoofstukke in die boek word elke keer met **vetdruk** aangedui).

| Periode | Werk tydens periode |
|---|---|
| **Vooraf** | ***Agtergrond en voorbereiding:*** Die onderwyser moet deur die hoofstukke oor die skrywer, sy publikasies en raakpunte met sy ander werk (*hfste. 2-4) lees aangesien baie van Barrie se werk outobiografies is. Die onderwyser kan ook ’n lekker groot plakkaat maak met die diagram oor die karakters (hfst. 9 van die gids) daarop.<br>Die onderwyser kan ook nuttig gebruik maak van die hoofstuk oor UGO-beginsels (hfst. 15). In hierdie gids word die aangepaste, verfynde UGO-beginsels soos dit sedert 2005 gebruik word, geplaas. |
| **1** | ***Ter inleiding***: Hou ’n algemene bespreking waartydens leerders alles noem wat hulle op die **omslag** kan sien en sê watter assosiasies daardeur opgeroep word (sien hfst. 5). Skryf sleutelwoorde op die bord neer. Begin **hfst. 1: Maan** saam met die leerders deurlees terwyl jy volledig wys op alle **simbole** wat ter berde kom, die kennis maak met die onderskeie **karakters** en die taalgebruik. Wys hulle op Anna se voordragtalent (“Sure, ek kan gedigte opsê.” “Toor met woorde”) en goeie taalgebruik wat aan haar die rol besorg het ten spyte van haar gewig en mindere status as ’n gr. 10-leerder. Moedig die leerders aan om hard te werk aan hul eie hardoplees- en voordragvaardighede.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk die volledige stel vrae oor hfst. 1 uit aangesien baie van die sleutelsimbole en die karakters hier bekend gestel word. |
| **2** | ***Ter inleiding***: Gesels kortliks oor **ruimte** (hfst. 6), **tyd** (hfst. 7) en **verhaalperspektie**f (hfst. 8) met die leerders.<br>Voltooi die lees van **hfst. 1: Maan** en merk die vrae saam met die leerders.<br>***Tuiswerk***: Vra individuele leerders/almal om te gaan oplees oor koeng foe, Dresden-poppe, wierook en die maan-simboliek. (Jy kan miskien aan die individuele leerders die bespreking van elk in hierdie studiegids gee om as vertrekpunt te gebruik). |

| | |
|---|---|
| **3** | ***Ter inleiding***: Die leerders wat moes navorsing doen, deel hulle bevindinge met die res van die klas. ’n Vinnige klasbespreking volg.<br>Lees **hfst. 2: Wierook** saam met die leerders in die klas. Laat die leerders self hardop lees en gebruik dit vir ’n leespunt.<br>Merk **hoofstuk 1** se antwoorde.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk vrae uit oor **hoofstuk 2**. |
| **4** | ***Ter inleiding***: Vra leerders om solank te begin let op sekere **temas** wat voorkom**.** Wys op die formaat van die paneelbespreking.<br>***Mondelingles***: **Paneelbesprekings**: New Age, verwerking van Sebast se dood en homoseksualiteit. (Sien ook hfst. 19 vir ander voorbeelde.)<br>Elke paneel kry 10 min. vir hul aanbieding en 5 min. vir vrae van die gehoor. |
| **5** | ***Mondelingles 2*** oor die **paneelbesprekings**: Dwelms, Romeo and Juliet en die Chinese kultuur in Suid-Afrika. (Sien ook hfst. 19 vir ander voorbeelde.)<br>Elke paneel kry 10 min. vir hul aanbieding en 5 min. vir vrae van die gehoor. |
| **6** | ***Ter inleiding***: Plaas die plakkaat van die karakters op die bord en bespreek met die leerders. Bespreek **ronde** en **plat karakters** met die leerders en vra hulle om deur die res van die verhaal daarop te let of daar groei by sekere karakters plaasvind (hfst. 9).<br>Merk **hoofstuk 2** se antwoorde.<br>Lees **hoofstuk 3: Huis** saam met die leerders deur. Laat hulle hardop lees vir ’n leespunt.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk vrae uit oor **hoofstuk 3**. |
| **7** | ***Skriftelike stelwerkles***:<br>Leerders skryf ’n lang stuk: **Feiteopstel, Dialoog** of **Dagboekinskrywing** of kort stuk: **Omslag** en **Doodsberig** (sien hfst. 19). |
| **8** | ***Ter inleiding***: Hou ’n dinkskrum oor die begrip “pakkie”. Die volgende behoort daaruit te blyk: klein, inhoud onbekend, het dikwels ’n groot invloed op mense se lewe.<br>Merk **hfst. 3**.<br>Lees **hfst. 4: Pakkie** saam met die leerders deur. Laat hulle hardop lees vir ’n leespunt.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk vrae uit oor **hfst. 4**. Elkeen moet ’n sensasiewekkende foto uit die koerant saambring vir die volgende leesperiode. |
| **9** | ***Skriftelik stelwerkles***:<br>Leerders skryf ’n **Informele Brief** (sien hfst. 19). |
| **10** | ***Ter inleiding***: Leerders wys die koerantfoto’s wat hulle gebring het en bespreek dan ons daaglikse kennismaking met geweld deur middel van die koerant. Kies een foto wat Elise se foto van die misdaadtoneel sou kon wees en wys die klas dan op simbole en deurlopende motiewe in die verhaal (hfst. 10). Gesels ook oor die rol wat musiek speel om die ruimte (spesifiek atmosfeer en stemming) uit te beeld (hfst. 6).<br>Lees **hfst. 5: Foto** en **hfst. 6: Musiek** in die klas.<br>Merk **hfst. 4**.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfste. 5 en 6** se vrae uit. |
| **11** | ***Ter inleiding***: ’n Klasbespreking volg nadat die onderwyser die volgende aanhaling uit die boek gelees het: *“Dink aan een van die ergste goed wat al met jou gebeur het of moontlik kan gebeur. Gaan jy rêrig so ’n cheap gilletjie gee en jou vingers so sprei?”*<br>Lees **hfst. 7: Skrik** in die klas.<br>Merk **hfste. 5 en 6**.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfst. 7** se vrae uit. |

| | |
|---|---|
| **12** | ***Ter inleiding***: Bring 'n stel Baboesjkas saam klas toe as jy dit in die hande kan kry. Vra leerders of hulle dink skilpoppe is 'n gepaste Afrikaanse vertaling van "nestling dolls". Vra dan verder of hulle dink die "afskil" van die poppe is ook tiperend van wat met die hoofkarakters in die boek gebeur (sien hfst. 9).<br>Lees **hfst. 8: Skilpoppe** in die klas.<br>Merk **hfst. 7**.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfst**. **8** se vrae uit en berei voor vir 'n toets oor **hfste. 1-8**. |
| **13** | ***<u>Toets</u>***: Leerders skryf 'n toets van 30 punte oor hfste. 1-8 (sien hfst. 17) – 40 min. Gebruik die laaste 10 min. om deur die antwoorde saam met hulle te gaan. |
| **14** | ***Ter inleiding***: Vra leerders uit oor geleenthede waartydens hulle hul ge-"strip" het.<br>Lees **hfst. 9: Strip** saam met hulle in die klas.<br>Merk **hfst. 8** se vrae.<br>***Tuiswerk***: Werk **hfst. 9** se vrae uit. |
| **15** | ***Ter inleiding***: Vra die klas na watter diefstal verwys word met die titel van die volgende hoofstuk: **Dief**.<br>**Lees hfst. 10: Dief** en **hfst. 11: Soen** in die klas.<br>Merk **hfst. 9**.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfste. 10 en 11** se vrae uit. Vra een of twee leerders om te gaan voorberei oor die rol wat die toneelopvoering ***Romeo and Juliet*** in die verhaal speel (hfst. 11). |
| **16** | ***Mondelingperiode***: Leerders kan tonele uit ***Skilpoppe*** dramatiseer of hulle kan 'n forumbespreking hou of 'n toespraak (sien hfst. 19 vir idees). |
| **17** | ***Mondelingperiode 2***: Leerders kan tonele uit ***Skilpoppe*** dramatiseer of hulle kan 'n forumbespreking hou of 'n toespraak (sien hfst. 19 vir idees). |
| **18** | ***Ter inleiding***: Verwys weer na die BMW en tulpe op die omslag. Gesels 'n oomblik oor watter motor elke karakter ry.Vra vir die klas wat 'n motor oor jou agtergrond en persoonlikheid verklap. Gesels ook oor tulpe: in watter land word hulle gewoonlik gekweek, waar word hulle gekweek en die aandag wat hulle nodig het. Na watter karakter/(s) word met die tulpe verwys? Vra leerders om terugvoering te gee oor die rol wat die opvoering van *Romeo and Juliet* in die verhaal speel.<br>Lees **hfst. 12: Bloed** en **hfst. 13: Tulp** in die klas.<br>Merk **hfst. 11**.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfste. 12 en 13** se vrae uit. |
| **19** | ***Ter inleiding***: Gesels met die klas oor resensies (sien hfst. 13).<br>***Skriftelike stelwerkperiode***: Leerders skryf 'n lang stuk: **Kreatiewe, verhalende opstel** of **Resensie** of kort stuk: **Vraag en Antwoord in 'n hulpkolom** of **Koerantberig** of **Draaiboek** (sien hfst. 19). |
| **20** | ***Video***: Wys vir hulle die eerste 40 minute van die video.<br>Begin **hfst. 14: Tafel** lees.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfst. 14** se vrae uit. |
| **21** | ***Video 2***: Wys die laaste 40 min. van die video.<br>Lees **hfst. 14** klaar.<br>***Tuiswerk***: Leerders werk **hfst. 14** se vrae uit. |
| **22** | Merk **hfst. 14** se vrae.<br>***Multimediavrae***: Leerders kyk na die verskille tussen die boek, draaiboek en video (sien hfst. 20). |
| **23** | Hou 'n algemene bespreking waartydens leerders die temas in die boek uit al hul inligting moet ekstraheer. |

# Die seer van selfmoord

NADAT ons 31 jaar getroud was, het my man – eens 'n suksesvolle sakeman – besluit om weens geldelike probleme sy eie lewe te neem. Soos met die meeste selfmoorde was die metode grieselig om seker te maak dit slaag.

Ek het die skoot gehoor en my man se lewelose liggaam agter sy lessenaar in die studeerkamer gekry. Ek sal die toneel altyd onthou: die man wat ek liefhet, is met 'n .45 Magnum deur die mond geskiet.

Vir die familie en ware vriende van die mens wat selfmoord pleeg, is daar nie wegkomkans nie. Dis hulle wat dapper moet wees. Dis hulle wat met vraende gesigte aangekyk word.

"Selfmoord? Maar kon jy dit nie voorkom het nie? Het jy nie gesien hy is depressief nie? Kon jy regtig niks doen nie?"

Die antwoord op elkeen van dié vrae is nee, nee en nee.

Vir die familie van iemand wat weens kanker, 'n hartaanval, 'n ongeluk of misdaad sterf, is die begrafnis moeilik genoeg. In die dae, weke, maande en jare daarna sal hulle rou. Maar hulle kan dit met waardigheid doen.

Dis nie die geval wanneer iemand selfmoord pleeg nie. Daar is geen waardigheid wanneer iemand só sterf nie.

Dit maak nie saak hoe vermink die lyk van die slagoffer is nie, 'n lykskouing moet altyd gedoen word. Die oorsaak van dood moet mos vasgestel word.

Ek sou reken in die meeste gevalle van selfmoord, soos dié van my man, is dit redelik voor die hand liggend.

Maar dit moet gedoen word sodat daardie gewraakte woorde op die doodsertifikaat aangebring kan word – onnatuurlike oorsake.

**Wat ook al die rede en hoe dit gedoen word, selfmoord veroorsaak eindelose lyding vir die mense wat agterbly**

Deur Pat Wilson

Dié woorde bring nog meer verdriet vir die weduwee en die kinders van die oorledene, soos die slagoffer van selfmoord nou genoem word.

DIKWELS is die rede vir selfmoord depressie of probleme met geld. Terwyl hulle rou, moet die weduwee en kinders dan ook die verlies aan 'n broodwinner verwerk.

Die meeste mense wat eens rojaal onthaal is deur my en my man, het verdamp. Die paar wat by sy begrafnis opgedaag en belowe het om te "help waar ons kan", het bewys dit was net hoflike, leë woorde.

Sy familie het my die rug toegekeer, dalk omdat hulle bang was ek vra geldelike hulp. Net my seun en die mense naaste aan my het my ondersteun.

Kort voor lank het vriende, familielede en sakevennote toegeslaan. Ek, 'n geskokte weduwee in rou, het geen genade gekry nie.

'n Naby familielid het my Longines-horlosie en pragtige juweliersware gevat as betaling vir my man se skuld.

Mense wat ek nou weet wolwe in die wollerige pels van saggeaarde skape was, het my man se boedel gestroop.

ONS huis in Bryanston waarin ons jarelank gewoon het, is in die mark gesit, maar ek kon nie 'n geskikte koper kry nie.

Omdat daar nie geld vir onderhoud was nie, het ons pragtige grasdakhuis sommer gou begin "aandag kort", soos eiendomsagente sê.

Eindelik het die bank die huis teruggevat omdat ek nie meer die verbandpaaiement kon bybring nie.

As my man aan natuurlike oorsake gesterf het, was die huis met sy dood betaal. Maar hy het die verband geneem 'n jaar voor sy dood, en in die versekeringsbedryf is die beleid om nie te betaal vir selfmoord nie as dit gebeur binne twee jaar nadat die polis uitgeneem is.

'n Vorige sakevennoot en die balju is met my man se motors weg. Ek het niks oorgehad nie.

Ek was 31 jaar getroud, in my vyftigs en dus nie meer in die fleur van my lewe nie, onvoorbereid op die harde werklikheid. Ek was vir alles van my man afhanklik en het werklik 'n beskermde lewe gelei.

Skielik was ek sonder huis, sonder geld en, baie gou, sonder besittings.

Ek was teleurgesteld elke oggend as ek wakker word. Ek het gehoop ek sou in die nag sterf van die pyn van my rou en die herinneringe aan wat ek op die boonste verdieping in die studeerkamer gesien het. 'n Laag verf het die vlekke op die mure bedek, die stoel waarop my man gesit het en die mat onder die lessenaar is verwyder.

## Red 'n lewe

EK LY aan depressie. Ek is 'n sterk mens en kan my man staan, maar tog . . . 'n Kersvader van een meter hoog wat 'n Kersliedjie sing in 'n winkelsentrum, kan my in 'n toestand van totale paniek laat verval.

Hoewel ek nog nooit selfmoordneigings gehad het nie, verstaan ek in 'n mate die onlangse pogings, een suksesvol, van kennisse wat besluit het om hul lewe te neem.

Waarom is dit deesdae so belangrik om buite 'n fr[illegible] van geluk voor te hou terwyl jy binne doodbloei? Waarom ignoreer ons die eensaamheid en pyn van 'n ander, al sien ons dit so duidelik raak? Is dit omdat dit te veel selfondersoek verg om uit te reik na ons naaste, selfs net met 'n glimlag? en praat! Jy is nie alleen nie, daar is duisende wat só voel! Niks is so erg dat jy jou lewe moet opoffer daarvoor nie.

En jy wat iemand sien swaarkry, moenie die kans om 'n goeie woord te spreek laat verbygaan nie. Dit is soms al wat iemand nodig het. Laat hierdie Kerstyd die skanse val, en maak vriende pleks daarvan om kennisse te verloor.

EKKE, KZN

**HUISGENOOT OP DIE WEB**
**Uitslag van vorige peiling:**
**Sal ons ooit die waarheid oor Diana weet?**
**JA 11% NEE 89%**
**Vandeesweek se vraag:**
**Geniet jy jou werk?**
**Besoek ons webtuiste by**

**Briewe aan:**
**Briewe,**
**Huisgenoot,**
**Posbus 1802,**
**Kaapstad 8000.**
**Faks 021-406-3316.**
**E-pos**

# vra mari

**Het jy 'n probleem? Moenie dat dit jou onderkry nie – skryf aan ons by Vra Mari, Huisgenoot, Posbus 1802, Kaapstad 8000**

**V** 'n Ou in my klas het einde verlede kwartaal selfmoord gepleeg en ek voel regtig skuldig. Ons was ses jaar lank vriende en ek dink ek moes meer aandag aan hom gegee het, maar ons het eksamen geskryf en nie eintlik tyd vir enigiets anders gehad nie. Ek is ook 'n ou en in gr. 10. Hoe verwerk ek dit? – SKULDIG, POTCHEFSTROOM

**A** Ongelukkig is mense wat selfmoord pleeg gewoonlik so bedruk dat hulle nie dink aan almal wat hulle agterlaat nie. Hulle wil net 'n einde aan hul ellende maak. Maar dat jy ses jaar goeie vriende met die ou was, moes hom geleer het dat jy daar sou wees as hy jou nodig gehad het. Dit maak nie veel verskil dat jy besig was toe hy aan selfmoord gedink het nie. Hy het mos geweet hy kon op jou reken. Hy het die besluit geneem om nie met jou of enigiemand anders te praat nie. Al wat jy kan doen, is om sy keuse te respekteer en die goeie tye te onthou.

# Hulp

## is nooit ver nie

## Ek het gehoop ek sou in die nag sterf van die pyn van my rou

Op so 'n kort afstand saai 'n groot-kaliber-vuurwapen verwoesting. Maande ná sy dood het ek stukkies van sy skedel, met die hare steeds daaraan, gekry in die grasdak bo die plek waar hy gesit het. Stukkies van sy tande het in die lessenaar vasgesit.

Met 'n silwer-soplepel het ek gate in die grond gegrawe en die oorblyfsels in die tuin begrawe.

Dit was afgryslik toe ek eendag 'n verwarmer wegtrek van die studeerkamermuur en sien dis vol bloed, ná maande steeds gruwelik helderrooi.

DIE gees van die mens is egter sterk en ek het nie in die nag gesterf nie.

Soos ander mense wat selfmoord "oorleef" het, het ek myself verwyt.

Ek het geweet my man was depressief. Ek het hom verskeie kere gevra om dokter toe te gaan. Hy wou nie, want hy het gesê die dokter kan nie sy probleme wegvat nie. Ek het gesê 'n dokter kan hom help om sy probleme in 'n ander lig te sien.

Ek het later besef hy wou my saam met hom gevat het. Die speurders wat op die "misdaadtoneel" was, het 'n patroon gekry in die rewolwer waarmee hy homself geskiet het. In ons slaapkamer op die grondvloer was 'n rewolwer gelaai met twee patrone.

Hulle het gesê die sneller van die ander rewolwer is getrek, maar dit het geweier.

Soms was ek so kwaad oor wat hy my aangedoen het dat ek hom sou vermoor het as hy net lewend was. Ek het gevoel ek word gestraf en is nutteloos. Geklee in swart, my wange versonke en met hangende skouers was ek gevul met selfhaat en selfbejammering.

Ek het my besittings in 'n verweerde winkeltrollie agter my aangesleep. Ek het verby groot, pragtige huise gestap. Nou en dan sou 'n elektriese hek oopswaai en dan sou 'n groot, luukse motor verby my swiep.

Die mense in die motors het deur die ruite gekyk, maar my nie gesien nie. Net soos ek, ongetwyfeld, ook eens in een van my man se motors gesit en gekyk het sonder om te sien.

Ek was nou een van die gesiglose, naamlose massa wat niks het nie.

Honde het deur spoggerige hekke vir my geblaf en gegrom wanneer ek my winkeltrollie, net so verniel soos ek, daar verbysleep op pad na die "tuinhuis" waar ek gewoon het.

Dis 'n mooi naam, maar dit was weinig meer as 'n bediendekamer. Ek was kwaad en skaam oor wat ek geword het.

Die jare het verbygegaan en ek het oorleef deur my juweliersware stuk vir stuk te verkoop. Ek het oorleef, en

besittings, maar met die wil om te leef en te oorleef.

Ek hoop my storie word gelees deur ander mense wat selfmoord "oorleef" het, en mense wat dié aaklige uitweg oorweeg uit 'n wêreld vol sorge.

Ek hoop as jy dié storie – my storie – lees, sal jy besef hoewel jy ontslae sal wees van wat jou ook al pla, laat jy aan jou geliefdes 'n verskriklike nalatenskap. □

**Vertel ons jou storie**

**Het jy 'n roerende ondervinding wat jy met ons wil deel? Dit is nou jou kans. Ons gebruik die spasie om julle, ons lesers, se beste vertellings te plaas. Dit moet nie meer as 1 500 woorde lank wees nie. Pos dit aan My Storie, Huisgenoot, Posbus 7167, Kaapstad 8000, of faks 021-406-3316, of e-pos hgnbrief@huisgenoot.com. Ons kan nie inskrywings terugstuur of op stories antwoord nie.**



## 2. Die skrywer

Baie van Barrie Hough se werk is outobiografies en daarom is dit interessant en insiggewend om te gaan kyk na die mens agter die boeke.

Barrie is in 1953 in die suidelike voorstede van Johannesburg gebore.

Sy pa, Johannes Petrus, was ’n huurmotorbestuurder en is oorlede toe Barrie net vyf jaar oud was. Dit was ’n traumatiese ervaring vir Barrie, aangesien hy baie na aan sy pa was. Sy pa was ’n sagte mens wat die een was wat na Barrie omgesien het omdat hy die grootste gedeelte van die dag tuis was. Sy dood was dus vir Barrie ’n geweldige skok en ’n volle veertien dae daarna kon Barrie glad nie praat nie. Toe hy op die vyftiende dag weer begin praat, het hy gehakkel en hy hakkel sedertdien (nes die hoofkarakter in sy boek ***My kat word herfs***). Sy pa se dood bly Barrie lewenslank by en in elkeen van sy boeke is daar ’n karakter op soek na sy pa.

Sy ma, Susanna, ook bekend as San, was ’n opgeleide verpleegster en teatersuster. Hy beskryf sy ma as ’n matriarg en ’n waardige vrou wat sy lewenslange groot respek vir vroue by hom gekweek het. Sy beste vriende is vroue. In Skilpoppe is dit dan glad nie snaaks dat die eerstepersoonsverteller ’n meisie is nie. By sy ma leer hy sy liefde vir boeke. Sy lees gereeld van haar gunstelingdigters, A.G. Visser en Eugène Marais voor aan hom. Ernst van Heerden kom ook dikwels by hulle aan huis en hy maak sodoende ook kennis met sy digkuns Hy raak groot met Mikro se verhale. Sy ma het ’n kunssinnige streep en deur haar het hy gereelde kontak met kunstenaars, digters, sangers en toneelspelers. Dit inspireer hom om eendag self bekend te wees. Sy ma maak hom liberaal groot en stel hom op ’n jong leeftyd voor aan anti-Nazi-literatuur en ’n skrywer soos DH Lawrence (wat lewenslank ’n groot invloed op hom sou hê). Hy kry bv. vir sy veertiende verjaardag Lawrence se verbanne boek, *Lady Chatterly’s Lover*.

Sy twee broers, Charl en John Peter , is baie ouer as hy (onderskeidelik 12 en 10 jaar) en hy raak dus eensaam groot. Charl is later oorsee om in die opera te gaan studeer en John Peter is lugmag toe. Beide broers het in 1965 huursoldate in die Kongo geword om geld vir hul arm ma te verdien. Hiermee kon sy vir die gesin hul eerste huis in Mellville koop.

Sy pa se dood noodsaak die familie om Hillbrow toe te trek waar sy ma opsigter by die California-woonstelle raak. Die boek ***Droomwa*** is outobiografies en geskoei op hierdie tydperk in sy lewe. Hy ervaar Hillbrow as ’n geborge, dog avontuurlustige en interessante leefruimte. Hy speel lekker en word gestimuleer in hierdie kleurryke, kosmopolitaanse buurt. Hy romantiseer Hillbrow as ’n plek van straatkafeemusiek en interessante kulture. Die woonstelblok is self ’n heerlike omgewing waar hy bevriend raak met ’n Joodse vrou en ’n Hollandse vrou met Siamese katte en ’n swart man wat bo-op die gebou in een van die dakkamers woon. Hieruit spruit sy gemeenskapsgevoel, sy liefde vir Europeërs en Siamese katte en sy bevraagtekening van die apartheidstelsel.

Barrie verlaat die California-woonstelle met ’n swaar hart toe die eienaar besluit om dit te verkoop. ’n Tydperk van rondswerf volg waartydens die gesin dit glad nie breed het nie. Sy ma raak eers opsigter by ’n woonstelblok in Highlands North en moet koek bak om die pot aan die kook te hou. Later het sy op ’n hoenderplaas gaan werk waar sy dagoudkuikens oor die foon verkoop het. Daarna het sy losieshuise bestuur, eers in Aucklandpark en later in Melville.

Ook die Johannesburgse middestad lê Barrie na aan die hart. Tydens sy laerskooljare moet hy elke dag twee busse soontoe en twee busse terug haal. Op pad huis toe het hy daarvan gehou om tyd in die middestad te verwyl. Hy is baie lief vir die stad en beskou homself dan ook as ’n stadsmens. Hy het later in Mayfair-Wes en Melville gewoon. Behalwe Johannesburg, is sy gunstelingstad Wene.

As leerder aan die Laerskool Voorbrand vind hy die skool aanvanklik vervelig. Hy kon reeds lees toe hy skool toe is en het eerder sy ouer vriende verkies as die ander skoolkinders. Hy beskryf homself as ’n eenkantkind wat onder die ander kinders se spot en wreedheid moes deurloop as gevolg van sy hakkelprobleem. Sy eenkantstatus laat van hom ’n waarnemer par excellence word. Hy het baie goue sertifikate op eisteddfods met sy pragtige stem gewen. Hy het sang baie geniet omdat dit die enigste kere was dat hy nie gehakkel het nie.

Vanaf 1966-1970 is hy ’n leerder aan die Hoërskool Helpmekaar. Hy ontwikkel sy skryftalent onder die bekwame oog van sy Afrikaans-onderwyser, die digter, Lukas Malan. Barrie het Malan as “’n geduldige en vrygewige mentor” beskryf wat vir hom die waarde van fyn suggestie geleer het. In sy matriekjaar debuteer hy saam met Antjie Krog in “Drumpel”, ’n bundel wat saamgestel word uit talentvolle leerders se werk. Hy verdiep hom in sy stokperdjie – die teel en skou van Siamese katte. Dit lei later tot die skryf van sy eerste boek ***My kat word herfs***.

Hy studeer aan RAU op die ou Braamfontein-kampus waar hy in 1975 sy BA-graad in Kommunikasiekunde behaal. Hy verdiep hom verder in sy studie van Engels en behaal in 1976 ’n Honneursgraad en in 1980 ’n MA. Hy het ’n voorliefde vir die teater en sy verhandeling handel oor die dramaturg, Athol Fugard. Sy liefde vir Engelse dramas en die teater blyk dan ook later in sy boek ***Skilpoppe.*** Tydens sy studiejare ontwikkel hy ook ’n belangstelling in die skilderkuns met sy aankoop van ’n skildery van Nel Erasmus en sy vriendskap met Erasmus en Elza Miles. Hierdie twee kunstenaars inspireer die karakter van die skilderma in sy boek ***Vlerkdans***.

Van 1975-1979 bevind Barrie hom voor die swartbord as Afrikaans-onderwyser by Sint Barnabas College. Ten spyte van sy hakkelprobleem, vind hy goeie aansluiting by sy leerders omdat hy hul leefwêreld so goed verstaan. Gedurende hierdie tyd skryf hy ook vryskutresensies vir die dagblad *Beeld.* In 1979 besluit hy dat hy genoeg van die onderwys gehad het en raak voltyds toneelresensent by *Beeld*. Hy lewer goeie werk en word in 1984 met die AA Vita-prys bekroon.

Vanaf 1987 is hy joernalis by *Rapport* en word in 1999 bevorder tot kunsredakteur. Sy boek- en fliekresensies raak bekende en gewilde leesstof en soms voer hy ook onderhoude. Alhoewel kunsflieks sy kos was, kon hy ook ’n “guitige” fliek soos Todd Phillips se *Old School* en die animasiefliek *Finding Nemo* geniet. Uit sy rubriek blyk dit dat sy gunstelingskrywers D.H. Lawrence en Minette Walters is en sy gunstelingakteurs Brad Pitt en Meryl Streep. Hy is ook gek na Elsa Joubert en Isabel Allende. Gedurende hierdie tyd ontwikkel sy liefde vir katte, opera, toneel en skilderye nog verder asook ’n nuwe liefde, nl. reis. Teen sy mure pryk skilderye van katte en in sy agterplaas hou hy twee straatkatte en twee hondjies aan.


Barrie het in baie opsigte altyd self tiener gebly. Behalwe sy jeugervarings wat ’n groot impak op sy lewe gehad het en sy ervaring voor die swartbord, was hy ook biegvader en mentor vir sy broers en vriende se kinders. Hy was altyd baie ingestel op tieners se taalgebruik en het bv. ’n week lank die matriekkunsklas by ’n skool in Johannesburg bygewoon ter voorbereiding van sy boek ***Vlerkdans***.

Hy was baie ingestel op die swaarkry van ander mense. Hy het onregverdigheid, rassisme, afknouery, oumense wat ly en die verwaarlosing van diere gehaat. Hy het geskryf oor dinge wat hy ken – homoseksualiteit, vigs (waaraan van sy vriende dood is), dwelms, die kunste en ’n afwesige pa-figuur.

Barrie het lank ’n stryd teen oorgewig en depressie gevoer. ***Skilpoppe*** is tydens ’n “baie donker persoonlike plek in sy eie psige geskryf”. Na sy ma se dood het “dinge soos depressie, verhoudings wat nie uitwerk nie en ’n vlugtige dans met chemiese stowwe” sy lewe oorgeneem. Sy ma se dood was vir hom baie traumaties, want sy het altyd ’n wakende ogie oor hom gehou.

In ***Skimmelstreke***, sy “boek vir grootmense”, skryf hy oor hoe depressie jou kan oorweldig, selfs in ’n roostuin. Op 13 Augustus 2004 op 51-jarige leeftyd word Barrie oorweldig deur depressie – waaraan hy lank gely het – en neem sy eie lewe. Hy is dood in sy woonstel in Mellville aangetref nadat die opsigter gas geruik en ondersoek ingestel het. Dit sou hom nooit beskore wees om te sien dat een van ideale verwesenlik word nie – die beeldsending van die film, *Skilpoppe,* op 27 September 2004.

Om die “waaroms” oor sy selfmoord te probeer verstaan, kan ’n mens gaan kyk na ’n resensie wat Barrie oor Pollock geskryf het, waarin hy die volgende sê: “Met Pollock, soos met ander kunstenaars, bly dit ’n raaisel hoe ’n intense skeppingsdrang en die neiging tot selfvernietiging so sy aan sy kan bestaan.”



## 3. Titel, omslag en flapteks

Op die **omslag** verskyn die **titel *Skilpoppe***, die naam van die **outeur** of **skrywer Barrie Hough**, die naam van die **uitgewer, Tafelberg,** en **’n kleurvolle collage**. Die **flapteks** verskyn nie agterop die **omslag** soos dit gewoonlik die geval is nie, maar net na die **inhoudsopgawe**.



### 3.1 Titel

**Skilpoppe** is ’n Afrikaanse nuutskepping vir die Russiese Baboesjka poppe.

#### (a) Die ontstaan van die skilpoppe-idee

Die ontstaan van die roman is te danke aan ’n stel Baboesjkas wat ’n vriendin vir Barrie van oorsee af saamgebring het. Toe hy die stel poppe uitmekaar haal, het hy besef dat elke mens ook so uit verskillende lae bestaan.

Hy het ook later vir hom ’n stelletjie in Bulgarye gekoop.

Hough, Barrie

KUNS EN VERMAAK 31/10/98 Die Burger Bladsy 7

# Skrywer kry sy idee by Russiese pop

Stephanie Nieuwoudt

**BARRIE HOUGH, nou die derde maal een van die wenners van 'n Sanlam Prys vir jeuglektuur, het die idee vir sy boek *Skilpoppe* gekry toe hy Russiese Baboesjka poppe van 'n vriendin ontvang het.**

"Ek het die poppe uitgepak en besef dat hulle nes mense is. Elke mens bestaan uit verskillende lae, en al dink jy jy ken iemand, kan jy hom nooit werklik ken nie."

Terwyl Hough navorsing gedoen het vir sy boek, het hy met hoërskoolleerlinge gepraat. Hulle het almal gesê hulle haat die voorgeskrewe Shakespeare waarmee hulle op skool te doen kry.

"Ek wou hulle graag wys hoe wonderlik *Romeo and Juliet* is. Honderde jare nadat dit geskryf is, is daar steeds mense soos wat hier uitgebeeld word."

Die boek handel oor Anna Meyer, wat gekonfronteer word met haar eie onverwerkte gevoelens oor haar gay broer se selfmoord en haar suster se dwelmprobleem. Te midde van die krisisse gebeur iets wonderliks: Anna kry die rol van Juliet in 'n skoolproduksie.

Dwelmprobleme, selfmoord – is tieners nie al bietjie moeg daarvan nie?

"Wanneer ek by skole met tieners praat, vertel hulle my van hul probleme. Die dwelm crack is op die oomblik 'n groot probleem in die tienerkultuur – deel van hul lewe. Ek hoop om deur die boek te wys op die verskriklike gevare wat die dwelm inhou."

En die gay-tema?

"Mense kom deesdae al hoe vroeër uit die kas en hul tydgenote aanvaar dit. Ek dink gay-wees moet ook in jeugboeke aangeroer word."

Die tema vir vanjaar se wedstryd was die einde en begin van 'n millennium. En Hough meen die probleme wat in sy boek aangeroer word, gaan in die nuwe millennium groter word.

"Veral die misbruik van crack. Ek het met verskillende mense gepraat – handelaars en gebruikers – en ek weet hoe skokkend die crack kultuur is."


Uiteindelik is dit 'n verhaal van heling, sê Hough. "Ek hou daarvan om oor dié proses te skryf, dis 'n manier om my eie duiwels te besweer."

Anders as in sy vorige boeke is die verteller in *Skilpoppe* 'n meisie.

"Dit was 'n uitdaging. Ek wou sien of ek 'n vroulike hoofkarakter kon skep. Anna het net met my begin praat en my die eerste sin van die boek gegee."

Die belangrikheid van die Sanlam Prys is dat nuwe elemente in Afrikaanse jeugboeke ingebring word, sê Hough.

"Danksy die temas het skrywers onder meer begin skryf oor die stad, en is die *outsider* karakter in die jeugboek ingebring."



<caption> Skilpoppe wat Barrie in Bulgarye gekoop het.

**(b) Skilpoppe in die boek**

Mens sou verwag dat skilpoppe deel van die collage op die voorblad sou wees. Die afwesigheid daarvan val dus op en onmiddellik word die vraag gevra: hoekom verskyn hierdie belangrike tema en 'n afbeelding van skilpoppe nie op die voorblad nie? As mens egter baie mooi gaan kyk, sien jy dat die verskillende afbeeldings van belangrike simbole bo-oor mekaar geplaas is

en amper soos skilpoppe inmekaar steek. Jy moet hulle ook as ’t ware “afskil” om by die volgende een uit te kom asook om die ware betekenis van elke simbool te snap.
In die boek noem mnr. Meyer hierdie poppe só nadat hy op ’n vlooimark in Moskou op hulle afkom en dit in sy hotelkamer een vir een afskil.

Mev. Meyer beskryf hulle as “kleurryke volkspoppe wat so inmekaarpas en na binnetoe al hoe kleiner word.” Sy maan dat mens versigtig moet wees om nie die goedkoper weergawe daarvan te koop waarvan die verf sommer gou sal afskilfer nie. Die duurder soort is bedek met ’n soort vernis wat afskilfering verhoed. Die poppe van elke stel lyk identies, maar daar is subtiel verskille ten opsigte van patroon en kleur en mens het ’n goeie oog nodig om dit raak te sien. Mnr. Meyer het blykbaar ’n goeie oog en het van die beste voorbeelde aangekoop tydens hul oorsese reis.

Dit maak ’n groot indruk op Anna, en toe sy en Marcel een aand hul diepste geheime met mekaar begin deel, kom sy tot die insig dat mense ook soos skilpoppe is. As jy hulle so van buite af kyk, kan jy nie sien wat binne-in hulle aangaan nie. Elke mens steek ’n klomp verskillende “mense” binne-in weg.  Marcel vra haar dan of hy al by die kleinste Anna-poppie uitgekom het. Sy antwoord dat sy self nie eens weet of sy al by haar uitgekom het nie. Uit hierdie gesprek kom ons agter dat Anna besig is met ’n proses van introspeksie en daardeur selfkennis opdoen. Dit sal haar ook help om die gebeure in haar lewe en haar reaksie daarop beter te verstaan.



<caption> Skilpoppe is nes mense wat verskillende mense binne-in wegsteek

Die oopmaak van haarself is iets wat miskien deur Ching-kung geïnisieer is toe hy openlik en eerlik met haar oor sy verhouding met Sebast gesels het. Die verwysing na die skilpoppe in die brief van Ma was vir haar ’n konkretisering van hierdie oopmaakproses. Haar oopmaak en

bereidheid om belangrike kwessies te konfronteer, word ’n katalisator wat die res van hierdie “geslote” gesin help om ook oop te maak.

Pa bring ook vir Anna een van die mooiste Baboesjka-poppe wat hy oorsee kon kry saam en gee dit vir haar met ’n pragtige briefie by. Dis ’n groot blou en goue Baboesjka met ’n ronde gesiggie, rooi wange en rosige lippe. Haar hande is oor haar voorskoot saamgevou. Sy is baie versigtig en netjies geverf en daar is ’n blink laag vernis wat die verf bedek. Sy noem haar spontaan Juliet wat waarskynlik dui op haar wens om die gekompliseerde karakter van Juliet beter te verstaan. Toe sy al die poppe afgeskil het, begin sy paniekerig raak – sy weet nie watter pop is die regte Juliet nie. Haar paniek spruit waarskynlik uit haar onsekerheid oor die korrekte vertolking van haar rol as Juliet en haar onsekerheid oor wie die werklike Anna is.

**(c) Skilpoppe in die draaiboek en die video vs skilpoppe in die boek**

Nie **skilpoppe** nie, maar die **maan** en die **koi-visse** kom na vore as die belangrikste simbole in die draaiboek.

Die titel van die draaiboek is “Inconstant Moon” (sleutelbegrip in ’n aanhaling uit ***Romeo and Juliet*** wat Anna voordra) en die maan word baie pertinent aan die begin vertoon. Die siklus van die maan met sy ronder word en taning word as simbool gebruik om die lewensgang, die heel word van mense ná ’n persoonlike verlies en die ontwikkeling van die karakters aan te dui.

Die sakhorlosie (waarop ook gefokus word in die eerste drie minute van die video) sluit hierby aan. Dit dui ook die gang van tyd aan, die mens se lewensgang en as iemand tot sterwe kom, die stilstand van tyd. In die boek word die ronde gesig van die horlosie dan ook ’n paar keer vergelyk met die maan.

Die koi-visse is baie pertinent in die openingstonele van die video. Dit wys hier eerstens op Sebast (hy het die koi-dam aangelê) en raak later ’n simbool van die raakpunte tussen mnr. Meyer, Sebast en Ching-kung ten spyte van kulturele verskille en seksuele oriëntasie. Die vissies wat swem kan ook na die onderbewussyn verwys. Daar is heelwat maling en wroeging in al die lede van die Meyer-gesin se onderbewussyn, maar dit kom nooit na die oppervlak nie (miskien as gevolg van die geslote aard van die Afrikaner-psige?). Die kyker van die video kan homself ook afvra of die koi-vissies dalk die seksuele motief in die verhaal inlui. Dit is definitief nie die geval in die boek nie.

Alhoewel die simboliek van skilpoppe baie belangrik in die boek is en dit ’n belangrike rol speel by die afskil van die karakters, word dit baie meer subtiel aangebied as in die video en draaiboek (waar dit nie so ’n belangrike rol speel nie). In die draaiboek word die volgende pertinent op die voorblad genoem: “The Afrikaans word “SKILPOPPE” – roughly translated as “LAYERED DOLLS” – is the name given to the Russian Babuschka dolls, which fit into each other from large to small – each layer revealing another aspect of the same doll.”

Op bl. 25 van die draaiboek verskyn die volgende gedeelte:

Anna is unpacking a parcel covered with a number of overseas stamps & stickers from Russia. There is a note inside. Anna reads it.

**MARIUS V/O**

**Dearest Anna,**
**Herewith a Russian Babuschka, the prettiest one I could find.**

**I call them "layered dolls". To me, you will never be too old to play with dolls. The smallest one inside is apparently the "nastayshe" – the true self. Love, Dad**.

*(Liefste Anna,*
*Hiermee 'n Russiese Baboesjka, een van die mooistes wat ek kon kry.*
*Ek noem hulle skilpoppe. Vir my sal jy nooit te groot wees om pop te speel nie. Die kleinste een binne-in is blykbaar die "natayshe" – die ware "ek".*
*Liefde, Pa.)*

She reveals a beautiful handpainted Russian Matrioska. She opens it up, and takes out every doll. There are at least eight of them – from large to very small.

Later op bl. 115 is daar nog 'n verwysing na die Baboesjkas:

**ANNA**
(Babbling)

**Did you have a fabulous trip? The Matrioskas are stunning,**
**The khois are all alive. You look great! Tired . . . but great!**
*(Het julle 'n fabulous trip gehad? Die skilpoppe is stunning!*
*Julle lyk great, moeg maar great!)*

In die video kom dit net voor as sy dit vir Marcel wys as hy kom kuier.

**(d) Die geskiedenis en agtergrond van skilpoppe**

Skilpoppe is seker die bekendste aandenking wat ’n mens in Rusland kan koop, en ’n goeie voorbeeld van volkskuns.

In Engels staan dit bekend as “nesting dolls” , “stacking dolls” of “layered dolls” en in Russies as “Matryoshkas”, “Matrioskas”, “Matroshkas”, “Matryushkas” en “Babuschkas.”

Die mees tradisionele ontwerp is dié van ’n jong Russiese vrou in ’n tradisionele kostuum met ’n serp om die kop. In die tradisionele stelle is die poppe binne-in so te sê identies met klein, subtiele verskille. Die stelle wissel van ’n stel van drie tot selfs ’n stel van 30.



Die naam “Matryona” of “Matriyosha” was ’n baie gewilde naam in provinsiale Rusland voor die Revolusie. Dit is afgelei van die Latynse woord “mater” wat “moeder” beteken. Hierdie naam is geassosieer met die moeder van ’n groot gesin wat baie gesond was en ’n gesette figuur gehad het. As gevolg hiervan het dit ’n simboliese naam geword en verteenwoordig dit vrugbaarheid en moederskap. Later is dit spesifiek gebruik vir die kleurvol geverfde houtpoppe wat so gemaak is dat dit inmekaar kon pas. Vassily Zviozdochkin het die eerste skilpop gedraai en Sergey Maliutin het dit geverf

Die geboortedorp van die Baboesjkas is ’n ’n kleurvolle, eg-Russiese dorpie, Serviev Posad. Die klooster het ’n unieke karakter aan hierdie dorpie verleen. Die groot markplein voor die klooster was ’n samedromming van verskillende soorte mense: handelaars, monnike, nonne, pelgrims and ambagsmanne. Hierdie karakters het die inspirasie gebied vir Sergiev se kleurvolle poppe.

’n Algemene fout het ontstaan by die benoeming van hierdie poppe as Baboesjkas. ’n “Baboesjka” klink baie soos “Matryoshka”, maar lg. is ’n Russiese ouma teenoor die Russiese

jong moeder wat dit eintlik moet wees. Die tema van die "moeder" is later uitgebrei na Russiese tsaars, moderne politieke leiers en musici.

**(e) Die simboliek van skilpoppe**

Poppe is 'n motief wat deeglik ontgin word in die boek.

Die Dresden-poppe dui op broosheid en iets wat kosbaars en moois is, maar jy mag nie daarmee speel nie.

Houtpoppe dui op gevoelloosheid.

Semelpoppe verteenwoordig ruggraatloosheid of minderwaardigheid.


Skilpoppe wys op die verskeie vlakke en lae wat in die menslike psige opgesluit lê.

## 3.2 Omslag

Op die kleurvolle collage verskyn van links na regs die volgende: 'n oop deur met 'n sleutel in die slot, 'n rooi tulp wat buite groei, 'n formele eetkamerstel, koi-vissies, 'n mooi geboude jong man met kaal boude, 'n verhooggordyn, rooi tulpe in 'n vaas, 'n luukse motor wat in die nag ry, twee outydse sakhorlosies (die een op die voorgrond is heel en ongeskonde, terwyl die een agter hom slegs klokwerk vertoon) en die arm van 'n beeld aan die regterkant.

[**Vir die opvoeder**: Mens kan 'n heerlike vraag oor visuele geletterdheid oor die omslag vra].

- Trek die omslag 'n potensiële koper of nie? Motiveer.
- Hoe vertoon die omslag op 'n afstand van 10 m (dink aan 'n potensiële koper wat 'n boekwinkel instap)?
- Watter verwagtinge het jy omtrent die verhaal as jy die omslag bestudeer?
- Wat is die oorheersende kleur? Waarvan kan hierdie kleur simbolies wees?
- Sou jy nie eerder 'n prentjie van skilpoppe op die buiteblad verwag nie? Bespreek.
- Kyk na die veertien hoofstukke se name: **Maan**, **Wierook**, **Huis**, **Pakkie**, **Foto**, **Musiek**, **Skrik**, **Skilpoppe**, **Strip, Dief**, **Soen**, **Bloed**, **Tulp** en **Tafel**. Watter van hulle het 'n direkte verband met die voorblad?
- Watter van die hoofstukke se name het 'n indirekte verband met die voorblad?




**Die deur** skakel met die kamermotief wat deurlopend voorkom in die verhaal. Hier speel Die Kamer waar die wapenversameling gehou word en Sebast selfmoord gepleeg het ’n belangrike rol. Die oop deur verteenwoordig die slot van die verhaal wanneer veral Anna en later die res van die gesin gedwing word om Sebast se selfmoord te konfronteer.

**Rooi tulpe** kom twee keer voor – as ’n enkele blom wat in die natuur groei en ook gerangskik in vase. Eersgenoemde verwys na die tulpe wat Ching-kung en Sebast saam aangeplant het en simboliseer hul liefde en omgee vir mekaar. Dit wys ook op hul beroepe as landskapargitekte. Laasgenoemde verwys na die “vase vol verskonings” wat mnr. Meyer aan sy vrou gee om op te maak na sy knorrigheid. Dit dui ook op liefde en omgee, maar op ’n meer gedistansieerde wyse. Die blomme in die vaas is ook baie meer formeel, tipies van die verhouding tussen Ma en Pa.

Ná die opvoering gee Ching-kung ook vir haar ’n **bos tulpe**. Sy neem spontaan **een van die tulpe** en gee dit vir Ma. Hierdie gebaar ontlok by die Yskoningin baie liefde en warmte en sy hou Anna vir die eerste keer vas soos sy haar nog nooit vantevore vasgehou het nie. Die **bos tulpe** kan dus ook dui op ’n beplande blyk van liefde en die **een tulp** op ’n meer spontane uiting.

**Die eetkamer** is ’n belangrike ruimte in die verhaal**. Die formele eetkamerstel** spreek van die formele atmosfeer wat in die Meyer-huishouding heers – die domein van die Yskoningin. Dit

spreek ook van mev. Meyer se styl en klas. Die eetkamer is ook die ruimte waar die gesin bymekaar kom en baie van die konflik, maar ook die versoening aan die einde, vind daar plaas.

**Koi-visse** speel ’n belangrike rol in die verhaal. Dit dui op die nieverbale liefde wat mnr.Meyer vir sy seun het. (Dit is Sebast wat die visdam in die tuin gebou het.) Mnr.Meyer praat nooit oor Sebast nie, maar is baie behep met die kosgee van sy visse. Later versorg Ching-kung ook die visse en word dit ’n gedeelde liefde wat hy en mnr. Meyer het. Deur Ching-kung by sy visstokperdjie te betrek, wys mnr. Meyer dat hy hom aanvaar. Die beweging van die visse kan ook dui op die malinge en strominge in die onderbewussyn van die karakters en die onderstrominge in die intrige. Die draaiboek sê bv.: “The viewer must always sense the presence of a subtle, but tangible undercurrent.”

**Die mooi geboude jong man met die kaal boude** is waarskynlik Julian en simboliseer seksualiteit. Elise neem naakfoto’s van Julian, en Anna trek hom later met haar oë uit.

Die **verhooggordyne** roep die opvoering van ***Romeo and Juliet*** op.

Die **BMW** verteenwoordig mnr. Meyer. Hy ry self ’n BMW, koop onderdele aan vir die BMW-maatskappy en die BMW is tiperend van die luukse en weelde waarmee die Meyers hulself omring.

Die **sakhorlosies** word met Sebast verbind. Hy het dit van sy oupa geërf en het dit altyd baie skoon gehou. In die verhaal word dit ook dikwels met die maan vergelyk, waarskynlik omdat al twee verloop van tyd aandui. Die agterste een is slegs ’n gedeelte van een terwyl die voorste een volledig is. Dit sluit ook aan by die verskillende fases van die maan – vanaf ’n sekelmaan tot ’n volmaan. Daar is die suggestie dat hulle ook weer almal heel sal word na Sebast se dood. Die horlosie wat gaan stilstaan, kan ook dui op Sebast se dood.

**Die beeld** aan die regterkant roep die poskaart van die beeld op wat mev. Meyer huis toe gestuur het. Dit dui ook op die beelde wat sy in haar winkel verkoop.

Vir die leerder:

- Kyk nou of jy elkeen van die simbole op die voorblad met ’n karakter kan afpaar.
- Hoekom, dink jy, is ’n deel van die verhooggordyn bloedrooi?
- Die collage bestaan uit prentjies wat oor mekaar geplaas is. Hoe pas dit by die hele idee van skilpoppe?
- Het die koerantpapier agter die vase met blomme enige betekenis?

## 3.3 Flapteks

Op die **flapteks** verskyn daar soms ’n interessante aanhaling uit die boek of ’n inleiding tot die storie. Die doel van beide is om die leser lus te maak om die verhaal te lees.

Die **flapteks** van ***Skilpoppe*** lees soos volg: “Toe Anna gekies word om die rol van Juliet te speel in die skoolopvoering van *Romeo and Juliet*, is dit vir haar soos ’n droom wat waar geword. Maar dit word ook vir haar ’n tyd waarin sy leer dat mense, soos sy self, soveel ánder mense binne-in hulleself versteek, soos die Russiese Baboesjkas of “skilpoppe” . . .”

Uit hierdie flapteks word ons aan die hoofkarakter, Anna, bekend gestel, leer ons iets omtrent haar ambisies en ideale, sien ons dat die opvoering van *Romeo and Juliet* ’n belangrike rol gaan speel in die verhaal en word die **skilpoppe**-simbool geaktiveer. Die verduideliking van die afskil van skilpoppe as die ontdekking van soveel ánder mense binne-in jouself bied ’n belangrike sleutel om die verhaal vir die leser oop te sluit. Daar is ook die suggestie van die groei wat by die hoofkarakter gaan plaasvind.

## 3.4 Openingstoneel van die video

Net soos die **titel**, **omslag** en **flapteks** die leser se eerste kennismaking met die boek is, is die eerste paar minute – die openingstoneel – die leser se oudiovisuele kennismaking met die storie.

Kyk na die eerste drie minute van die video en beantwoord dan die volgende vra:

- Watter belangrike simbole word in die openingstoneel bekend gestel?
- Watter soort atmosfeer word deur die musiek geskep?
- Kan daar enige afleiding gemaak word uit die feit dat Anna alleen buite sit?
- Watter afleidings kan jy omtrent die ruimte (huis, tuin, ens.) maak?

Hier volg ’n paar verdere opmerkings rondom die inleidingstoneel:
In die openingstoneel van die rolprent word vier belangrike simbole bekend gestel: **die maan**, **Koi-visse**, **die huis** en die **antieke sakhorlosie**. ’n Onheilspellende, dramatiese verwagting word geskep deur die *musiek*. Anna bevind haarself buite in die koue op die groot voorstoep. Sy word amper verdwerg deur die imposante huis en die groot ruimte rondom haar suggereer dat sy dalk alleen kan voel. Die toneel is troosteloos, maar bevat ook elemente van ouwêreldse sjarme: ’n elegante paleis van ’n huis, ’n Shakesperiaanse drama word aangeleer en Anna koester ’n antieke horlosie. Die kyker wonder in dié stadium watter drama homself gaan uitspeel. Vrae soos die volgende ontstaan: Gaan daar ’n tragedie afspeel? Hoekom leer Anna woorde uit *Romeo en Juliet* aan? Wat is die betekenis van die verskeie simbole?


## 3.5 Video: banaal en banaliteite

Die *Skilpoppe*-video is baie omstrede. Daar is enersyds die voorstanders daarvan wat reken dat die video die boek “oop”maak vir sekere leerders en waarde toevoeg. Daar is die teenstanders wat voel dat die oormaat banaliteite afbreuk doen aan ’n goeie boek. Laasgenoemde groep huldig die mening dat ’n goeie boek nie noodwendig ’n goeie fliek maak nie omdat die filmmedium so maklik emosionele verwikkeldhede oppervlakkig weergee (o.a. weens die korter verteltyd).

Nadat jy die video gekyk het, lees ook die koerantberigte op die volgende bladsy waarin hierdie kwessie aangeraak word en lug jou mening omtrent die volgende:

- Vind jy die sekstonele en banaliteite aanvaarbaar of keur jy dit af?
- Sal die video jou begeester om die boek te lees?
- Is daar te veel van ’n wroeging oor “issues” in die video?
- Is die karakterisering onoortuigend (kyk bv. na Marius Weyers in die rol as Pa en Kate Ascott-Evans wat nie na ’n Anna met ’n gewigsprobleem lyk nie)?
- Vind jy die oormaat Engels steurend?
- Dink jy die stemoorklanking was swak (vgl. bv Anna)?
- Dink jy die video stel die Afrikaner in ’n swak lig in kontras met ander kultuurgroepe?

# Julian en Elise in aksie



**Therese Benade as Elize en Brendan Polecutt as Julian in die drama *Skilpoppe* wat vandag om 20:00 op M-Net uitgesaai word.**

*Skilpoppe* mag dalk 'n bekroonde roman wees met diepte en insig in die sogenaamde Afrikaner-psige. 'n Mens hoop net dit is nie (meer) 'n akkurate uitbeelding van hoe dit in Afrikaanse huishoudings gaan nie.

Die boek deur Hough het drie boekpryse verower, waaronder die goue Sanlamprys vir jeuglektuur. Die draaiboek is geskryf deur Lizz Meiring en die fliek is geregisseer deur André Odendaal.

● Anders as verwag, is *Skilpoppe* nie 'n Afrikaanse rolprent nie, maar grotendeels in Engels met Engelse subtitels in dié dele wat wel Afrikaans is.

Ná 'n deeglike besinning en bespreking oor die meriete van die video vs die boek kom mens tot die slotsom dat die eienskappe van die roman eie aan hierdie genre is en nie eintlik in 'n ander medium weergegee kan word nie.

## 4. Ruimte

**Ruimte** vra die vraag: waar speel die verhaal af? In ’n stad, bos, die troonkamer van die keiser van Ekwator?

Ruimte verwys ook na die **milieu** of “**setting**” en dit sluit die tydgees in waarbinne ’n bepaalde verhaal afspeel. Dit verwys ook na die **atmosfeer** of **stemming** wat deur ruimtelike beskrywings geskep word.

Die ruimtekonsep kan baie makliker aan die leerder verduidelik word met behulp van die draaiboek en video.

Hier volg ’n aanhaling uit die draaiboek wat die verskillende ruimtes verteenwoordig:

Westcliff home JHB - ext - establishing shot
Ext - garden
Ext - balcony
Ext - driveway
Ext - front door

Interior : Front door & lobby
TV room - upstairs
Ánna’s bedroom -upstairs
Elise’s bedroom -upstairs
Helena’s bedroom -upstairs
Sebast’s bedroom int & ext door -downstairs; flashback
Hallway with hunting trophies & guns- downstairs
Hallway at Elise’s bedroom -upstairs
Staircase connecting the two storeys
Kitchen -downstairs
Lounge with fireplace
Diningroom with glass doors opening onto garden
Corridors

Fantasy sequence -Anna describing Juliet’s house (SCENE 15)
Juliet’s bedroom
The nurse’s room - reference to Florence’s real servant quarters
Sebast’s room
Hallway leading to Sebast’s room.

Gallery as annexe to Westcliff home - ext - establishing shot
Gallery - int

National school of the Arts - JHB - Ext - establishing shot
Rehearsal room ext
Rehearsal room int
2X Classroom - int:
Geography class
Maths class
2x Corridors between classes ext.
Theatre - int
Lighting box -int
Dressingroom int.
Hallway of dressingroom
Set for Romeo & Juliet production in theatre -int with toilet -int.
Wings of theatre - int.
Auditorium of theatre - int

Ching-Kung’s house - Kensington JHB -ext - establishing shot
House - entrance hall - int
Ching Kung’s room - int
Window of his room - shot of tree int/ext

Dr . Snyman's consulting rooms - ext of building
Waiting room - int
Consulting room - int
Staircase leading to outside - int & ext.

Houghton House -(Drug rehab centre ) ext - establishing shot
Garden of Houghton House - ext
Elise's room -int.
JHB International Airport - ext establishing shot
International Departures - int
International arrivals - int

Various driving shots -ext
Route from National School of the Arts - Braamfontein to Westcliff home
Route from Dr Snyman's rooms in Northcliff to Westcliff home

Taxi riot - Downtown JHB - ext

NOTES ON LOCATIONS :
WESTCLIFF, WHERE THE MEYER HOME IS SITUATED, IS A VERY WEALTHY, "OLD MONEY " SUBURB OF JOHANNESBURG.
KENSINTON - WHERE CHING-KUNG'S HOME IS SET, IS TRADITIONALLY THE AREA WHERE THE CHINESE & OTHER FOREIGNERS SETTLED.
DOWNTOWN JHB - LIKE ANY OTHER INNER CITY , IS THE AREA WHERE RIOTS & UNREST IS RIFE.

NOTE :

In die eerste hoofstuk in die boek word die volgende omtrent die ruimte gesê:

- Die verhaal speel af in Westcliff (of naby Westcliff), Johannesburg.
- Die openingstoneel vind op 'n stoep plaas.
- Dit is 'n maanverligte aand met 'n volmaan wat later agter die takke van 'n jakarandaboom verdwyn.
- 'n Onheilspellende donker atmosfeer word opgeroep.

***Opdrag*:** Gaan nou die ruimtes in die onderskeie hoofstukke na.

**Musiek** speel 'n belangrike rol in die skep van 'n **atmosfeer** of **stemming**.

In hoofstuk 6 hoor die karakters (en die leser) musiek in hul verbeelding. Ching-kung laat Anna in haar verbeelding na die hartseer musiek van die skemer luister.


***Opdrag***: Watter soort stemming word hier uitgebeeld?

Ook in hoofstuk 6 is die toneelspelers lustig besig om te dans op die maat van Bill Haley & The Comets se liedjie "One o'clock, two o' clock, three o' clock rock".

***Opdrag***: Watter soort stemming word met hierdie musiek geskep?
In hoofstuk 5 van die boek speel Julian Johannes Kerkorrel se liedjie, "BMW".

***Opdrag:***

- Probeer vasstel min of meer wanneer die gebeure in die verhaal plaasvind deur te gaan uitvind wanneer hierdie liedjie 'n treffer was.
- Gee nog name van ander titels van liedjies van Johannes Kerkorrel.
- Watter kommentaar lewer die liedjie op die luisteraars daarvan, Julian en Elise?




In die video word daar effektief gebruik gemaak van musiek.

***Opdrag***:

- Hoe sou jy die soort musiek in die openingstoneel beskryf?
- Watter soort atmosfeer word hier uitgebeeld?
- Kan jy  aan nog ander liedjies dink wat geskik vir die openingstoneel sou wees?
- Watter musiek sou jy gebruik om Ching-kung se musiekverbeelding teenoor Anna voor te stel?
- Watter musiek sou jy gebruik om Sebast se selfmoord weer te gee?

## 5. Tyd


Ons onderskei tussen **leestyd**, **verteltyd** en **vertelde tyd**.

**Leestyd** dui op hoe lank dit neem om ’n verhaal te lees. ***Skilpoppe*** sal omtrent 2 ½ uur neem as jy dit hardop lees en 1 ½ uur as jy dit stil lees. **Verteltyd** is die aantal bladsye waaruit ’n verhaal bestaan. ***Skilpoppe*** se verteltyd is bv. bladsye. **Vertelde tyd** is die tydsduur vanaf die chronologiese begin van die verhaal tot die chronologiese einde.

Die draaiboek het ’n tydlyn wat die vertelde tyd presies aandui:

**TIMELINE**: winter 2003
AS A GUIDE FOR CAST & CREW
Anna gets role of Juliet on May 1.
Sebast kills himself on May 14.
Parents leave on July 14.
Opening night of *Romeo & Juliet* August 8.

- Hoe lank is die **vertelde tyd** dus volgens die draaiboek?
- Stem die draaiboek en die boek se **vertelde tyd** ooreen?




’n Vraag tot nadenke: Wie ontvang die meeste erkenning op skool? Sportsterre of kulturele uitblinkers?

## 6. Vertelperspektief

Daar is ’n paar belangrike begrippe wat jy moet baasraak voordat jy sal kan saamgesels oor vertelperspektief. Maak seker dat jy die verskille tussen die onderskeie begrippe deeglik begryp en vra jouself deeglik af wat die volgende beteken elke keer as jy ’n verhaal lees:

Wat is:

- fokalisasie?
- ’n fokaliseerder?
- vertelperspektief?
- werklike of reële outeur?
- abstrakte outeur?
- implisiete outeur?
- eerstepersoonsverteller of ek-verteller?
- ouktoriële of derdepersoonsverteller?
- beperkte alwetende verteller?

**Fokalisasie** berus by die instansie wat rapporteer wat hy sien. As die gesigspunte van karakters in die verhaal gebruik word, praat ons van interne **fokalisasie**. As die gesigspunte van buite die verhaal fokus, praat ons van **eksterne fokalisasie**. Dié instansie wat fokaliseer, word ’n **fokaliseerder** genoem en is dikwels die **verteller** of een of meer **karakters** in die verhaal. Twee karakters in ’n verhaal kan bv. al twee **fokaliseerders** wees wat na dieselfde werklikheid kyk, maar hulle indrukke kan verskil. In eerstepersoonsverhale word die **eksterne** en **interne fokaliseerder** dikwels afgewissel. Die **eksterne fokaliseerder** is nooit onpersoonlik nie en kyk meestal terug op gebeure waarby hy betrokke was. Die **interne fokaliseerder** gee sy visie en insig wat berus op veronderstelling en identifikasie met ander. Wie is die fokaliseerder in ***Skilpoppe***? Wenk: is dit ’n **verteller** of **karakter(s)** wat rapporteer wat hy sien? Wie is dit? Het ons hier ’n **interne** of **eksterne fokaliseerder** of albei?

**Vertelperspektief** is die waarnemershoek waaruit die karakters, die ruimte en die gebeure waargeneem word deur die **verteller**. Hierdie perspektief kan weergegee word deur middel van beskrywing, dialoog, opsomming of implisering.

Leerders gebruik dikwels die term **outeur/skrywer** terwyl hulle eintlik na die **verteller** verwys. Die **werklike of reële outeur of skrywer** van ***Skilpoppe*** is Barrie Hough. Wanneer die **werklike of reële outeur** in die teks verskyn, praat ons van ’n **abstrakte** outeur. As die outeur afgelei kan word deur die inhoud van die verhaal en die vertelwyse sonder dat hy definitief genoem word, praat ons van ’n **implisiete outeur**.

Die **verteller** is die instansie wat sê wat gebeur, hoe die ruimte lyk en wat die emosionele, sosiale en morele aard van ’n **karakter** is. Ons onderskei drie soorte vertellers:

(a) **eerstepersoonsverteller of ek-verteller**
Hierdie vertelling vind in die eerste persoon (“ek”) plaas. Hierdie verteller is ’n karakter in die verhaal wat self vertel. Die belangrikste voordeel van hierdie verteller is dat hy oortuigend is en dat die leser sy gedagtes en ervaringe eerstehands beleef. Die nadeel is dat die perspektief beperk is omdat hy slegs sy eie gedagtes en ervarings kan weergee en die leser nie die ander karakters se perspektief kry nie.

(b) **ouktoriële of derdepersoonsverteller**
Hierdie vertelling vind in die derde persoon ("hy", "sy") plaas. Hy tree nie aktief in die verhaal op nie. Hierdie vertelling hou baie voordele in. Ons kan sien wat in al die karakters se gedagtes omgaan. Hierdie vertellers is alwetend en onbeperk in sy kennis en bewegings. Hy lewer ook kommentaar, verklaar dinge, maak voorspellings en lê insig aan die dag. Omdat hy gedistansieerd is van die verhaalwêreld, het hy 'n wye visie daarop.

(c) **beperkte alwetende verteller**
Hierdie vertelling vind in die tweede ("jy") of derde persoon ("hy"/"sy") plaas. Alle kennis omtrent die verhaal word slegs deur een karakter bekend gemaak. Deur hierdie karakter word al die ander karakters gekarakteriseer.

***Opdrag***: Die draaiboek sê: "This film is seen from Anna's perspective."

- Watter soort verteller tree op in ***Skilpoppe***?
- Watter voordele hou hierdie soort verteller in?
- Watter nadele het hierdie verteller?
- Wie is die fokaliseerder?

**Stof tot nadenke**





- Watter karakter wil "slimmer en trimmer" raak?
- Waaroor moet die Meyer-gesin oop kaarte speel? Hoe skakel dit met die titel van die boek?
- Watter karakters is nie sonder vooroordeel nie?

## 7. Karakterisering

Op hierdie bladsy is 'n onvoltooide skematiese voorstelling van die karakters en die hoofintriges in die verhaal. Aan die einde van die hoofstuk word die voltooide skema gegee.

Opvoeders kan hierdie karakterskema aan leerders uitdeel en hulle kan dit voltooi soos hulle vorder:



Ondersoek nou verder die karakterisering van die karakters deur die volgende tabel so volledig moontlik te voltooi en dan die opdragte daarna uit te voer.

| KARAKTER | FISIEKE EIENSKAPPE | WAT ANDER KARAKTERS SE MENING IS | WAT DIE KARAKTER DOEN |
|---|---|---|---|
| **ANNA** | Pokkelrig, | Nie so vet soos sy dink nie, | Rou oor haar broer se dood, |
| **SEBAST** | | Depressief, | Kom in opstand teen sy pa, |
| **CHING-KUNG** | Aantreklik op ’n sensitiewe manier, | Teer (gentle), | Het ’n liefdesverhouding met Sebast, |
| **ELISE** | Beeldskoon, | Liggelowig, | Het ’n wisselvallige liefdeslewe, |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MARIUS** | Uiters aantreklik, | Dominerend, | Keer nie Ching-kung en Sebast se verhouding goed nie, |
| **HELENA** | Keurig versorg, | Yskoningin, | Vat nie graag aan mense nie, |
| **BRODY** | Dra altyd swart sweetpakke, | Baasspelerig, | Moedig Anna aan om haar emosies te ontgin, |
| **JULIAN** | Baie gespierd, | Hy het ’n stewige handdruk, | Hy stel Elise aan dwelms bekend, |
| **FLORENCE** | Vet, | Sy is koesterend, | Voer die Meyer-kinders vet, |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **THOKO** | Vet, | Het ’n borrelende persoonlikheid, | Vertel vir Anna van die township-geweld wat deel is van haar lewe, |
| **MARCEL** | Die skool se vleispaleis, | Mense onderskat hom, | Hy speel Romeo, |
| **THERESE** | Maer, | Sy kla oor alles, | Sy is eers Marcel se meisie, |

Karakters word geskets en aan die leser bekend gestel deur hoe hulle lyk, wat hulle oor hulleself laat blyk, wat ander karakters oor hulle sê en wat hulle fisiek doen. Bestudeer weer die tabel en beantwoord die volgende vrae.

7.1 ’n Karakter word as “rond” beskryf indien hulle met verloop groei en verandering toon. Hoekom sou mens kon sê die volgende is **ronde karakters**?

7.1.1 Anna
7.1.2 Marius
7.1.3 Helena
7.1.4 Elise

7.2 ’n Karakter word as “plat” beskryf indien hy of sy geen ontwikkeling en verandering toon nie. Sou jy sê Julian is ’n **plat karakter**? Hoekom?


7.3 **Figurante** is ook **plat karakters**. Hulle vervul ’n sekere funksie in ’n verhaal, maar word nie so breedvoerig ontwikkel soos die hoofkarakters nie. Sou jy vir Brody as ’n figurant beskou? Hoekom?

7.4 Watter funksie vervul die volgende karakters in die verhaal?

7.4.1 Therese
7.4.2 Thoko

7.5 ’n Skrywer is nie ’n fotograaf nie en baie keer word byvoorbeeld die fisieke voorkoms van karakters nie volledig beskryf nie. Dit is natuurlik een van die vreugdes van lees dat jy meestal self kan besluit presies hoe die karakters lyk. Kyk nou weer na die kolom in die tabel oor die fisieke voorkoms. Sê hoe jy die prentjie verder inkleur en hoe jy dink die karakters lyk.

Die voltooide skematiese voorstelling van die karakters:


DIE MEYER-GESIN
MARIUS
(konserwatief, onverbidde-lik, jagter, homofobies)
HELENA
(perfeksionis, kil,vat nie graag aan mense nie)
FLORENCE
(getroue huishulp, tweede ma vir Meyer-kinders)
MELINA
(Griekse assistent in Helena se kunshandelwinkel)
CHING-KUNG
(Sebast se Chinese kêrel, vertroueling van Anna)
Getroud. In Europa en Rusland vir grootste gedeelte van die verhaal
BRODY
(onderwyseres, Anna se mentor, regisseuse van Romeo and Juliet)
SEBAST
(Oudste seun, depressief, pleeg selfmoord)
ELISE
(Foto-joernalis, raak verslaaf aan dwelms)
JULIAN
(veiligheidswag, Elise se kêrel,stel Elise aan crack en dagga bekend)
THOKO
(vriendin van Anna, vertolk rol van verpleegster )
ANNA
(jongste dogter, speel Juliet, het hegte band met Sebast gehad, op soek na haar ma se liefde, is al een in gesin wat werklik Sebast se dood probeer
THERESE
(beeldskoon, krities, speel Lady Capulet, eers Marcel se meisie)
MARCEL
(speel Romeo, later Anna se kêrel)

## 8. Simbole

In hierdie tabel word die belangrikste simbole in die roman uiteengesit:

| SIMBOOL | WAAR KOM DIT VOOR | WAT SIMBOLISEER DIT |
|---|---|---|
| **MAAN** | Anna en Elise kyk na die maan en Elise se dit lyk "hartseer." | Die hartseer wat hulle in hulle harte dra. |
| | Anna versplinter die weerkaatsing van die maan op die visdam met 'n klip. | Die verbrokkeling van die Meyer-gesin. |
| | Juliet maan Romeo dat sy liefde nie soos te maan moet groei en taan nie. | Juliet/Anna se onsekerheid en soeke na ontwykende liefde. |
| | Anna, Ching-kung en Sebast huil soos honde oor die maan. | Die noue band tussen die drie en dié gedeelde ervaring. |
| | In die algemeen. | Die sikliese aard van die maan, herinner aan geboorte, groei en dood van alle lewende dinge. |
| **STERRE** | Romeo en Juliet is "star-crossed" lovers. | Die noodlot wat mense se lewensbaan bepaal. |
| | Anna is bewus daarvan dat sterre lank nadat hulle uitgebrand het, steeds sigbaar van die aarde kan wees. | Sebast wat reeds dood is, maar steeds 'n invloed uitoefen oor die mense wat hy agterlaat. |
| | Ching-kung glo die antwoorde van lewensvrae lê in die sterre opgesluit. | Ching-kung se Oosterse agtergrond. |
| **WIEROOK** | Ching-kung by die familie-altaar. | Godsdienstige rituele. |
| | Elise en Julian om hulle daggarokery weg te steek. | Besoedeling van die mistieke, spirituele simbool om ongesonde dade te verdoesel. |
| **KAMERS** | "Die Kamer" waarin Sebast selfmoord gepleeg het wat gesluit moet bly. | Die ouerpaar wat nie die verlies van hulle seun in die oë wil staar nie. |
| | Die kamers wat Anna in haar verbeelding moet skep vir karakters in *Romeo and Juliet*. | Romeo se kamer is Sebast se selfmoorkamer. Die Nurse se kamer is Florence. |
| | Helena en Elise se kamers sy in hulle afwesigheid betree. | Helena se presiese kliniese persoonlikheid. Elise se verval, want haar kamer raak onnet soos haar verslawing ontwikkel. |
| **FOTO'S** | Elise se foto van die taxi-geweld. | Die geweld in Suid-Afrika. |
| | Voosgevatte foto van Sebast in Helena se hangkas. | Helena ervaar wel teerheid. |
| | Naakfoto's van Julian. | Julian as die sensuele, duiwelse verleier. |
| | Die ou familiefoto's. In een foto is Sebast baie ernstig. | Die Meyers was eens gelukkig met Sebast wat reeds van kleins af probleme ervaar het. |
| **POPPE** | Skilpoppe. | Die verskeie vlakke en lae opgesluit in die menslike psige. |
| | Houtpoppe. | Gevoelloosheid. |
| | Opblaaspoppe. | Mense wat voorgee om sterk of |

| | | |
|---|---|---|
| | | kwaad te wees, maar eintlik baie maklik die wind uit hul seile laat neem. |
| | Dresden-poppe. | Broosheid en iets wat mooi is, maar jy mag nie daarmee speel nie. |
| **BLOED** | Die bloedbevlekte toneel van Sebast se selfmoord. | Die geweld van sy daad. |
| | Bloedfamilie. | Die onslosmaakbare band en ineenstrengeling wat mense met hul bloedverwante deel. |
| | Elise wat bloei ná die fotonemery in die township. | Haar innerlike swaarkry wat uiting soek, maar sy soek kyk veilig van agter ’n lens na ander mense se pyn. |
| | Elise wat bloei ná Julian haar met die mes gesny het. | Die vernietigende aard van dwelmmisbruik en Julian se gevaarlike teenwoordigheid in haar lewe. |
| **TULPE** | Die tulpe wat Sebast en Ching-kung saam plant. | Die koesterende liefdesband tussen hulle. Ook die begin van hulle verhouding omdat hulle heel moontlik by die Technikon, waar hulle tuinuitleg studeer het, ontmoet het. |
| | Die tulp wat Anna vir haar ma gee. | Sebast, toegeneëntheid en liefde. |
| **TAFEL** | Die Meyers en Julian wat saam eet. Anna en Ching-kung aan tafel. Marcel en Anna aan tafel. | ’n Saamkomplek waarin almal deel in die ritueel van eet. Soms gaan dit gepaard met ontmoeting, die smee van bande of die ontwikkeling van intimiteit. |
| | Ching-kung wat aan die einde van die roman saam met die Meyers eet. | Marius wat besig is om Ching-kung te aanvaar. |
| **VISDAM** | Marius se koestering en beheptheid met die visdam. | Sy nieverbale liefde vir Sebast. |
| | Die Koi in die dam. | Malinge en strominge in die onderbewussyn van die karakters. |
| | Die tweede visdam waaroor Marius vir Ching-kung raad vra. | Marius is besig om Ching-kung te aanvaar en hom ’n plek in sy lewe toe te laat. |

## 10. Die rol van Romeo and Juliet

Die liefdesverhouding tussen Sebast en Ching-kung toon baie ooreenkomste met die gedoemde verhouding tussen Romeo en Juliet. Beide verhoudings word gekenmerk deur ouers wat nie die verhoudings goedkeur nie. Die verhoudings word ook al twee beëindig deur die selfmoord van een van die minnaars.

Die vertolking van Juliet deur Anna fokus die leser se aandag op bogenoemde weens haar assosiasie met Sebast as Romeo. Anna se liefdesverhouding toon in ’n mindere mate ’n ooreenkoms met *Romeo*

*en Juliet*. Sy leef die eerste romantiese gedeelte van die toneelstuk. Haar selfbeeldprobleem en Therese se verhouding staan in die pad van ’n verhouding met haar Romeo – Marcel. Die struikelblokke blyk egter redelik maklik oorkombaar te wees en Anna en Marcel word die “star-crossed lovers”, maar met ’n gelukkiger vooruitsig.

## 11. Opsomming

Hier volg ’n volledige, hoofstuksgewyse opsomming van ***Skilpoppe*.** Die skrywers van hierdie gids wou nie graag die boek opsom nie, maar besef dat daar dikwels ’n behoefte daarvoor by leerders is. Die skrywers sal beter hieroor voel as die leerder eers die hoofstuk lees en dan die opsomming om ook terselfdertyd te let op die tegniek van die maak van opsommings.

### 11.1 Maan

Die kunssinnige, standerd agt (graad tien), pokkelrige Anna Meyer slaan die rol van Juliet los. Sy voel sy is nie mooi genoeg vir die rol nie, maar sit tog in die maanlig op die voorstoep en leer haar woorde. Sy sit met haar oorlede broer, Sebast se horlosie, wat hy by sy oupa geërf het en verbeel haar Leonardo di Caprio speel Romeo teenoor haar. Sy dink terug aan die tye toe sy, Sebast en sy kêrel, Ching-kung soos honde vir die maan gehuil het.

Haar beeldskone suster, Elise, ’n fotograaf en dié se nuwe kêrel, Julian eet in die huis. Anna dink terug aan die familie se ontmoeting met dié veiligheidswag: haar ma was nie beïndruk nie, haar pa het van hom gehou en sy het sarkasties na sy gespierde voorkoms verwys. Sy dink aan Ching-kung wat koeng foe doen, maar net soos Sebast nie van oordrewe spiere hou nie, maar sy sê niks omdat sy nie Ching-kung se naam voor haar pa mag noem nie.

Terug in die hede bring Elise vir haar kos op die stoep. Elise nooi haar in uit die koue en Anna spot haar dat sy net so neuroties soos hul ma word. Hulle praat oor die mooi maan, die toneelstuk en Elise sê Anna gaan ’n fantastiese Juliet wees. Hulle skerts, maar later moet Elise vir Anna troos wanneer sy begin huil omdat sy na Sebast verlang. Elise besluit om nie die “hartseer maan” af te neem nie en Anna belowe om later in te kom: sy sal ’n teken gee sodat sy nie die paartjie betrap tydens “intieme aktiwiteite” nie.

Anna is nie lus vir Elise se slegte kos nie en wil in elk geval gewig verloor. Haar drama-onderwyseres, Brody het gesê sy het die regte voorkoms vir Juliet, maar moet gewig verloor. Brody is benerig maer, het ’n diep, hees stem, dra swart sweetpakke, is dramaties en rook soos ’n skoorsteen.

Marcel, die vleispaleis van die skool, gaan met die maer Therese uit en vertolk die rol van Romeo. Anna wil vir almal wys dat sy die rol gekry het omdat sy goed is en nie weens simpatie oor haar broer se dood of omdat sy goed Engels kan praat nie.
Anna verlekker haar aan die gedagte dat Therese, wat oor alles kla, die onsensuele Lady Capulet, Juliet se ma, vertolk.

Anna kyk na die sterrehemel en dink aan die algemene onrustigheid wat heers weens die komende, nuwe millennium. Haar familie is ook onrustig, veral weens Sebast se dood. Sy mymer oor die sterre en ligjare en die verganklikheid van die aarde. Sy wonder of Sebast die sterrehemel soos sy sien. Sy dink aan haar ouers, Helena en Marius, wat in Europa is met vakansie.

### 11.2 Wierook

Helena wou alleen Europa (spesifiek Wene en Praag) en Rusland toe gaan, maar Marius weier volstrek: hy haat Kommuniste. Hulle praat oor die voorgenome reis terwyl Marius een van vele drankies drink. Marius, wat in die motorbedryf werk, kritiseer Helena en haar vriende, wat volgens hom geld mors

deur modes na te volg. Helena vererg haar hewiglik en sê dat sy gaan om kuns en tapyte vir haar winkel te koop en dat sy haar eie (winkel en geërfde) geld het. Sy verwyt hom vir Sebast se dood. Daardie aand, ná die rusie, eet niemand die kos wat Florence, die huishoudster, voorgesit het nie. Later die aand troos Anna haarself met ’n blikkie kondensmelk.

Die volgende dag soek Marius witvoetjie deur die huis met blomme te vul. Anna dink oor haar uiters aantreklike pa en begin Algebra-huiswerk doen. Sebast het haar altyd daarmee gehelp. Hy het geglo mens kan altyd die antwoorde kry, al is dit soms moeilik. Ching-kung glo dat die lewe wiskundig benader kan word. Hy het vroeër vir Anna by hulle gesinsaltaar vir gestorwe familielede verduidelik dat hy nie Sebast se foto, wat hy in ’n hangertjie dra, permanent daar kan los nie, want sy ouers sal dit nie goedkeur nie – al was hulle lief vir Sebast. Hy het toe wierook aangesteek en Anna het gevra waarom mens nie altyd verduidelikings kry vir dinge wat skeefloop in jou lewe nie. Ching-kung sê toe sommige mense sê die antwoorde lê in die sterre.

Anna dink terug aan die dag van haar ouers se vertrek: Helena voel skuldig om haar dogters alleen te los. Sy berus daarby dat dat Melina, haar assistent in die winkel, en Florence daar sal wees. Anna spot weer vir Elise oor haar swak kookvernuf. Helena herinner die meisies aan hulle afsprake met die sielkundige. Elise sê dat dié besoeke nutteloos is, want hulle wil eintlik net met hul ouers oor Sebast se dood praat. Helena (en Marius) wil nie daaroor praat nie en die susters moet mekaar maar troos. Anna help haar pa, wat verkeerdelik wintersklere (dit is somer in Europa) ingepak het, om sy koffers gereed te kry. Anna dink aan Elise se indruk van hul pa as ’n opblaaspop, en nou lyk hy afgehaal asof hy ’n lekplek opgedoen het. Sy is onverklaarbaar huilhartseer ná die pakkery. By die lughawe herinner Marius Anna om sy Koi-visse te voer. Die susters, nou ook opblaaspoppe met lekplekkke, gaan drink ’n melkskommel en koeldrank daarna.

Daardie aand vind Anna wierook in die sitkamer. Sy dink aan Ching-kung wat nog nie weer ná Sebast se dood by hulle huis was nie. Hy vra egter nog gereeld uit na die tuin wat hy en Sebast as ’n Tegnikon-projek by die Meyerhuis uitgelê het. Die tuin groei nie meer goed omdat Sebast met sy groen vingers nie meer daar is nie – Anna voel te sleg om dit ooit vir Ching-kung te sê. Anna dink aan haar kleindogterjiegesprek met Sebast oor sy groen vingers. Hy het gesê die groen is aan die binnekant van die vingers en net spesiale mense soos haar ma en sy (die spesiaalste mens in sy lewe) weet daarvan.

Later vind sy daggapitte voor die kaggel en besef dat Elise en Julian die wierook gebruik om die reuk van hulle daggarokery te verbloem. Haar pa sal natuurlik die horries kry daaroor, alhoewel hy nie met sy vrou saamstem dat alkohol ook ’n dwelm is nie. Marius is knorrig en glo net wat hy wil. Hy het ook op ’n keer hewig teenoor Sebast en Ching-kung se verhouding uitgevaar (“Hy’s ’n heiden, dié geel ‘vriend’ van jou). Anna was nie oortuig dat sy teenkanting regtig weens Ching-kung se Chinese afkoms was nie.

Anna steek wierook aan en loop verby “Die Kamer” waarin haar pa se jaggereedskap en opgestopte koppe is. Sy vrees die bloedige herrineringe aan die kamer. Die kamer word gesluit gehou, want dit is daar waar Sebast selfmoord gepleeg het. Sy voel lus om by haar suster in te kruip, maar Julian slaap reeds daar.

Anna onthou skielik dat die visse nog kos moet kry. Sy is geïrriteerd met die automatiese, helder kliklig by die dam. Sy kyk later na die maan se weerkaatsing in die visdam, fnuik die ligsensor toe sy ’n klip optel en versteur die wateroppervlak met die klip. Die beeld op die water versplinter, maar vorm later weer ’n kalm geheel.

### 11.3 Huis

Thoko speel die Nurse, Juliet se oppasster, en sy en Anna het goeie vriende geword, deels omdat hulle al twee nie van die skinderbek, Therese, hou nie. Therese het vir Thoko, wat vet, lewenslustig en luidrugtig is, agter haar rug “die ousie” genoem. (Selfs nie Anna se pa gebruik meer

sulke woorde nie.)  Thoko is diep seergemaak  Die twee neem wraak deur Therese op ’n baie ironiese wyse “madam” en “lady mother” te noem.  Toe die ontstoke Therese by Brody kla, verduidelik die onderwyseres dat dit gepas is omdat Anna en Thoko se karakters kop in een mus is teen Therese se karakter.  Sy maan die meisies egter dat die ironie nie opvallend moet wees en eers werklik moet ontwikkel nadat Juliet en Nurse uitvind dat Lord en Lady Capulet Juliet wil dwing om met iemand anders as Romeo te trou.  Anna sê later speels vir Thoko dat sy vir Marcel gaan afvry om vir Therese ’n les te leer.

Anna bly agter vir ’n sessie saam met Brody.  Sy weet Brody, net soos dokter Snyman, wil hê sy moet oor Sebast praat, maar sy wil nie.  Anna kla dat sy sukkel om al die woorde te leer.  Brody, met haar nikotien bevlekte tande, sê as Anna weet waarom Juliet die woorde sê, dit makliker sal wees.  Sy stel voor Anna studeer die rol in asof sy in ’n nuwe huis, wat eers vreemd voorkom, maar later bekend raak, intrek.  Juliet is die huis waarin sy tydelik moet woon.  Anna spot dat sy so groot soos ’n huis gebou is, maar Brody sê sy moet daarvan afsien dat Juliet “svelte” moet wees en dat Anna, met haar sonderlinge speeltalent, eintlik perfek vir die rol is.  Anna beïndruk Brody met haar toepassing van die huis-konsep:  Die Nurse (Thoko) se kamer is klein, huislik, warm en die bed is op bakstene weens haar vrees vir die tokkelossie.  Anna kan egter nie ’n kamer vir Romeo skep nie en dit word duidelik dat sy Romeo met Sebast assosieer.  Sy storm later, ontsteld oor die herinneringe aan Sebast, uit die repetisielokaal en vind Julian, in stede van Elise, wat haar kom oplaai.  Sy maak haar enkel seer.

Julian vra om verskoning vir sy opgekrokte Volla en sê Elise moes ’n taxi-skietery gaan afneem.  Anna gril vir Julian se diensrewolwer van Celestial Security.  Sy verseker hom dat haar enkelbesering gering is.  In die kar bewonder Anna Julian se spiere en skoonheid en sien hom kaal in haar verbeelding.  Anna haal uit ’n gedig aan en Julian reageer huiwerig met ’n eie aanhaling wat daarby aansluit.  Sy oorlede ma het hom destyds in die kunste probeer opvoed.  Sy pa stel nie in die kunste belang nie en sal eerder grappe maak saam met sy vriend Schalk en ander drinkebroers.  Julian vermaak haar met ’n storie oor Schalk se kunsbeen wat sy dronk pa en vriende wegsteek.  Skielik verskyn ’n snotneus bedelaartjie by die ruit, en Julian maan haar om nie vir hom geld te gee nie, want hy sal dit vir gom gebruik.  Anna vra verlof om Julian se staaltjie later in ’n opstel te gebruik.  Hulle praat oor almal se lewe, wat volgens Ching-kung, iets beteken.  Julian ontstel Anna toe hy onverwags na Sebast verwys.

### 11.4 Pakkie

Elise kom vuil, verflenterd en met bebloede bene by die huis aan.  Julian is besig om Anna se enkel te versorg en hulle skrik toe hulle die geskokte, verstarde Elise sien.  Julian snel haar te hulp en Anna sien haar suster skielik as ’n semelpop met glasoë.  Hulle neem Elise na Anna se bed en Elise belowe met ’n rookasem dat sy hulle later alles sal vertel.  Die susters deel ’n grappie oor hul beserings terwyl Julian noodhulpmiddels gaan haal om die wonde skoon te maak.  Florence, ontsteld oor haar twee beseerde “(N)onnatjies”, kom in met kos en Julian, nou rusteloos, gaan loop ’n ent.  Elise verseker Florence dat haar besering nie ernstig is nie.  Anna spot dat die lekker kos haar nog vetter gaan maak.  Volgens Florence is ’n maer vrou nie troumateriaal nie en dui maerheid op armoede.  Florence gee vir Anna die brief en poskaart wat Melina vroeër van Helena af ontvang het.  Anna bewonder die beeld op die poskaart van ’n naakte man wat uit ’n rots beur en sy lees die brief voor.  Hul ma skryf van die wondelike argitektuur en kunsmuseums in Wene.  Haar man het ’n ou vriend en besigheidskontak raakgeloop en hy hou homself besig met kos, bier en sake.  Man en vrou sien mekaar net in die aande by die Hotel am Brilliantengrud waar hulle tuisgaan.  Helena wens haar dogters was daar om in al die verrykende ervarings te deel en skryf van die kunswerke en bouvorme daar.  Die naakte standbeeld fassineer die ma ook en laat haar dink aan Michelangelo wat gesê het elke rotsblok bevat ’n standbeeld wat wag op bevryding.  Sy kan veilig alleen rondbeweeg, gaan ’n opera kyk en is baie beïndruk met

stylvolle mense van die stad. Hulle vertrek oor twee dae na Praag en sy hoop haar dogters leef gesond en gedra hulle. Anna word weer daaraan herinner om die visse te voer.

Toe almal later gereed maak om te gaan slaap, kom Julian, wat nou bedwelmd voorkom, weer terug. Elise probeer keer dat Julian praat van die "pakkie" wat hy nog moet gaan afhaal. Anna beteuel die woede wat sy voel oor die feit dat die ander twee dink sy is te dom om te besef hulle praat van dwelms. Elise kan haar nie in die oë kyk toe hulle nag soen nie. Nadat Julian weer vertrek en later terugkom, kan Anna nie konsentreer op die woorde wat sy leer nie omdat sy steeds briesend vir Julian én Elise is.

### 11.5 Foto

Halfdrie daardie nag moet Anna badkamer toe gaan; haar enkel voel darem beter. Sy hoor musiek in die sitkamer en betrap daar vir Julian wat iets uit 'n pypie rook. Anna kan daarna nie slaap nie, want sy is bekommerd oor die wilde uitdrukking in Julian se oë, oor die vraag of dit hardehout-dwelms is wat hy gebruik en of haar goedgelowige suster deur Julian mislei en gebruik word. Sy is ook bekommerd oor die toneelstuk en wens sy kon met haar ma praat. Sebast het eenkeer gesê haar ma is eintlik liefdevol, maar sy steek dit net goed weg.

Anna gaan soek vertroosting in haar ma se kamer en sy besef watse goeie smaak haar ma eintlik het. Geure van parfuum laat haar aan haar ma dink en ook aan haar ma se roosplukkery, wat Sebast as 'n vertoning beskryf het. Helena is baie gesteld daarop dat sy keurig versorg is en dra altyd beskerming as sy tuinmaak of skoonmaak. Anders as haar dogters, vat sy nie graag aan mense nie. Sebast het haar eenmaal aangeval en gesê sy is bang vir die lewe, want sy wil nie aan organiese dinge vat nie. Anna soek na tekens van teerheid en liefde in haar ma se kamer, maar vind eers niks in die netjiese kamer nie. Sy sien haarself in die spieël en besef dat sy, hoewel onversorg anders as haar ma, besig is om gewig te verloor. Sy vind tog 'n teken van teerheid in haar ma se kliniese hangkas: 'n voosgevatte foto van Sebast. Sy klim in haar ma se bed, voel nader aan haar ma en ook soos 'n regte Juliet in die groot deftige bed.

'n Stink asem, bleek Julian neem haar die volgende dag skool toe. By die skool wys Thoko opgewonde vir haar die voorblad van die koerant met Elise se foto van die taxi-geweld daarop. Pouse sit hulle in die son en spot oor hulle groot bobene, maar Thoko bevestig tog Anna se gewigsverlies. Hulle praat oor die skokkende foto en Thoko sê dat sy al amper afgestomp is omdat sy so baie geweld sien waar sy bly. Haar oom is in die 1976-onluste doodgeskiet toe hy net veertien was.

In die wetenskapklas maal gedagtes van dié oom, Sebast en daardie middag se repetisie deur haar kop. Sy is opgewonde oor die eerste groot liefdestoneel wat sy, Marcel en Brody tydens 'n geslote repetisie gaan repeteer. Sy is opgewonde én bang oor die gedagte dat sy en die aantreklike, blouoog Marcel so intiem gaan wees, maar sy is onseker oor hoe sy aan hom gaan vat. Die wetenskap-onderwyser, meneer Van Wyk, praat onverpoos met die verveelde klas oor elemente – waaronder litium. Sebast het hierdie middel vir depressie gebruik.

### 11.6 Musiek

Anna vertel gespanne vir Ching-kung van die repetisie terwyl hulle op Ching-kung se harde bed sit. Hy probeer haar laat ontspan en sê sy moet deur sy venster kyk wat volgens hom soos 'n skildery lyk. Hy sê sy moet na die musiek van die skemer, die eensaamheid en depressie daarvan, probeer luister. Die skemer het Sebast altyd baie depressief gemaak. Ching-kung het gedoen wat hy kan om hom te troos wanneer hy depressief was, maar weet nou hy het nie heeltemal geweet hoe erg dit was en ook nie van Marius se hewige teenkanting teen hulle verhouding nie.

Anna kan sien hoekom haar broer lief was vir die mooi, teer Chinees. Hy het nooit voorheen sy gevoelens met haar gedeel nie, maar stort nou sy hart teenoor haar uit. Anna troos hom en sê dat sy ook graag oor Sebast wil praat en dat sy nie aanklank by haar sielkundige vind nie. Ching-kung se ma klop aan die deur en wissel ’n paar woorde in Chinees met hom. Sy nooi Anna om aandete by hulle te eet en hy onderhandel dat sy ma die uitsondering maak dat hulle twee in sy kamer kan eet. Sy ouers is konserwatief en was nie in staat daartoe om te begryp dat daar iets soos ’n romantiese verhouding tussen twee mans kan bestaan nie: hulle verwag ’n kleinseun van Ching-kung. Anna is in vervoering oor die heerlike kos wat sy lomp met stokkies probeer eet. Hy verduidelik vir haar dat sy ma se vroeëre beskeidenheid oor die maaltyd dalk ’n eksentrieke gewoonte is om vir komplimente te vis. Ching-kung was in ’n Afrikaanse laerskool en toe in ’n Engelse privaatskool. Anna vertel verder van die repetisie en hoe Brody haar en Marcel gekul het om gemaklik met mekaar se liggame te word deur hulle die hele middag met mekaar te laat dans. Anna bieg dat sy besig is om verlief te raak op Marcel. Anna sien die sterre deur Ching-kung se venster voor sy uitstap en wonder of van die helder sterre, alhoewel steeds sigbaar, reeds uitgebrand het en hoe lank hulle nog gaan skyn.

### 11.7 Skrik

Anna leef in ’n dwaal. Alles lyk swart en wit, stokkerig en haar aandag is nie by haar skoolwerk nie. Sy kanselleer haar terapiesessies, bekommer haar oor die toneelstuk en verlang na haar ma-hulle. Ching-kung is besig en sy sien Elise net so skrams; Julian is dan ook altyd op die agtergrond. Elise lyk fisiek afgerem en Anna vra haar of iets makeer. Sy sê dit is haar werk wat haar moeg maak en vra vir Anna vir geld omdat haar bankkaart, volgens haar, gesluk is. Anna leen haar R150 van die sakgeld wat haar pa vir haar gelos het.

Anna sukkel om die skrikreaksie van Juliet reg te speel. Sy dink terug aan ’n see-anemoon wat sy met ’n stokkie skrikgemaak het. Daardie middag skrik sy self toe sy polisiekarre in hulle inrit aantref. Sy besef sy kan hierdie werklike reaksie gebruik om die toneel, waar Juliet besef sy is verlief op ’n aartsvyand van haar familie, te speel. Tot dusver was Brody nie beïndruk met haar oordrewe vertolking van dié toneel nie, want dit lyk na iets uit ’n derderangse gruwelfliek. Brody het aanbeveel sy gebruik ’n werklike skokkende ervaring om die emosie op te roep. (Anna kan nie Sebast se selfmoord gebruik nie, want dit lê nog te rou in haar.) Sy voel skuldig oor haar selfsugtigheid (sy dink daar in die oprit aan die toneelstuk en nie aan wat moontlik verkeerd in die huis kan wees nie) toe sy tot verhaal kom voor die huis.

Sy tref Melina, met die ewig teenwoordige kommerkrale, aan waar sy ’n verklaring oor ’n diefstal by Helena se winkel aan twee polisiemanne aflê. Die rower was gemasker, goed gebou en rats. Hy het by die winkel ingestorm en berekend twee van die waardevolste items in die winkel gesteel. Melina is bang om vir Helena te laat weet, maar Anna sê tot haar verligting hulle moet wag, want die nuus sal net haar ouers se reis bederf.

Anna tref Elise wat heeltemal paranoïes is, onder haar bed aan. Sy stel haar gerus dat die polisie nie daar is om haar te arresteer nie en verduidelik van die rooftog. Op Elise se bed lê ’n glaspypie soos die een wat Julian gerook het en Anna skrik groot toe haar suster boonop drogbeelde van berede polisiemanne buite sien. Anna konfronteer haar suster oor die dwelmgebruik en Elise sê dat dit haar van al haar probleme laat vergeet. Dit laat haar ongelukkig ook hallusineer. Anna stel voor hulle bel iemand om te help, maar Elise belowe dringend dat sy sal ophou en smeek haar suster om vir niemand van die dwelms te vertel nie. Anna probeer vasstel of dit weens Julian is dat sy dwelms gebruik. Elise verklaar as antwoord slegs dat sy vir Julian innig liefhet. Later die aand slaan Anna die woord “visceral”, wat Brody gebruik het, na. Sy weet dat daar vrees in die plek waarna die woord verwys, haar maag, lê.

## 11.8 Skilpoppe

Melina is nog deurmekaar en ontsteld na die rooftog. Sy onthou van ’n brief van Helena en gee dit vir Anna. Sy skryf oor die verrassings en teleurstellings van haar besoek aan Moskou. Daar is asemrowende argitektuur en populierbome, wat Stalin aangeplant het, wat soveel dons afgee dat dit kompleet lyk of dit sneeu. Die sypaadjies is egter onversorg en die strate vol stof.

Anna praat oor haar ma wat soms so pynlik en krities kan wees. Melina verdedig haar en vertel van alles wat Helena vir haar beteken het. Sy het sonder ’n ma tussen haar pa en broers grootgeword en die skoolkinders het vir haar gelag omdat sy, sonder die nodige vroulike leiding, koddig voorgekom het. Op universiteit het die mense haar ook as koekerig beskou. Helena het haar egter subtiel touwys gemaak in die fynere kunsies van vrou wees. Melina voel nou baie skuldig omdat sy haar mentor verraai deur haar nie te laat weet van die diefstal en die probleem met Elise, wat brandmaer is, wat sy ook opmerk nie. Anna verseker haar dat stilswye in daardie stadium die beste uitweg is en dat sy verantwoordelikheid neem vir dié besluit. ’n Verligte Melina loop weg en Anna lees die res van die brief:

Marius het vier Baboesjkas (skilpoppe) by ’n vlooimark gekoop. Miskien weens sy goeie sakevernuf, is die poppe van ’n goeie kwaliteit en Helena verkneukel haar aan haar man se spelery met sy winskopie. Sy dink die reisgogga het hom nou ook gebyt, alhoewel hy dit nie sal erken nie. Sy sluit die brief af deur te skryf dat hulle binnekort by die huis sal wees.

Anna besef haar ma-hulle klink gelukkig, maar dink dat die hel los gaan wees wanneer hulle terugkom.

## 11.9 Strip

Anna begin weer met haar kondensmelkdrinkery op ’n trootstelose, vervelige, alleen aand, kort voor haar ouers se terugkeer. Sy verwyt haar gesin omdat hulle nie daar is om haar te troos nie en die kondensmelk proe ook later nie meer lekker nie. Anna ontplof skielik oor haar afwesige gesin en gooi haar ma se kabinet met die blikkie stukkend. Haar gedagtes is aggressief en verwytend. Haar ouers flenter oorsee rond, sy het Elise dae laas gesien en Florence en Melina kyk haar met vraende oë aan. Niemand is lief vir haar nie en sy, wat die jongste is, benodig sorg van haar suster – wat nou net aan Julian en dwelms dink. Anna is kwaad vir Sebast omdat hy haar ook in die steek gelaat het en sy storm na sy selfmoordkamer en hamer teen die deur. Voor die kamer bly sy tot halfdrie en besef sy kan eintlik niemand bel om mee te praat nie. Sy wil ook nie vir Marcel bel nie, want sy wil nie hulpeloos voorkom nie. Sy dink aan die skoolsielkundige wat sê dat selfvertroue baie nodig is in die komende millennium met sy tegnologiese en kennisontploffing. Eindelik bel sy vir Ching-kung en sê hy sal oorkom.

Anna probeer skuldig die skade wat sy aangerig het, regmaak. Ching-kung, haar “ouboet”, daag op en troos haar, sy “Mei”. Hulle drink tee en Anna spoel haar mond uit oor haar gevoelens, gesin en die moeilikhied met haar stokkerige vertolking van Juliet se sterwenstoneel. Sy vertel hom alles van Elise en haar dwelmprobleem. Ching-kung is baie ontsteld en vertel vir Anna presies hoe gevaarlik crack-verslawing is. Hy is so driftig dat hy Anna se arm te hard druk en maak verskoning daaroor. ’n Verskonende Ching-kung verduidelik dat die Meyers al is wat hy van Sebast oorhet en hy wil nie nog ’n verlies deurmaak nie. Anna bieg dat sy heeltemal te gefokus was op die toneeltuk om genoegsaam aandag aan Elise se probleem te gee. Dit is al vieruur en Ching-kung besluit hulle moet Sebast se horlosie skoonmaak om die tyd te verwyl tot Elise dalk huis toe kom. Hulle werk tot dit blink en Ching-kung hanteer die horlosie met teerheid. Anna bied aan dat hy die horlosie vir hom vat en hy sê hy sal daaroor dink.

’n Bedwelmde Julian en Elise ry in Ching-kung se nuwe Uno in die oprit vas. Buite ontplof Ching-kung teenoor Julian en ’n verdwaasde Julian begin hom beledig. Die finale strooi is toe hy

Sebast se selfmoord met sy vinger teen sy eie kop naboots. Ching-kung val hom aan en Julian probeer homself met sy mes verdedig. Elise probeer tussenbeide tree. Nadat Ching-kung vir Julian met ’n skop oorrompel, kom hulle agter Elise se wang is tydens die struweling oopgesny. Bure daag op en hou die aggressiewe mans uitmekaar. Die blitspatrollie en ’n ambulans verskyn en ’n paramedikus, Tanya, versorg Elise in die huis. Anna vertel vir Tanya dat Elise crack geneem het en Tanya maak die afleiding dat Julian haar daarvan voorsien het. Toe die polisie vir Elise en Anna ondervra, begin Anna onbedaarlik huil en bel toe vir Brody om te kom. Toe Brody opdaag neem sy beheer van die situasie oor en vertel sy die polisie alles van die afgelope trauma van Sebast se selfmoord en die Meyer-egpaar wat oorsee is. Nadat sy vir Ching-kung nou vir die eerste keer ontmoet het, stuur sy Anna kamer toe.

Anna hoor nog lank stemme toe sy in haar bed lê. Sy herkou aan die aand se gebeure, maar raak dan skielik aan die slaap en begin droom: Sy sien hoe haar pa ’n pragtige koedoebul in die Bosveld doodskiet. Daarna is sy in haar pa se geweer- en dierkopkamer. Sy sien Sebast se kop ook teen die muur. (Sebast, ’n vegetariër en ondersteuner van Greenpeace het altyd met sy pa vasgesit oor die jagtery. Marius het op ’n keer Greenpeace aangeval deur te sê hulle beywer hulle so vir diere se lewens, maar vernietig menselewens tydens hulle protesaksies. Sebast het sy pa se betrokkenheid by die weermag gekritiseer. Marius het homself verweer deur te sê hulle het teen Kommunise geveg. Die argument het geëindig toe Sebast uitstorm en Marius sarkasties agterna roep dat hy seker nou na sy “geel vriend” op pad is.)

Sy skrik wakker en sien ’n bekommerde Brody wat vra hoekom sy so onrustig geslaap het. Anna antwoord dat sy nie daaroor wil praat nie.

### 11.10 Dief

Anna dink daaraan dat sy eintlik baie broos is en dat veral Ching-kung en Brody haar baie beskermd laat voel. Brody het vir Anna aangesê om vir ’n dag by die huis te rus. Elise is in die hospitaal en dit blyk dat sy nie ’n letsel sal oorhou as sy laserbehandeling ondergaan nie. Haar dwelmprobleem blyk ernstig te wees en Ching-kung sê dat sy in ’n rehabilitasiesentrum opgeneem sal moet word. Julian is in die tronk omdat hy crack op hom gehad én vir Elise beseer het. Sy sal dalk ’n getuie in die saak moet wees en sal nie self van enigiets aangekla word nie. Ching-kung bly by Anna toe Brody vertrek en Florence bederf hulle met ’n reuseontbyt. Anna merk op dat hy pynlik netjies eet en skrik toe hy haar daaraan herinner dat haar ouers oor twee dae terugkeer. Hy dring daarop aan dat hulle twee die Meyer-egpaar op die lughawe gaan haal sodat hy met haar ouers kan praat. Hy gaan versorg die tuin en Anna besluit om Elise se kamer van dwelms skoon te maak voor haar ma-hulle se terugkeer. Florence het die kamer skoongemaak, maar Anna vind tog, na nadere ondersoek, dat die kamer bo blink, maar onder stink is. Elise is gewoonlik baie netjies en nie geheimsinnig nie. Anna voel soos ’n dief toe sy op Elise se weggesteekte dagboek afkom en besluit om dit te lees. Die dagboek is kripties aangesien Elise eerder met beelde kommunikeer. Sy lees die inskrywings tussen 5 Mei en 28 Junie. Elise verwys na Sebast wat al twee maande dood is. Sy beskryf die eerste fase van haar ontmoeting en die ontwikkeling van haar gevoelens vir Julian. Op 7 Junie begin sy skryf van die “salige” crack wat haar van haar probleme laat vergeet. Kort daarna skryf sy oor hoe duur die gebruik daarvan raak, dat haar geld op is en dat sy niks meer het om te verpand nie. Voor die inskrywings stop, beskryf Elise die hel waardeur sy nou gaan en sy smeek om hulp. Anna ontdek naakfotos van Julian in die dagboek en sy is opnuut woedend vir hom. Sy soek troos op Elise se bed, maar ervaar net nog meer woede.

Voor sy die foto’s opskeur, besef sy dat sy blind was vir hoe platvloers en walglik Julian eintlik is. Sy blameer haarself dat sy nie vir Elise gewaarsku het nie en toe skeur sy die bladsye wat sy gelees het, uit die dagboek. Sy verbrand die flenters in die kaggel en sien flitstonele in haar geestesoog van die gebeure rondom Elise en Julian se dwelmgebruik. Nadat sy gestort het, vind sy Ching-kung in die tuin en hy wys hartseer na bolplante wat hy en Sebast geplant het. Hulle gaan binnekort blom.

### 11.11 Soen

Marcel verras Anna met 'n besoek later daardie dag. Sy maak haarself vinnig mooi terwyl Ching-kung vir Marcel ontvang. Marcel is baie modieus aangetrek, ruik wonderlik en Anna se hart bokspring. Hy het gekom vir morele ondersteuning na al die dramas en om te repeteer. Anna val weg met 'n toneel en gou is sy in Marcel se arms. Beide raak baie opgewerk, maar word onderbreek deur Ching-kung wat kom afskeid neem. Hy sê Florence het vir hulle kos gelos, maan haar om haarself te staal vir haar ouers se terugkeer en spot haar oor die aantreklike Romeo saam met wie sy so "oortuigend" Juliet speel.

Anna se uitgelatenheid oor Marcel ken nie perke nie en sy besef dat sy te midde van al die nagmerriegebeure in haar lewe, haar nou in 'n wonderlike droom bevind. Hulle geniet Florence se Sondagkos, voer mekaar, maar Anna is tog bekommerd dat hulle seepbel kan bars. Anna vertel vir hom van al haar vrese, probleme en deel van haar diepste geheime. Sy is bang vir haar stroewe ma en soms aggressiewe pa se reaksie met hul terugkeer. Sy vrees dat die ontmoeting tussen Ching-kung en haar pa gewelddadig mag raak. Marcel deel met haar dat sy ouers hom in 'n jappie, mediese rigting wil dwing en dat hy eerder iets anders soos toneelspeel of wildbewaring wil doen. Mense dink hy is dom en hy werk ekstra hard om hulle verkeerd te bewys. Net soos vir Anna is openingsaand vir hom belangrik sodat hy ook sy vernuf kan tentoonstel.

Toe hulle later sit en na musiek luister, praat sy oor die beeld van die skilpoppe waar mens figuurlik na jouself soek om die ware jy te vind Anna sê dat sy nog nie by die kleinste Anna-poppie uitgekom het nie. Kort voor middernag moet 'n teësinnige Romeo sy teësinnige Juliet verlaat. Hulle afskeidsoen is lank en diep.

Ná Ching-kung se terugkeer, drink hy en Anna tee en hy soen haar teer nag voor hy in Elise se kamer gaan slaap.

### 11.12 Bloed

Die Meyers se vlug is twee uur laat. Ching-kung kom agter Anna is vreeslik op haar senuwees oor sy herontmoeting met haar ouers. Hy sê daar gaan dalk 'n onaangenaamheid wees, maar hy is vasbeslote om by sy aangenome familie betrokke te bly. Hy onderneem ook om hulle van die situasie met Elise te vertel. Anna kyk na die mense in die aankomssaal en wonder wat hul lewenstories is. Na aanleiding van Ching-kung se opmerking dat bloed dikker as water is, ervaar Anna 'n terugflits van haar broer se selfmoordtoneel. Sy het daarop afgekom. Ching-kung moedig haar aan om nie die bloedige herrineringe te onderdruk nie sodat sy vrede daarmee kan maak. Anna is nog nie gereed nie. Ching-kung kyk op Sebast se horlosie en sê dat dit hom laat onthou hoe kosbaar die lewe is. Nadat die vliegtuig geland het en die passasiers begin aankom, besef Anna hoe 'n sterk band daar eintlik tussen bloedfamilie bestaan. Marius is baie geskok toe hy Ching-kung sien en dit is duidelik dat Helena hom maan om homself in toom te hou. Marius is woedend en ignoreer Ching-kung terwyl hy vir Anna met 'n klapsoen groet. Helena probeer beheersd voorkom, maar tree baie formeel op. Eers weier Marius om saam met Ching-kung te ry, maar gee later bes toe Ching-kung hulle inlig oor Elise se situasie. Die besonderhede van die gebeure laat die ouers verdwaas en Marius raak effens bewoë. Tyfens die rit huis toe aanvaar Anna skuld vir die feit dat hulle nie die Meyers vroeër laat weet het nie, en sê dat sy beter na Elise moes omsien. Haar ma sê sy is net 'n kind en hulle moes nie oorsee gegaan het nie. Ching-kung sê hulle moenie die skuldlas probeer bepaal nie en dat hulle nou op Elise moet fokus. Dit lyk asof Marius luister na wat Ching-kung te sê het. By die huis tref hulle Florence en Melina aan. Helena sê sy het baie voorraad vir die winkel aangekoop en Marius is tevrede met die toestand van sy Koi's. Anna benadruk dat Ching-kung haar baie gehelp het.

Die gesin besoek ’n huilerige Elise in die hospitaal en die ouers probeer haar troos. Anna hou haar vas. Helena bring blomme en toe Elise haar desperaat smeek om vergifnis, sê Helena dat dit hulle skuld is en dat hulle nie oorsee moes weggehardloop het nie.

Elise word die dag daarna oorgeplaas na ’n rehabilitasiesentrum en is onder die sorg van dokter Snyman. Sy gaan deur hel en verbreek tydelik kontak met haar gesin. Helena en Marius koester vir Anna en moedig haar aan om ook met die dokter oor haar gevoelens te praat. Anna vra dat sy vir eers net wil fokus op die toneelopvoering.

Marius gee vir Anna ’n pragtige stel skilpoppe en skryf liefdvol in ’n briefie dat sy nooit te groot sal wees om pop te speel nie. Anna doop dit Juliet, maar raak een aand verward toe sy die poppies uitmerkaar gehaal het en nie mooi weet watter een Juliet is nie.

### 11.13 Tulp

Dit is openingsaand en die akteurs wag gespanne vir die vertoning om te begin. Brody sê vir oulaas Anna moet in haar vertolking opbou na die toneel waar sy vir Romeo dood aantref. Sy moet daardie toneel met rou emosie speel. Anna en Thoko word geroep om hulle tonele in die eerste bedryf te gaan speel. Die werklike spanning tussen Therese en Anna en die werklike vriendskap tussen Thoko en Anna dra gepas by tot hul onderskeie vertolkings. Anna se ouers en Ching-kung is in die gehoor, maar Anna mis Elise en Sebast se teenwoordigheid. Anna word geroer oor die raakpunte van verlies tussen haar en Juliet, maar skerts ook soms skelmpies met Thoko. Die toneelstuk vlot en Anna en Marcel speel hul gemaakte liefdesverhouding baie goed as gevolg van die werklike liefde wat hulle vir mekaar ontdek het.

Ná die einde van die derde bedryf, sien Anna hoe Marcel intens met Therese praat en dit laat haar huil en baie bedreigd voel. Alhoewel Marcel probeer om haar gerus te stel, is sy so ontsteld dat haar vertolking in die vierdie bedryf platval. Brody raas toe sy hoor wat Anna so ontstel. Sy sê Anna moet op iets anders probeer fokus Gelukkig hoef Anna daarna net te speel asof sy dood is. Sy voel vreeslik en verstaan amper hoe Sebast gevoel het omdat die teleurstelling haar lewelus geblus het. Anna soek desperaat na iets om haar komende sterwenstoneel te laat werk. Uiteindelik sluit sy Sebast/Romeo se denkbeeldige kamer in Juliet se denkbeeldige huis oop. Sy herlewe die dag toe sy Sebast, bebloed en sterwend ontdek het. Sy sien Sebast se harsings, hoe sy hom op haar skoot trek en hoor haar geskokte pa uitroep en haar ma wat ontsteld haar pa blameer vir die selfmoord. Op die verhoog word die dooie Romeo vir haar Sebast. Sy leef haar ten volle by die toneel in, praat met Juliet se woorde en steek vir Juliet met die kammames dood.

Die gehoor klap ekstaties hande en Brody sê Anna se briljante vertolking is een van die bestes wat sy nog gesien het. Almal wens die betraande Anna geluk en toe Marcel haar vasdruk, besef sy hy is nog lief vir haar. Thoko stel haar ma aan Anna voor en Ching-kung gee vir Anna ’n bos rooi tulpe. Dit is nie die tulpe wat hy en Sebast geplant het nie. Helena se hart vermurwe toe Anna vir haar een van die tulpe gee en sy druk haar dogter vas soos nog nooit tevore nie.

### 11.14 Tafel


Die verhouding tussen Marius en Ching-kung verbeter. Hy vertel vir Anna, toe hulle op na Elise is, dat Marius hom bedank het omdat hy na Anna en Elise omgesien het. Marius het hom selfs raad oor ’n tweede visdam gevra. Anna wil twee fotoalbums vir Elise gaan wys. Haar ma het dit gesoek om haar op te beur nadat sy bietjie af gevoel het omdat die toneeltuk verby was. Die albums bevat ou familiefoto’s.

Die kliniek is luuks en stylvol ingerig. Ching-kung sê goeie feng shui-beginsels is ook toegepas. Die twee besoekers word deursoek en ondervra om seker te maak hulle smokkel nie dwelms by die kliniek in nie. Ching-kung gaan stap in die tuin terwyl die susters giggel oor die foto’s in die

album.  Hulle sien ’n hartseer foto van Sebast, en Elise laat Anna belowe dat sy nooit dwelms sal gebruik nie.  Sy vertel hoe vernederend die ervaring vir haar was.  ’n Dwelmsmous wou eenkeer hê Elise moet hom met seks vir crack betaal.  Sy vertel Julian het haar verdedig en eindelik het sy met haar leerbaadjie betaal.  Die susters praat oor Julian wat uit is op borgtog en sy komende hofsaak. Elise wil nie teen hom getuig nie, sê sy is steeds lief vir hom, maar besef sy kan nie meer kontak met hom hê nie.  Haar liefde vir hom is soos ’n verslawing:  permanent, maar dodelik.  Sy dra haar deel van die skuld oor die verslawing, maar het net vermoed dat Julian hul ma se winkel beroof het.  Die susters praat oor Marcel en dit word duidelik dat Anna nou Marcel en Sebast op twee verskillende maniere beskou.  Toe Ching-kung en Anna vir Elise groet, bedank sy hulle vir haar kamera wat hulle ook saamgebring het.  Sy voel weer lus om foto’s te neem.

Terug by die Meyer-huis is dit nou duidelik dat Marius meer toegeneë teenoor Ching-kung optree.  Hulle voer saam die visse en praat onderhoudend oor visse in die algemeen.  Dit lyk ook of hulle nog eendag oor Sebast gaan praat.  Aan etenstafel klink die Meyers en Ching-kung glase.  Ching-kung bedank Marius in Mandaryns en spreek hom as “Baba” aan.  “Baba” is Mandaryns vir “pa”.

Dagboek van ’n
**dwelmslaaf**



**As ek uit die kliniek weg-loop, sal my familie en die vriende wat ek oorhet, my afskryf. As ek hier uitgaan, is dit na die tronk of die dood**

# OPSOMMINGSOEFENING

Op bladsye 34 en 35 is daar ’n brief wat Helena Meyer aan haar dogters skryf. Maak ’n opsomming van sewe feite in die brief, wat jy as die kernfeite, beskou. Skryf volsinne. Jou opsomming mag nie meer as 100 woorde wees nie en dui die aantal woorde wat jy skryf, onderaan jou werk aan.

Jou opsomming gaan soos volg beoordeel word:

***Nasienskaal***

| | |
|---|---|
| Kernfeite | 7 |
| Korrekte aantal woorde | 1 |
| Taalgebruik (sinskonstruksie, spelling, leestekens) | 1 |
| Formaat (volsinne en nie telegramstyl nie) | 1 |
| **TOTAAL** | **10** |

Riglyne by die nasien van die opsomming:

- Merk feite reg of verkeerd.
- Gebruik nasietekens om foute aan te dui.
- Sien net na tot die vereiste woordetal.
- Indien die vereiste woordetal met meer as 15% (m.a.w 15 woorde in dié geval) oorskry word, kry die kandidaat nul vir die hele opsomming.
- Die kandidaat verbeur die punt vir taalgebruik as daar in meer as die helte van die korrekte kernfeite taalfoute voorkom.
- Die kandidaat verbeur die punt vir formaat indien meer as die helfte van die korrekte kernfeite telegramstyl is.

**Wenen Vienna Wien**

*Liewe dogters*

*Wene bly vir my ’n wonderwerk. Die argitektuur en die Kunsmuseums bekoor my. En ek sê “my”, want soos julle kan dink, deel julle pa nie my belangstelling nie. Hy word bekoor deur die bier en Schweinfleisch in die kroeë. En soos die toeval dit wou hê . . .*

## 12. Resensies

Bestudeer die resensie van Cecile Cilliers wat in die ***Rapport*** van 17 Januarie 1999 oor ***Skilpoppe*** verskyn het. Ná die resensie volg vrae wat jou sal lei om die inhoud en struktuur van die resensie te ontleed.

# *Skilpoppe* spreek tot jong mense se harte

**Deur CECILE CILLIERS**

Rapport 17/1/99

**SKILPOPPE; Barrie Hough; Tafelberg**

IN die skilpoppe wat Anna Meyer se pa vir haar saambring uit die buiteland, herken sy haarself en haar gesin – Pa, Ma en die twee dogters.

Op die oog af ewe gelukkig, word 'n innerlike, geheime self versteek in die openbare weergawes van hulleself. Hulle is te skaam, te bang, óm die onderliggende smart en hul aandeel daaraan te ontbloot en hulleself só bloot te stel. Skuldgevoelens floreer, en elkeen soek 'n eie oplossing. Soos die poppe, moet hulle afgeskil word om by die kernweergawe uit te kom, en so ook by die onverwerkte pyn van Sebast se dood.

Met die stem van Anna Meyer, selferkende *stofpoeper, standerd agtbuksie*, vertel Barrie Hough sy redelik verwikkelde storie. Dit beweeg teen 'n stewige pas en genereer heelwat spanning, veral wat betref die ouer suster se swak keuse in kêrels en haar gevolglike dwelmgewoontes. Hough waag deur vanuit 'n meisie se blikhoek te skryf, maar dit laat hom toe om op onbetrokke wyse Sebast se verhouding met Ching-kung te beskryf. Hierdie Chinese karakter weer, gee hom die geleentheid om die Chinese taal en kultuur tot voordeel van sy storie aan te wend.

Deur haar rol as Juliet in die skoolse Shakespeare-opvoering, leer Anna om haar eie emosies te verwerk, en word haar verhoog-Romeo ook haar eerste liefde.

Die ouers is in die buiteland as al hierdie dinge plaasvind, maar daar vind hulle ook nuwe lewe in hul verhouding, en maak ná hul terugkeer vrede met Sebast se dood.

Baie sake wat jong mense na aan die hart lê, word in die boek aangeraak: dwelms, homoseksualiteit, jong liefde, omgewingsdruk, die ekologie, multi-kulturele verhoudings – en alles binne die regte waardeverband.

Die wyd-uiteenlopende stof word tot redelike geheel gesmee, maar met minder "doenigheid" sou die karakters miskien beter uit die verf gekom het. Die ouers byvoorbeeld, veral die pa, is weinig meer as skadufigure. Maar daar is wel 'n bonus in die klein kamee van die drama-onderwyseres, en die karakter van Anna Meyer in al haar vrese, onsekerheid én selfvertroue, oortuig. Om Anna se Juliet-rol tot hart van die boek te maak, en episodes in haar lewe parallel met Juliet s'n te laat loop, was 'n vernuftige idee.

Barrie Hough bereik met *Skilpoppe* miskien nie weer die diepte van *Droomwa* nie, maar hoofsaaklik deur die karakter van Anna is sy jongste jeugroman 'n goed leesbare (in alle opsigte politiek korrekte) boek wat stellig tot jong mense van albei geslagte sal spreek. Dit het dan ook die 1998-Sanlamprys vir jeuglektuur ontvang.

● *Dr. Cilliers is 'n vryskutjoernalis.*

Paragraaf 1

12.1 Lees die inleidingsparagraaf en sê of dit treffend is. Hoekom sê jy so?

12.2 Na watter belangrike motief uit die boek verwys die resensent reg aan die begin van haar resensie?

Paragraaf 2

12.3 Hoe verskil die "openbare weergawes" van die karakters van hulle ware gevoelens?

12.4 Hoekom wil die Meyer-gesin hulleself nie blootstel nie?

12.5 Hoekom, dink jy, floreer die skuldgevoelens by die Meyers?

12.6 Wat is die twee strewes wat die Meyers dalk in die "afskilproses" gaan behaal?

12.7 Sou jy sê hierdie paragraaf is 'n uitbreiding van die eerste paragraaf? Gee dit die leser 'n belangrike insig oor wat in die roman aangaan?

Paragraaf 3

12.8 Wat bedoel die resensent as sy sê die storie is "verwikkeld"?

12.9 Watter opmerking word gemaak oor die "pas" waarteen die storie beweeg?

12.10 Wat veroorsaak "spanning" in die roman?

12.11 Wat laat die outeur, Barrie Hough, toe om die gay verhouding tussen Ching-kung en Sebast op 'n "onbetrokke" wyse te beskryf?

12.12 Watter geleentheid bied die teenwoordigheid van 'n Chinese karakter vir die outeur?

12.13 Sê of jy met die volgende stelling saamstem en motiveer jou antwoord:

**Hierdie paragraaf vertel vir die leser van die positiewe aspekte van die boek**.

Paragraaf 4

12.14 Hoe sluit die hierdie paragraaf inhoudsgewys aan by die eerste twee paragrawe?

12.15 Sou jy sê die inligting wat hierdie paragraaf bevat, handel oor iets wat baie mense sal motiveer om die roman sal lees? Hoekom sê jy so?

Paragraaf 5

12.16 Watter twee belangrike aspekte van die Meyer-egpaar se karakters kry aandag in hierdie paragraaf? Watter tipe lesers sal met dié aspekte kan identifiseer?

Paragraaf 6

12.17 Wat is, volgens die resensent, 'n pluspunt van die roman aangaande die uitbeelding van jongmenskwessies?

Paragraaf 7

12.18 Sê in jou eie woorde watter kritiek op die roman gelewer word aangaande die karakters?

12.19 Sou jy sê dié paragraaf fokus oorwegend op positiewe of negatiewe aspekte van die roman?

Paragraaf 8

12.20 Wat kan mens aflei oor die resensent se kennis van Barrie Hough se oeuvre?

12.21 By wie word hierdie roman aanbeveel.?

12.22 Sou jy sê dit is betekenisvol dat daar genoem word dat die roman met die Sanlamprys vir jeuglektuur bekroon is. Hoekom?

ALGEMENE VRAE

12.23 Sou jy sê die opskrif van die resensie is treffend? Hoekom?

12.23 Verskaf die resensie genoeg inligting oor die inhoud van die roman sodat ’n leser sou kon besluit of hy belangstel om die roman te lees?

12.24 Jy het reeds die roman gelees. Sou jy sê die resensie verklap dalk te veel oor die inhoud van die roman. Indien wel, wat dink jy, moes eerder nie gesê gewees het nie?

12.25 Evalueer die resensent die roman objektief? Is die resensie onregverdig positief of dalk onregverdig negatief?

12.26 Beskou die resensent die roman binne konteks van sy teikenmark, die gees van die tyd en die breër literêre wêreld?

12.27 Sommige lesers lees nie net bloot vir hulle vermaak nie, maar wil ook geestelik en intellektueel verryk word. Gee die resensie ’n aanduiding of die roman aan hierdie vereiste voldoen?

12.28 Wat is jou algemene indruk van die spesifieke resensie?

12.29 Na aanleiding van die vrae en jou antwoorde behoort jy nou insig te hê oor hoe ’n resensie moet lyk. Kan jy nou ten minste 6 elemente identifiseer wat ’n goeie resensie behoort te bevat?

**EIENSKAPPE VAN ’n GOEIE RESENSIE**

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |
| 6 | |

**UGO-beginsels toegepas op *Skilpoppe***

**Leeruitkomste 1: Luister en praat**

Die luisteruitkoms kan veral gebruik word wanneer die video van ***Skilpoppe*** in die klas vertoon word.

- Die leerders kan daaroor besin hoekom ’n radiodrama oor *Skilpoppe* meer van die verbeelding sal verg as die video.
- Die opvoeder kan die leerders vra om aandagtig vir spesifieke inligting te luister, bv. die verskillende karakters se hantering van krisissituasies (bv. Anna wat kondensmelk eet en Ching-kung wat rustig tee maak). Hulle kan nou bv. gevolgtrekkings maak omtrent verskillende kultuurgroepe se hantering van krisissituasies (vgl. bv. Florrie, Melina en Ching-kung).
- Hulle kan ook aandagtig luister en oplet na sekere hoofgedagtes in die roman, bv. die tema van die skilpoppe of die gesin se onvermoë om Sebast se dood te hanteer. Die leerders kan nou indringende vrae hieroor stel en bv. bevraagteken waar nodig. (Het die karakters dit werklik so sleg hanteer? Hoe behoort mens so ’n groot verlies te hanteer?)
- Die leerders kan ook die strukture van die roman vs die draaiboek vs ’n radiodrama ontleed.
- Die leerders moet tydens die kyk van die video op die uitkyk wees vir tegnieke wat humor gebruik (bv. trefreëls, ironie en *understatement*).
- Die leerders moet let op die rol van die verskillende byklanke en musiek.
- Die opvoeder kan op een van die tonele in die video fokus en dan kan die leerders nieverbale strategieë soos oogkontak, liggaamstaal, die benutting van die ruimte, stemtoon en praattempo identifiseer en bespreek.
- Leerders moet kyk of hulle partydigheid, vooroordeel en propoganda kan herken. Ching-kung is bv. van die begin af partydig teenoor Julian, Julian toon rasse- en homoseksuele vooroordele. Is daar propoganda by betrokke wanneer mnr. Meyer so uitvaar teen die Green Peace-beweging?
- Die leerders kan ook let op die verskillende taalvariëteite. Hoe sou hulle bv. Elise en Anna se taalgebruik beskryf? Wie in die gesin is die groot taalpuris? Hoekom?
- ***Skilpoppe*** leen hom uitstekend daartoe om verskillende kulture met mekaar te vergelyk.
- Die leerders kan ook sekere sosiale kontekste ontleed. Dit is bv. duidelik dat die Meyer-gesin (veral mev. Meyer uit ’n gegoede familie van ’n hoë klas kom).

**Meer vir gr. 10-12**

- Leerders kan daarop let hoe Anna se luister en praat verskil volgens konteks, doeleinde en teikengroep. Kyk hoe dit verskil as haar teikengroep die gehoor, Brody, Thoko, Marcel en Elise is. Hoe varieer haar register telkens?
- Leerders behoort te weet hoe om die verskillende mondelinge genres (bv. rolspel, onderhoudvoering, paneelbespreking) te gebruik. Hier kan die opvoeder bv. wenke gee oor ’n goeie rolspel (dit moet opbou tot ’n spesifieke klimaks, die akteurs se rug moet nooit na die gehoor gedraai wees nie, ens.).
- Leerders behoort ook te weet hoe om in ’n formele en informele konteks te luister en te praat. Informeel sal bv. wees wanneer Anna en Elise praat en formeel wanneer hulle met die sielkundige of met hulle ma (wat gesteld is op keurige taalgebruik) praat.
- Leerders kan inligting versamel oor bv. die Baboesjkas, die verskillende kulture in ***Skilpoppe*** en die effek van crack en ander dwelmmiddels. Hulle kan die inligting versamel deur met kundiges te gesels en dit saam met hul navorsing sintetiseer en sodoende kennis omtrent die onderwerp konstrueer. Deur nou vanuit ’n kundige perspektief te gesels, kan hulle hul eie mening lug en

help om sekere probleemoplossings voor te stel (bv. hoe Elise se dwelmprobleem hanteer behoort te word of oor hoe die gesin saam die dood van Sebast kan verwerk).

- Deur krities na die video te kyk en te luister, kan leerders die onderliggende waardes en houdings van karakters herken. Anna vel eers in ’n baie latere stadium ’n korrekte waarde-oordeel oor Julian, terwyl sy van die begin af net deur sy voorkoms beïndruk is. Wie van die leerders het al vroeër die “ware” Julian leer ken?
- Daar is defnitiewe vooroordele by Julian, mnr. Meyer en Therese te bespeur. Die leerders moet dit dadelik kan uitwys.

**Leeruitkoms 1: Praat**

- Leerders kan hul idees en gevoelens op ’n kreatiewe, ekspressiewe manier oordra deur bv. ’n toneeltjie uit ***Skilpoppe*** op te voer of ’n gedig oor Sebast se dood te skryf wat hulle voordra.
- Leerders kan hul idees, feite en menings gee oor uitdagende onderwerpe soos homoseksualiteit, dwelmmisbruik en ’n disfunksionele gesin. (Gebruik bv. ’n paneel- of forumbespreking.)
- Leerders kan werk aan gevorderde tegnieke vir onderhoudvoering deur bv. ’n onderhoud met Brody te voer oor die komende opvoering van *Romeo and Juliet* of ’n verslaggewer kan ’n onderhoud voer met ’n polisieman by die toneel waar Julian in hegtenis geneem word. Sekere leerders kan dit selfs waag om die sielkundige te wees tydens sy sessies met Elise en Anna.
- Leerders kan interaksievaardighede beoefen deur aktief aan besprekings soos homoseksualiteit, dwelms, kommunikasie binne gesinsverband en kulturele verskille deel te neem. Hulle kan bv. belangrike vraagstukke soos die regte en erkenning van homoseksuele mense en die etiese kwessie van jag (mnr. Meyer en sy bokkoppe) bespreek en ondersoekende vrae stel. Opponerende standpunte kan met mekaar probeer onderhandel om ’n kompromie te bereik.
- Leerders kan daaraan werk om hul eie standpunte oor bg. aktuele kwessies te formuleer en te motiveer.
- Hulle kan ook ’n sensitiwiteit vir ander se regte ontwikkel (vgl. bv. mnr. Meyer wie se houding teenoor homoseksualiteit meer verdraagsaam word). Hulle kan ook Julian se onsensitiewe en diskriminerende taalgebruik bevraagteken.
- Leerders kan tydens die lees van ***Skilpoppe*** en aktiwiteite soos rolspel fokus op die gebruik van pouses, die wisseling van tempo en volume op strategiese plekke. Hulle kan ook aandag skenk aan liggaamshouding, gebare, liggaamstaal en gesigsuitdrukkings. Hulle kan bedag gemaak word daarop om die regte register, stemtoon en formaliteitsgraad te gebruik.
- ***Skilpoppe*** kan ook uitstekend werk om verskillende sosiale en kulturele konvensies te verduidelik, bv. Melina se streng Griekse opvoeding, Ching-kung se hoflikheid en die Chinese aanspreekvorme en Florrie se geloof en bygeloof. Leerders kan ook daarop let hoe Anna anders met Elise praat as bv. met haar ma en Brody.
- Leerders kan gevra word om te besluit waar die klimaks in die boek is.
- Leerders kan Barrie Hough se belangrikste standpunte en perspektief bespreek nadat hulle die boek gelees het.
- Leerders kan redenasies ontwikkel en gebruik oor aktuele sake wat Barrie aanraak (bv. homoseksualisme en dwelmmisbruik). Hulle kan hul redenasies op ’n logiese manier aan die luisteraar/leser probeer stel en moontlike reaksies en teenkanting antisipeer. Hulle kan teenargumente en alternatiewe verskaf. Hulle kan verder gaan soek na relevante feitelike inligting en statistiek om hul argumente met meer selfvertroue te staaf. Hulle kan ook vanuit hul eie ervaring of dié van iemand naby hulle praat. Hulle kan vrae vra en afleidings en analises maak na aanleiding van argumente op die tafel. Mens kan bv. ’n heerlike klasdebat oor die aanvaarding van homoseksualisme, die redes vir wanfunksionele gesinne en die oorsake van

toenemende dwelmmisbruik onder tieners hou. Dit is ’n baie goeie “slypskool” vir debattering en openbare redevoering.
- Die opvoeder kan paneelbesprekings oor aktuele kwessies hou wat skakel met die boek, bv. die kerk se houding teenoor homoseksualiteit, MIV/Vigs, Nigeriese dwelmsindikate (daar is bv. die insident waartydens Elise amper haar liggaam vir dwelms moes verkoop). Die paneel kan uit “kenners” bestaan en die res van die klas kan hulle dan bestook met vrae. Die opvoeder kan aan die leerders uitwys wanneer ’n spreker of bron dubbelsinnig is, bewyse verkeerd gebruik of ongeldige stellings maak. Die opvoeder kan die leerders attent maak om hierdie soort van foutiewe redenering te herken en uit te wys. Hierdie paneelbespreking is ook ’n waardevolle oefening in debattering en kom veral met die “kruisverhoor” ooreen.


**Leeruitkoms 2: Lees en kyk**

- Die leerders kan ***Skilpoppe*** vir genot en inligting (bv. oor disfunksionele gesinne, tienerprobleme) lees. Die opvoeder kan hul uitvra oor hul persoonlike reaksies op die boek. Diegene wat dit geniet het, kan ’n gemotiveerde aanbeveling maak.
- Indien leerders van Skilpoppe gehou het, kan hulle bv. van sy ander boeke verken- of vluglees om te kyk of die betrokke boek ook in hul smaak val. Hulle kan dan die boek volledig deurlees, hetsy vir plesier, ’n inskrywing op ’n leeslys of ’n verdere kennismaking van Barrie Hough se oeuvre. So ontwikkel die leerder as ’n leser deurdat hy ’n voorliefde vir sekere skrywers of temas ontwikkel.
- Leerders moet die teikengroep van die teks kan aandui. Is ***Skilpoppe*** geskik vir gr. 10-leerders? Sal jonger lesers of volwassenes ook aanklank by die boek kan vind?
- In ***Skilpoppe*** word die hoofgedagte van elke hoofstuk deur die titel gegee. Die leerders kan nou net besonderhede in elke hoofstuk gaan soek wat by die hoofgedagte pas. In die hoofstuk *Dief* bv. lyk dit op die oog af of Anna die dief is omdat sy tussen Elise se persoonlike besittings rondkrap. As mens egter tussen die lyne lees, kom jy agter dat hier ook na Julian verwys word as ’n dief wat Elise se lewe gesteel het.
- In hoofstuk 13 in hierdie gids word die leerder baie leiding gegee oor die maak van opsommings. Daar is verskeie voorbeelde, teoretiese riglyne en dan ook ’n opdrag.
- Leerders moet die geldigheid van argumente beoordeel, bv. mnr. Meyer se besware teen die Green Peace-beweging, en dan self gevolgtrekkings maak.
- Leerders moet verskillende standpunte bespreek, bv. Anna, Brody, Therese, Elise en Thoko se standpunte oor die eienskappe van die aktrise wat Juliet moet speel.
- Leerders moet kan onderskei tussen *mening* en *feit.* Is die volgende voorbeelde op bl. 73 bv. *feite* of *menings*? Pa meen die Greenpeace-organisasie is terroriste omdat hulle bote en installasies opblaas en mense doodmaak.
    - Pa sê dat oorlog diensplig is.
    - Pa sê dat hulle oorlog moes maak om die Kommuniste te keer.
    - Greenpeace beywer hom vir die beskerming van walvisse.
- Leerders moet die hoofkenmerke van die roman (en selfs die draaiboek en hoorspel) ken en sê hoe dit bydra tot die funksie van ***Skilpoppe***. Dit sal natuurlik makliker wees as die opvoeder die video in die klas vertoon en vir hulle stukkies van die draaiboek wys.
- Die leerders sal ***Skilpoppe*** goed verstaan indien hulle die doel daarvan snap en sien hoe dit met hul eie leefwêreld skakel. Deur dit reg te kry, sal die opvoeder die intrige, temas, waardes, karakters en ruimte/agtergrond met hulle moet bespreek (soos deeglik ontgin word in hoofstukke 6, 9 en 10 van hierdie gids).

- Die leerders moet die literêre tegnieke en taalgebruik wat in ***Skilpoppe*** gebruik word, ontgin. By taalgebruik sal die leerders bv. vergelykings moet tref tussen verskillende karakters se taalgebruik en wat dit omtrent hul agtergrond onthul. Hulle sal ook die taalgebruik van Anna en Elise moet probeer plaas.
- Die voorblad van ***Skilpoppe*** leen hom tot ’n heerlike visuele ontleding. Watter impak het die omslag bv. op die leser as hy die boek optel?
- Met die video in die klaskamer kan die opvoeder gaan kyk na verskillende kamera- en filmtegnieke en hoe effektief dit was. Met ’n begroting van 11 miljoen kon die ***Skilpoppe***-video nie met gesofistikeerde kameralegnieke gemaak word nie.Laat die leerders let op die beligting (en die simboliek daarvan), die spoed/tempo waarteen die storie beweeg en die uiteindelike kombinasie van klank en beelde.
- Leerders kan krities kyk of hulle die skrywer se standpunt oor sekere sake kan raak lees, of daar verskuilde boodskappe is (miskien waarskuwing teen dwelmmisbruik en verdraagsaamheid teenoor homoseksualisme) en of daar vooroordeel voorkom (party video-kykers meen bv. dat die Afrikaner in ’n slegte lig gestel word).
- Leerders kan ook bespreek hoe die sosiale konteks (bv. die gegoede Meyer-gesin uit ’n hoë klas teenoor Julian wat uit ’n swak agtergrond kom) en die kulturele konteks (die goeie interkulturele verhoudings bv. met Ching-kung, Thoko en Melina) die boodskap van die roman beïnvloed.
- Leerders kan besin oor die sosiokulturele waardes (bv. die goeie interkulturele verhoudings), die omgewingswaardes (Sebast wat uit beginsel ’n vegetariër is en hom beywer vir die bewaring van die omgewing terwyl Pa as ’n jagter die omgewing uitroei) en etiese waardes (bv. homoseksualiteit).
- Elke leerder kan homself as ’n leser evalueer. ***Skilpoppe*** behoort ’n wenner by die meeste leerders te wees en slegs leerders wat glad nie van lees hou nie, het nie die boek geniet nie.

**Verdere voorbeelde vir gr. 10-12**

- Die leerders kan ***Skilpoppe*** krities evalueer en op verskeie maniere respons lewer, bv. kontekstuele vrae, tematiese vrae en ’n kritiese respons. Laasgenoemde werk baie goed in die klaskamer waar die opvoeder die skryfprogram vir die kwartaal ’n kreatiewe respons maak. Leerders kan op die manier ’n portefeulje van skryfstukke saamstel, bv. Sebast se selfmoordbrief, die kennisgewing wat die skool se produksie van Romeo and Juliet adverteer en Elise se dagboek. Twee interessante, ongewone kreatiewe response wat ons by die Hoërskool The Settlers gekry het, is (a) ’n volledige polisiedossier wat die verslag van die patoloog insluit, die sielkundige verslag vanaf Sebast se sielkundige, die verklaring wat deur Anna afgelê is (omdat sy eerste op die toneel verskyn het) en selfs die koeël wat Sebast gebruik het. (b) Een van die leerders het twee groen hande wat inmekaargestrengel is, geteken en onderaan die simboliek verduidelik – o.a. Sebast en Ching-kung se groen vingers met plante en hul werk as landskapargitekte, hul verhouding en die Greenpeace-beweging waaraan die twee van hulle behoort het.
- Deur middel van die lees met begrip van ***Skilpoppe*** word hierdie vaardighede van leerders nog verder ontwikkel wat dan ook met vrug in ander vakke gebruik kan word.
- Leerders doen kennis op omtrent toneelopvoerings, die hantering van krisisse en die onderhoudsituasie wat hulle later in die samelewing en werkplek van nut kan wees.
- ***Skilpoppe*** se voorblad is ’n baie goeie voorbeeld om leerders se vaardighede t.o.v. die ontleed van visuele tekste te ontwikkel aangesien so baie van die simbole in die roman daarop voorkom. Indien die opvoeder oor die video beskik, kan die leerders let op aspekte wat subtieler uitgebeeld word in die boek en meer eksplisiet in die video.



- Indien leerders die roman, die draaiboek en die video tot hul beskikking het, kan hulle kyk of die verskillende genres en registers ooreenstem of verskil t.o.v. doel, die teikengroep en konteks.
- Leerders indentifiseer waardes en aannames in ***Skilpoppe*** en reageer krities daarop. Daar kan bv. gekyk word na Ching-kung wat uit ’n gesin en kultuur met konserwatiewe waardes kom wat glad nie sy homoseksualiteit sal duld nie.
- Daar is ook komplekse verhoudings en verwikkelde tienerprobleme waarmee leerders kan identifiseer en wat hulle sal lei tot introspeksie oor hul eie probleme en verhoudings met ander.
- ***Skilpoppe*** se vars aanslag, verfrissende taalgebruik en deurlopende simbole kan as ’n goeie model vir leerders se eie skryfwerk dien.

**Leeruitkoms 3: Skryf en aanbied**

- Leerders kan wonderlike verbeeldingtekste na aanleiding van ***Skilpoppe*** skryf. In hoofstuk 19 is daar verskeie voorbeelde van verhalende en beskrywende opstelle, dialoë en briewe. Leerders kan selfs probeer om ’n eenvoudige kortverhaal te skryf oor onderwerpe wat by die boek aansny, bv. die liefdesverhaal tussen die motorman, Marius Meyer, en die Yskoningin uit ’n gegoede agtergrond; die ontmoeting tussen Ching-kung en Sebast; Anna se eerste optrede op Broadway. ’n Heerlike oefening sou ook wees om ’n deel van die roman tot ’n toneelstuk te verwerk (met byklanke en visuele effekte). Hier kan die video en draaiboek heelwat leiding bied. Gedigte kan ook geskryf word, bv. liefdesgedigte van Elise aan Julian of gedigte waarin Ching-kung, Anna of Ma hul hartseer oor Sebast verwoord.

- Leerders kan ook heelwat feitelike tekste skryf na aanleiding van ***Skilpoppe***. Steek weer eens kers op by hoofstuk 19 vir voorbeelde. Mens kan ook verder dink aan e-posboodskappe (bv. tussen Anna en Marcel of Anna en Elise in die kliniek), verslae soos bv. dié van die sielkundige oor Elise of Sebast, plakkate wat die opvoering van *Romeo and Juliet* adverteer, ooggetuieverslae (bv. Anna s'n wat op Sebast se lyk afgekom het of een van die ooggetuies op die ongelukstoneel waar Elise die foto's gaan neem het), koerantberigte (bv. oor Sebast se dood of die ongeluk waarvoor Elise die persfoto moes gaan neem), persbriewe (bv. die toenemende dwelmmisbruik in ons land) en 'n curriculum vitae, aansoekbrief en dekbrief wat Elise se aansoek by 'n ander koerant as persfotograaf vergesel of Anna se toelating tot 'n dramaskool of Ching-kung se aansoek by 'n landskapsargitek.
- ***Skilpoppe*** kan ook uitstekend gebruik word om gevorderde vaardighede en skryftegnieke by leerders te ontwikkel. Hulle kan bv. let op die ontwikkeling wat by karakters soos die Yskoningin en Pa plaasvind en dan dieselfde probeer doen met karakters soos Julian en Elise. Dis 'n baie goeie oefening in karakterontwikkeling. Leerders kan sekere ruimtes in die boek gaan naslaan en dan verder probeer beskryf, bv. die tuin met die koi-dam of die eetkamer. As 'n opvolgoefening kan leerders dan ruimtes "ontwikkel" wat in die boek genoem word, maar nie beskryf word nie, bv. Anna se skool, die sielkundige se spreekkamer of die rehabilitasiekliniek.
- Daar is pragtige voorbeelde van beeldspraak in ***Skilpoppe.*** Leerders kan elk 'n paar gaan soek en dit in die klas kom bespreek. 'n Opvolgopdrag sou dan wees om 'n gedig te skryf waarin hulle van beeldspraak gebruik sou maak.
- Voordat leerders met 'n skryftaak begin, kan hulle navorsing gaan doen en aantekeninge maak oor bv. die gebruik van crack of hulle kan tydens 'n dinkskrum idees wissel in die klas. Dit kan lei tot goeie idees en 'n deeglike kennis van die onderwerp.
- Leerders kan dan beplanning doen aan die hand van 'n kopkaart (bv. die struktuur van 'n opstel oor 'n dwelmverslaafde) of vloeidiagram (bv. die verskillende stappe in Elise se agteruitgang, die groot krisis in haar lewe en uiteindelike opbou).
- Leerders kan nou die kopkaarte en vloeidiagramme gebruik om hul idees oor die onderwerp samehangend en logies weer te gee. Hierdie konsepweergawe kan 'n paar keer oorgeskryf word totdat die leerder tevrede is daarmee.
- Die leerder moet nou sy finale konsepweergawe krities bekyk en eerstens besin of dit aan die doel van die opdrag beantwoord (Is dit bv. 'n verhalende opstel?), of hy sy teikengroep bereik, wat die leser se reaksie gaan wees, of sy taalgebruik gepas is of pas by die onderskeie karakters en of hy hom nie skuldig maak aan partydigheid nie.
- Leerders kan nou hul eie werk proeflees en let op dinge soos punktuasie, spelling en paragrafering. Die opvoeder kan 'n leidende rol in hierdie verband speel deur tipiese foute wat by hierdie spesifieke soort skryfstuk voorkom, uit te wys.
- Leerders kan nou die finale produk skryf en verdere aandag gee aan 'n meer komplekse aanbiedingswyse, bv. 'n treffender inleidende paragraaf, die effektiewe gebruik van die ellips, ens.
- Leerders kan nou ook mekaar se skryfwerk evalueer en aanbevelings maak. Die opvoeder kan die nodige leiding gee om 'n sensitiwiteit by leerders te kweek wanneer hulle terugvoering gee oor ander leerders se werk.
- ***Skilpoppe*** met sy vloeiende storiegang, informele taalgebruik en simboliek is 'n goeie skryfmodel vir leerders.

**Verdere voorbeelde vir gr. 10-12**

- Aan die hand van ***Skilpoppe*** kan leerders oefen om vir verskeie teikengroepe en met verskeie doeleindes te skryf. Leerders kan bv. let op Ma se brief uit Rusland wat gerig is aan Anna en

basies ’n beskrywing van Moskou is. Leerders kan nou oefen om dieselfde brief oor te skryf met verskillende teikengroepe in gedagte (bv. aan een van haar klante in Suid-Afrika, Ching-kung of aan Melina). Die doeleindes van die brief kan ook wissel (teenoor die klant raak sy liries oor die Oos-Europese volkskuns waarop sy afgekom het, met Ching-kung bespreek sy die pragtige tuine in Moskou en teenoor Melina klink sy besorg oor haar kinders).

- Dit is belangrik dat leerders gereeld moet skryf. Die opvoeder kan die eerste vyf minute van ’n les oor ***Skilpoppe*** gebruik om kort skryfopdraggies uit te oefen. Hulle kan bv. ’n opsomming maak van die voorafgaande hoofstuk, of ’n e-pos skryf van Anna aan Ching-kung, of ’n poskaart vanaf Pa uit Moskou of die dialoog tussen Anna en Brady.
- ***Skilpoppe*** leen hom uitstekend daartoe dat leerders visuele of oudio- en multimedia tekste na aanleiding van die boek skryf. Hier kan die video en draaiboek van groot waarde wees. Sien hoofstuk 20 vir verdere idees. Met die elektroniese media tot sy beskikking kan leerders bv. selfs ’n Powerpoint-aanbieding doen (miskien een wat Pa saamstel oor motoronderdele wat hy in die Ooste gesien het en nou aan voornemende klante wil wys, of een wat Ma saamstel oor die Oos-Europese volkskuns of Baboesjkas wat sy aan voornemende verskaffers in Suid-Afrika wil wys of een oor hulle vakansie). Met die Internet tot hulle beskikking is dit baie maklik vir leerders om toegang tot hierdie soort inligting te kry (bv. prente oor Moskou en Praag).
- Wanneer leerders navorsing oor ’n onderwerp moet doen (bv. oor die effek van crack), kan hulle saam die beplanning doen om te besluit watter benadering gevolg gaan word (bv. Internet- en biblioteeknavorsing, ’n besoek aan SANRA, onderhoude met kenners en ’n moontlike onderhoud met ’n gewese dwelmverslaafde), die inwin van verskillende perspektiewe (bv. ’n oudverslaafde, mediese dokter en predikant s’n) en verdere bronne (bv. koerantargiewe, dokumentêre films en gespesialiseerde biblioteke).
- Tydens die verkryging van die inligting leer die leerders om te kies, te orden, lysies te maak, te vertaal, bronverwysings te verkry en hul inligting dan te verwerk in bv. ’n grafiese voorstelling of opsomming. Hulle leer ook om nie sommer goedsmoeds enige bron te vertrou nie, maar selektief te werk te gaan.
- Leerders moet die werkslading verdeel, maar saamwerk om ’n samehangende projek te lewer.
- Die aanbieding moet kreatief wees en kan visualiseer, voorspellings maak (bv. oor die toe- of afname van crack-gebruik in Suid-Afrika), leerders kan hipoteses stel (bv. oor die redes waarom tieners toenemend crack gebruik) en dit dan ondersoek, hulle kan kyk na kulturele verskille en miskien kyk na die verskillende terminologie in verskillende tale. Die aanbieding kan in die vorm van ’n rolspel, dans, skryf of teken wees.
- Leerders kan mekaar se aanbiedings evalueer deur te let op die akkuraatheid en gehalte van inligting, die taalgebruik en die standpunte gestel. Hulle kan dan kritiese vrae vra, standpunte bevraagteken, stereotipes bevraagteken en, belangrik, hul eie standpunt aanpas. Leerders moet geleer word om nie halsstarrig aan hul eie standpunte vas te klou nie, maar toe te gee en aan te pas.

**Leeruitkoms 4: Taal**

Alhoewel die behandeling van ***Skilpoppe*** in die klas nooit in ’n formele taalles sal ontaard nie, is terloopse, informele taalonderrig tydens die lees van die boek van groot waarde en word dikwels goed vasgelê omdat dit binne konteks verduidelik word.

- Die leerders kan ’n ***Skilpoppe***-spellys skep waarin hulle alle moeilike of nuwe woorde opteken. Moedig leerders aan om die woordeboek te gebruik om onbekende woorde na te slaan.

- Barrie Hough maak gereeld gebruik van nuutskeppings soos trooskos en stofpoeper. Leerders kan die betekenisse daarvan nagaan en aangemoedig word om self neologismes te skep.
- Spelreëls kan lukraak vasgelê word. Op bl. 73 kan die gebruik van die deelteken bespreek word in woorde soos vegetariër, potensiële en geëet. Op dieselfde bladsy is daar woorde soos millennium en kommunisme wat gereeld verkeerd gespel word.
- Die opvoeder kan tyd afstaan aan die gebruik van die hoofletter in woorde soos Die Kamer, Bosveld, Greenpeace-organisasie en Pa/my pa.
- Wys op die verskille wat voorkom tussen die gebruik van direkte rede in ’n dialoog en in ’n teks soos ***Skilpoppe***.
- Maak leerders daarop attent dat tale woorde by ander tale leen en bespreek die hele kwessie rondom Anglisismes met hulle. Vind hulle die gebruik van soveel Engelse woorde en uitdrukkings soos paartiekamer aanvaarbaar?
- Daar moet gereeld gewys word op sinonieme, antonieme, homofone, homonieme en paronieme. Dit sal die teks ook meer verstaanbaar maak vir die leerders. Op bl. 72 is daar die volgende voorbeelde:

  **Antonieme**: Om my is die gloed van ’n <u>sonsopkoms</u>.
  Ek giggel toe hulle <u>formeel</u> hand skud.
  **Homofone**: Pa staan ’n <u>ent</u> voor my.
  **Homonieme**: Hy het ’n geweer en lê aan in die <u>mik</u> van ’n <u>boom</u>.
  **Sinonieme**: Ek sien die effense <u>trilling</u> van sy neusvleuels soos hy die wind <u>snuif</u>.
- Leerders kan geleer word om te onderskei tussen die soorte sinne. Op bl. 69 kry ons die volgende voorbeelde:

  **Stelsin**: Julian staan en wieg.
  **Vraagsin**: “Vloek jy my, spleetoë?”
  **Bevelsin**: “Vat jy die horlosie vir jou.”
  **Uitroepsin**: “’n Wit kar in dié lig! En jy het dit nie gesien nie!”
- Leerders kan bewus gemaak word van die effektiewe gebruik van tydsvorme. Skilpoppe is in die teenwoordige tyd geskryf wat ’n gevoel van onmiddellikheid skep. Die verlede tyd word effektief vir terugflitse gebruik.
- Leerders moet verstaan hoe woordorde die betekenis kan beïnvloed. Op bl. 51 sê Anna: “By die skool flits periodes verby.” Hoe verskil dit in betekenis van die normale woordorde: “Periodes flits verby by die skool.”
- Die lydende vorm kom weinig voor in ***Skilpoppe***. Leerders kan op die uitkyk wees daarvoor en dan verduidelik hoekom dit funksioneel is binne die spesifieke konteks. Op bl. 58 word daar bv. gesê: “ Melina is so gegooi deur die diefstal . . .” As mens verder lees, sien jy dat die fokus op Melina se ontsteltenis geplaas word en nie soseer op die diefstal nie.
- Leerders kan gewys word op die gebruik van die ontkennende vorm. As jy ’n saamgestelde sin het, het jy dikwels vier nie’s in die sin. Op bl. 59 sê Melina: “Was dit <u>nie</u> vir haar <u>nie</u>, het ek baie dinge <u>nie</u> geweet <u>nie.</u>” Op bl. 60 is daar die voorbeeld: “Sy het my <u>nooit</u> gekritiseer nie.” Die leerders moet woorde soos <u>ooit</u> wat <u>nooit</u> in die Negatief raak, ken.
- Leerders kan baie by ***Skilpoppe*** leer wat die vorming van paragrawe betref. Hulle kan bv. daarop let hoe hy die paragraaflengtes afwissel.
- Leerders kan let op die gebruik van verbindingswoorde om ’n logiese denkpatroon in ’n paragraaf te vorm. Op bl. 60 begin die paragraaf met ’n verbindingswoord om aansluiting by die voorafgaande paragraaf te vind.

  “Terwyl ek so luister na Melina, hoor ek Ma se korrekte Afrikaans.”
- Leerders moet waak teen woordherhaling in ’n paragraaf, maar tog let op die effektiewe gebruik daarvan. Op bl. 63 word die woord <u>stemmetjies</u> effektief herhaal:

Stemmetjies klink iewers op. Uit die kombuiskas uit. Klein blik-stemmetjies wat roep: “Drink my! Drink my!”

- In ***Skilpoppe*** kan die leerders bewus gemaak word van styl: Barrie gebruik verskillende sinslengtes en sinsoorte, daar is ’n onderskeid tussen formele en informele taalgebruik en word gepas en effektief gebruik en die idiomatiese taalidioom word gepas en kreatief gebruik. Idiome moet nooit geforseerd gebruik word nie en nuwe, vars uitdrukkings (soos in ***Skilpoppe***) is altyd effektief. Wat dink julle van die volgende:
  Bl. 1: “Jy kon my klap met ’n nat vis toe ek die rol van Juliet gekry het. Ek, Anna Meyer, stofpoeper . . .”
  Bl. 9: “Ma het hom net so gekyk, haar blou oë twee helder skilderytjies agter die glase van haar bril.”
  Bl. 11: “Ma het die sin nek omgedraai en is gang af.”
  Bl. 31: “Elise lyk of sy agteruit deur ’n doringbos getrek is toe sy ’n ruk ná ons by die huis kom.”
  Bl. 44: “ Anyway, daar staan ek toe soos ’n klip. My rug is ’n besemstok en my hande twee trosse piesangs.”
  Bl. 45: “Ek lig my hand, vee die komma uit sy gesig.”
  Bl. 53: “Dit voel of ’n korfbal my in die maag tref.”
  Bl. 64: “Dit voel of ek in my kop skreeu.”
  Bl. 71: “Toe hulle my en Elise met vrae bestook, is my vel al flippen dun.”
  Bl. 75: “Ek is ’n geslypte wynglas in tissue-papier toegedraai.”
  Bl. 75: “Ek bedoel, dis soos ’n lisensie vir stokkies draai.”
  Bl. 82: “Ek rol die woorde heerlik in my mond rond. Ek proe hulle. Die smaak is soos dié van romerige sjokolade.”
  Bl. 83: “Dit voel of ek en Marcel in ons eie seepbel ronddryf.”
  Bl. 87: “Oor party van die mense wat verlep saam met ons wag, versin ek stories.”
  Bl. 88: “Die anemoon van my herinnering trek styf toe . . .”
  Bl. 89: “Ma dra ’n masker van beheersing.”
  Bl. 91: “Ma sit nog soos iemand wat deur ’n stun gun in ’n sci-fi movie getref is.”
  Bl. 95: “Therese kyk gifpyle.”
- Leerders kan deur ***Skilpoppe*** ’n kritiese taalbewustheid ontwikkel. Ontleed bv. die gebruik van woorde wat ’n onsensitiwiteit vir geslags-, rasse-, omgewings- en kulturele kwessies toon. Is daar enige manipulerende taalgebruik in die boek? Hier sal na Julian, Pa en Brody se woorde gekyk moet word.
- Leerders maak deeglik kennis met metataal soos “samehangend”, “logies” en “retories” in ***Skilpoppe.***

**Verdere voorbeelde vir gr. 10-12**

- Deur die bestudering van ***Skilpoppe*** gaan die leerders interaktief om met ’n verskeidenheid tekste (veral as hulle die video kyk, die draaiboek lees, resensies oor die boek bestudeer en die res van Barrie Hough se oeuvre lees). Hulle verbreed ook hul woordeskat en pas hul begrip van taalstrukture toe. Hulle ontwikkel kritiese bewustheid van die wyse waarop waardes en magsverhoudings in taal ingebed kan wees (vergelyk bv. Ma se taalgebruik en die invloed wat dit op die ander se taalgebruik uitoefen) en van wyses hoe taal ander kan beïnvloed.

## 13. Vrae oor elke hoofstuk

Die onderwyser word attent gemaak op die verskillende soorte vrae wat gevra kan word:

- Kontekstueel: Vrae word gevra na aanleiding van 'n aangehaalde gedeelte of verskeie aanhalings.
- Langer vrae kan o.a. gevra word oor die karakters, hul onderlinge verhoudings, die tema of temas, deurlopende motiewe of simbole, verwikkelinge in die verhaal.
- Cloze: Die invul van die uitgelate woord of frase in 'n leesstuk.
- Waar/Onwaar: Die leerder antwoord Waar of Onwaar op 'n stelling en gee 'n motivering vir sy antwoord.
- Ja/Nee: Die leerder antwoord Ja of Nee en gee 'n motivering vir sy antwoord.
- Veelkeuse: Verskillende moontlike antwoorde word aan die leerder gegee en hy moet die regte moontlikheid kies.
- Dialoog: Daar is 'n dialoog tussen twee karakters en die leerder moet die uitgelate gedeelte sinvol voltooi.
- Inhoudsvrae: Hoe, waar, wanneer, waarom, wat, wie en hoeveel.
- Vrae waarin die leerder moet verduidelik, vertolk, interpreteer, afleidings en gevolgtrekkings maak. Voorbeelde: Hoe weet jy . . .; Verduidelik waarom . . .; Vergelyk . . .; Kontrasteer.
- Eie menings: Hierdie vrae het nie noodwendig 'n korrekte antwoord nie en word subjektief beoordeel.

**LW: Elke hoofstuk het 'n omvattende stel vrae en die onderwyser moet maar kies watter vrae hy vir 'n toets, opdrag of aan die einde van elke hoofstuk wil gebruik.**

### 13.1 Hoofstuk 1: Maan

1. Die maan speel 'n belangrike rol in die eerste hoofstuk. Vul elke keer die ontbrekende woord in:
   Die (a) . . . van die maan spoel oor haar terwyl sy haar woorde vir ***Romeo en Juliet*** leer. Die maan laat haar dink aan die (b) . . . wat Sebast by haar oupa geërf het. Die woorde uit *Romeo en Juliet* suggereer dat die maan nie (c) . . . is nie en (d) . . . verander. [Die oorspronklike naam van die fliek wat geskep is, heet (e) . . . die sleutelwoorde uit hierdie aanhaling van Romeo en Juliet]. Anna het die maan sien opkom oor (f) . . . en was lus om saam met die buurt se honde te (g) . . . Sy onthou die kere toe sy, Sebast en Ching-kung met die (h) . . . gepla was en gemaak het of hulle (i) . . . was. Elise wil die maan (j) . . . omdat dit so mooi is. Sy los dit egter omdat dit 'n (k) . . . maan is. Die maan klim later hoër en sit vas in die (l) . . . .. . . . Uiteindelik is hy los en (m) . . . hy weer. Baie mense is deesdae bewus van die maan omdat (n) ……. Anna is self baie bewus van die maan omdat (o) ………. Hulle Aardrykskunde-onnie het dié dag aan hulle verduidelik dat die aarde enige tyd getref kan word deur (p) . . . Hy het ook vertel van die sterre wat nog steeds vir ons (q) . . . al is hulle dood. Dit is simbolies van (r) . . . wie se teenwoordigheid nog steeds helder in hul lewe is, al is hy dood. Sy wonder of hy dieselfde (s) . . . en (t) . . . as sy kan sien, al is hy dood. [20]
2. Watter soort verteller tree op in hierdie verhaal? [1]
3. Bespreek die voor- en nadele van hierdie soort verteller. [2X2=4]
4. Watter afleidings kan jy alles omtrent die hoofkarakter maak deur net op haar taalgebruik te let? [3X2=6]
5. Haal 'n sin op bl. 1 aan wat aantoon dat Anna baie verbaas was toe sy die rol van

Juliet gekry het. [2]

6. Hoekom was Anna so verbaas toe sy die rol van Juliet losgeslaan het? Gee DRIE redes. [3X2=6]

7. Hoekom, dink jy, het sy wel die rol gekry? Verskaf TWEE redes. [2X2=6]

8. Wat is sy besig om in die openingstoneel te doen? [2]

9. Het Anna ’n goeie selfbeeld? Verduidelik aan die hand van voorbeelde. [3X2=6]

10. Gee die betekenis van “svelte”:
(a) volgens die woordeboek. [2]
(b) volgens Anna. [2]

11. Waaruit kan ons aflei dat Elise ’n baie senuweeagtige persoon is? [2]

12. Wat is:
(a) Anna,
(b) Ma, en
(c) Pa se eerste indrukke van Julian? [3X2=6]

13. Lees die volgende uittreksel op bl. 3 en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

> Pa het na haar gekyk, gestreel oor sy spikkelsnor en met sy vingerpunte aan sy mooi mond gevat.
>
> Soms wonder ek hoekom ek nie, soos, Elise, sy filmster-look geërf het nie.
>
> “Ek dink Julian is drop dead gorgeous. Gooi seker gewigte vir ’n vale,” het ek gesê en my oë gerol. En amper bygevoeg dat Ching-kung Julian seker ’n “iron pumper” sou noem. Net soos Sebast voel hy vere vir spiere. “Not my scene,” sê hy. Nie dat hy bang is nie. Hy is ’n foendie in koeng foe, neem selfs aan wedstryde en tentoonstellings deel.
>
> Gelukkig het ek betyds onthou dat jy nie Ching-kung se naam voor Pa noem nie. En my besige bek beteuel ek. Net so nice as wat Pa kan wees, net so bedonnerd is hy ook soms.

(a) Wat dink Anna van Pa (soos blyk uit hierdie gedeelte)? [3]
(b) Wat doen Julian as hy gewigte vir ’n vale gooi? [2]
(c) Wat is ’n foendie? [1]
(d) Hoekom, dink jy, mag Ching-kung se naam nie voor Pa genoem word nie? [2]

14. Waaruit kan ons aflei dat Elise ’n besorgde ouer suster is? Noem TWEE dinge. [2]

15. ‘Ek huil nie meer van die lag nie.’ (p. 5)
(a) Hoekom het Anna aanvanklik begin huil? [2]
(b) Hoekom huil sy later? [2]

16. **Foto’s** is ’n deurlopende motief in die verhaal.
(a) Watter besondere band het Elise met foto’s? [1]
(b) Watter verskil is daar tussen waarneming met ’n kamera en waarneming met die oog (volgens Elise)? [2]

17. **Seksualiteit** is ’n tema wat deeglik ontgin word in die verhaal.
(a) Watter aantrekkingskrag het Julian aanvanklik vir Elise? [2]
(b) Watter reaksie toon Elise as Anna skalks na ’n vryery tussen haar en Julian verwys? [2]

18. Hoekom sou jy Brody as:
(a) eksentriek en
(b) ’n goeie dramaonderwyseres beskryf. [2X2=4]

19. Marcel speel Romeo.
(a) Met wie word Marcel vergelyk? [1]
(b) Op grond waarvan word Marcel met hierdie persoon vergelyk? Gee TWEE redes. [2]

20. Hoekom kry Marcel lekker oor Theresa? [2X2=4]
21. Ons leer Sebast deur Anna se oë ken. Noem TWEE karaktereienskappe van hom soos blyk uit hoofstuk 1. [2]

22. Waar bevind Anna se ouers hulle? [1]

23. Wat is die verskil tussen ’n astroloog en ’n astronoom? [2]

**13.2 Hoofstuk 2: Wierook**

1. ‘Ma wou alleen gegaan het.’
(a) Watter DRIE lande wou Ma tydens haar oorsese reis besoek? [3]
(b) Wat was die praktiese rede vir haar oorsese besoek? [3]
(c) Wat, dink jy, was haar eintlike rede? [2]
(d) Gee DRIE besware wat Pa gehad het teen haar oorsese besoek. [3]
(e) Watter “uitklophou” dien Ma toe in die argument met Pa? [2]
(f) Op watter manier vra Pa later verskoning? [2]

2. ‘Ma het hom net so gekyk, haar blou oë twee helder skilderytjies agter die glase van haar bril.’
(a) Watter beeldspraak kom voor in hierdie aanhaling? [1]
(b) Wat word bedoel met: ‘haar blou oë twee helder skilderytjies agter die glase van haar bril’? [2]
(c) Hoekom, dink jy, word Ma die Yskoningin genoem? [2]

3. Soek woorde uit hoofstuk 2 wat die volgende beteken:
(a) Mense wat nie vleis eet nie.
(b) ’n Vloermoer (’n onvolwasse uitbarsting).
(c) Sonder insig; sonder om die gevolge te voorsien. [3]

4. Gee EEN woord vir: ‘soos koekies in die weeshuis.’ [1]

5. Ching-kung glo aan die “Mathematics of life”.
(a) Wat, dink jy, word bedoel met die “Mathematics of life”? [2]
(b) Wat kan jy omtrent Ching-kung aflei uit bogenoemde? [1]

6. Ching-kung se gesinsaltaar.

(a) Beskryf die altaar. [4]
(b) Watter ritueel vind daar soms by die altaar plaas? [2]
(c) Hoekom is 'n foto van Sebast op die altaar heeltemal taboe? [2]
(d) Behalwe die gesinsaltaar is Ching-kung-hulle se sitkamer eg-Chinees. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. [3]

7. As Anna die huis ingaan nadat hulle haar ouers by die lughawe afgelaai het, ruik sy wierook.
(a) Hoe verskil die gebruik van wierook hier van Ching-kung se gebruik daarvan? [2]
(b) Watter simboliese betekenis het wierook in die verhaal? [3]
(c) Op watter ander manier probeer Elise en Julian die daggareuk verbloem? [2]

8. Wat kan ons aflei omtrent die verhouding tussen Sebast en Ching-kung in hierdie hoofstuk? Motiveer jou antwoord. [3]

9. Bespreek die vooroordeel wat mnr. Meyer teenoor Ching-kung koester soos blyk uit die volgende: 'Hy's 'n heiden, dié geel "vriend" van jou!' [3]

10(a) Wat het Melina vir Ma gegee om haar te help as sy gespanne is? [1]
(b) Hoe is dit tipies van Melina se kultuur? [1]
(c) Noem nog iets in hierdie hoofstuk wat tipies is van Melina se kultuur. [2]

11. 'Ons is nie twee Dresden-poppe nie, Ma.'
(a) Wat is 'n Dresden-pop presies? [2]
(b) Wat bedoel Elise met bogenoemde woorde van haar? [2]

12. 'Ek het nie 'n kopdokter nodig nie, Ma.'
(a) Wie is die kopdokter wat Elise en Anna moet gaan spreek? [2]
(b) Hoekom gaan spreek hulle hom? [2]
(c) Hoekom weier Elise om die kopdokter te gaan sien? [2]
(d) Kan jy enige verband sien tussen die titel en die dogters se besoeke aan die kopdokter? [3]

13. 'Pa staan altyd regop, fier, "amper soos 'n opblaaspop met te veel lug in",'
(a) Watter beeldspraak kom voor in bogenoemde aanhaling? [1]
(b) Wat word met hierdie beeldspraak bedoel? [2]

14. 'Anna, moenie vergeet om my visse te voer nie.'
(a) Na watter visse verwys Pa? [1]
(b) Hoekom, dink jy, is die visse vir Pa so spesiaal? [2]
(c) Wat het Pa, Ching-kung en Sebast in gemeen, al is Pa so veroordelend teenoor hulle? [1]
(d) Watter rol, dink jy, speel visse in die verhaal? [2]

15. Wat word bedoel met Sebast se groen vingers? [2]

16. Waar het Sebast en Ching-kung mekaar waarskynlik ontmoet? [2]

17. Bespreek die verhouding tussen Sebast en Anna. [4]

18 Die Kamer.

(a) Wat is in Die Kamer? [2]
(b) Hoekom, dink jy, word dit met hoofletters gespel? [2]
(c) Wat is die figuurlike betekenis van Die Kamer wat die heeltyd gesluit is? [2]
(d) Bespreek kamers as ’n deurlopende motief in die verhaal. [5]
(e) Hoe vind die motief van kamers aansluiting by die titel? [2]

19. Anna gooi ’n klip na die maan ‘Die maan ontplof, breek in skerwe.”
(a) Wat is die letterlike betekenis van bogenoemde? [2]
(b) Watter figuurlike betekenis het bogenoemde? [2]

20. Later word die stukkende maan weer heel.
(a) Wat het letterlik gebeur? [2]
(b) Watter simboliek lê opgesluit in die maan wat heel raak? [3]

**13.3 Hoofstuk 3: Huis**

1. Verduidelik hoe Thoko, Anna en Therese se rolle inmekaar steek. [3X2=6]
2. Watter voorafkennis het Brody omtrent Anna gehad wat haar laat besluit het om die hoofrol vir Anna te gee? [3]
3. Bespreek die verhouding tussen Anna en Thoko. [4]
4. Waarmee word Thoko se houding teenoor die kappie wat sy dra, vergelyk? Wat verstaan jy met hierdie beeld? [3]
5. Watter neerhalende naam noem Therese vir Thoko agter haar rug? Van watter vooroordeel spreek hierdie naam? [3]
6. Watter emosies ontlok hierdie vooroordeel by Thoko? Bespreek volledig. [3]
7. Hoe neem Thoko en Anna wraak op Therese? [2]
8. Hoe ontlont Brody ’n potensieel plofbare situasie tussen drie van haar hoofspelers? [4]

9. ‘Toe sy besef wat ek bedoel, word haar gesig helder, soos ’n lamp wat skielik aangeskakel is.’
(a) Watter beeldspraak kom in hierdie aanhaling voor? [1]
(b) Tot watter insig kom Thoko omtrent Anna? [2]

10. Wat is ’n pokkel? (Volgens Anna se verduideliking aan Thoko.) [1]
11. Brody vaar uitmuntend in die twee rolle wat sy in Anna se lewe speel. Bespreek hierdie stelling aan die hand van voorbeelde uit hoofstuk 3. [8]
12. Waarmee vergelyk Brody toneelspel? Dink jy dis ’n geslaagde vergelyking? Motiveer jou antwoord. [4]
13. Met watter soort huis vergelyk Brody vir Anna? Watter afleiding kan ons hieruit maak? [3]
14. Watter beskrywings wat Anna van die Nurse se huis gee dui op die Nurse se warm en versorgende geaardheid? [6]
15. Hoekom staan die Nurse se bed op bakstene? [2]

16. ‘Het Romeo ’n kamer?’
(a) Hoe sien Anna Romeo se kamer? [3]
(b) Wie verwar sy onbewustelik met Romeo? Hoekom, dink jy, gebeur dit? [2]
(c) In watter opsigte is die opvoering van *Romeo and Juliet* terapeuties vir Anna? [2]

17. Hoekom kom Julian (in plaas van Elise) vir Anna haal ná haar repetisie? [2]
18. Hoe word voertuie gebruik om die wêreld waaruit Julian en Elise kom te kontrasteer? [2]
19. Hoe verskil Anna en Julian se reaksie teenoor die bedelende straatkind? [2]
20. Dink jy hul huislike omstandighede en agtergrond dra by tot hierdie verskillende reaksies? Motiveer jou antwoord. [5]
21. Maak 'n puntsgewyse opsomming van Julian se huislike omstandighede soos blyk uit hoofstuk 2. Jou opsomming moet uit vyf sinne bestaan en nie langer as 40 woorde wees nie. [5X2=10]
22. Wat doen Anna in haar verbeelding as sy na Julian kyk? Wat het alles aanleiding gegee tot hierdie verbeeldingsvlug van Anna? [4]

23. 'Glory be to God for dappled things'
(a) Waar kom Anna aan hierdie gedig? [1]
(b) Hoe vertaal sy "dappled things" vir Julian? [1]
(c) Na watter "dappled things" is haar Pa gek? [1]

**13.4 Hoofstuk 4: Pakkie**

1. Beide susters is beseer aan die begin van hierdie hoofstuk
(a) Bespreek die aard en oorsaak van elkeen se besering. [4]
(b) Watter geestelike pyn ervaar elkeen van die susters saam met die fisieke beserings? [4]

2. 'My suster is 'n semelpop met glasoë.'
(a) Watter beeldspraak word hier gebruik? [1]
(b) Watter kommentaar lewer hierdie beeld op Elise se toestand? [3]
(c) Hoe verskil 'n semelpop van bv. 'n Dresden-pop? [2]

3. Verduidelik Julian se vreemde gedrag in hierdie hoofstuk. [4]

4. Bespreek hoe verskillende kultuurgroepe se siening oor hoe 'n vrou moet lyk, verskil (soos blyk uit hierdie hoofstuk). Wenk: Gaan kyk na Florrie, Elise en Anna se onderskeie sienings. [6]

5. 'Melina, hy't my die pos gegee vir julle. Van die overseas.'
(a) Van watter land af stuur Ma vir hulle 'n brief? [1]
(b) Waarvan is daar 'n afbeelding op die poskaart wat Ma saam met die brief stuur? [2]
(c) Hoe is hierdie beeld tiperend van die lede van die Meyer-gesin? [3]
(d) Ma se gesofistikeerde smaak en styl blyk duidelik uit die brief.
Maak 'n opsomming van vier sinne en nie meer as 36 woorde nie waarin jy hierdie stelling bewys. [8]
(e) Hoe verskil die inhoud van die brief van die werklikheid by die huis? [4]
(e) Geniet Pa homself terwyl Ma kultureel verkeer? Motiveer jou antwoord. [3]
(f) Wat is die enigste boodskap wat Pa deur die brief stuur? [2]

6. 'Dink hulle rêrig ek is so dom dat ek nie gehoor het "pakkie" is in aanhalingstekens gesê nie.'
(a) Wat word hiermee bedoel? [2]
(b) Hoekom konfronteer Anna hulle nie oor die werklike inhoud van die pakkie nie? [2]

**13.5 Hoofstuk 5: Foto**

1. Julian speel in die middel van die nag die liedjie "Ek ry 'n BMW" van Johannes Kerkorrel. Die eerste twee sinne klink as volg: "Ek ry 'n BMW/ons gaan elke jaar oorsee".

(a) Met wie, dink jy, word daar die spot gedryf in hierdie liedjie? [2]

(b) Hoekom, dink jy, vind Julian aanklank by die liedjie? [3]

(c) Watter karakter word met 'n BMW verbind? Hoekom? [3]

2. Dis duidelik dat Julian en Elise oorgeskakel het na sterker dwelmmiddels.

(a) Wat is Julian besig om te doen toe Anna verby die sitkamer loop? [2]

(b) Hoe kan Anna dadelik aan Julian agterkom dat hy bedwelmd is? [2]

(c) Watter tekens hou jy die volgende dag oor van die dwelmmisbruik? [4]

(d) Waaruit kan Anna aflei dat Elise ook die vorige aand dwelms gebruik het? [2]

(e) Watter karaktereienskap van Elise maak haar ontvanklik vir Julian se slegte invloed op haar? [2]


(f) Hoe dra haar werksomstandighede daartoe by dat Elise haar deur Julian laat beïnvloed? [3]

3. Van watter foto word daar gepraat in die titel? [3]

4. Bespreek Anna en Thoko se uiteenlopende reaksies op die koerantfoto. [4]

5. Watter blik bied die foto op Thoko se agtergrond en daaglikse lewe? [4]

6 Aan watter geestesiekte het Sebast gely? [1]




**13.6 Hoofstuk 6: Musiek**

1. '"Anyway, daar staan ek toe soos 'n klip," vertel ek vir Ching-kung. "Sonder my teks. My

rug is ’n besemstok en my hande twee trosse piesangs.’

(a) Na watter insident verwys Anna hier? [2]

(b) Hoe het Brody hierdie probleem op ’n slim manier opgelos? [3]

2. ‘Ek en Ching-kung sit in sy kamer.’

(a) Bespreek die blik op die Chinese kultuur wat ’n besoek aan Ching-kung se kamer aan Anna bied. Verwys na die:

- Oosterse gevegskuns,
- meubels,
- taal wat hulle praat,
- gesinstradisies en
- etes. [10]

3. Hoekom is dit teen die agtergrond van die Chinese kultuur insiggewend dat Anna in Ching-kung se kamer is? [2]

4. Hoekom beskou Ching-kung homself nie as ’n egte Chinees nie? [4]

5. Watter eienskap is tiperend van Ching-kung? Soek ’n woord op bl. 45. [1]

6. ‘Maar hy het nooit voorheen só met my gepraat nie. Altyd sy gevoelens weggesteek. En nou skielik maak hy die deur vir my oop.’

(a) Watter deur maak Ching-kung hier vir Anna oop? [2]

(b) Hoe sluit die beeld van die oop deur aan by die kamer motief? [4]

7. Watter soort musiek assosieer Ching-kung met die skemer? Hoekom? [3]

8. Hoekom sing Anna ’n liedjie wat sy op skool geleer het vir Ching-kung? [2]

9. ‘Eers toe besef ons dat sy ’n helse triek op ons gespeel het.’

(a) Watter triek het Brody op hulle gespeel? [2]

(b) Watter musiek het sy gebruik om haar set uit te voer? Hoekom dink jy was dit ’n goeie keuse? [4]

(c) Wat is Ching-kung se mening omtrent Brody se slim set? [2]

10. Waarmee het Sebast sy depressie vergelyk? [1]

11. Bespreek die oorsake vir Sebast se selfmoord soos blyk uit hierdie hoofstuk. [2]

### 13.7 Hoofstuk 7: Skrik

1. Hoekom, dink jy, word hierdie hoofstuk **Skrik** genoem? [5]

2. Die kleur het heeltemaal uit Anna se lewe verdwyn.
(a) Noem DRIE voorbeelde hiervan. [3]
(b) Hoekom het die kleur uit haar lewe verdwyn? [2]

3. Watter uitwerking het haar gemoedstoestand op haar toneelspel? [2]

4. Wat is Anna se reaksie as Elise vir haar vra: “Hoe gaan dit met Juliet? Cope jy?” [2]

5. Noem verdere voorbeelde van hoe Anna se gemoedstoestand haar daaglikse roetine beïnvloed. [2]

6. **Elise se dwelmprobleem**
(a) Watter fisiese tekens is daar van Elise se dwelmprobleem? [2]
(b) Wat is Elise se verduideliking as Anna vir haar vra hoekom sy so gejaagd voorkom? [2]
(c) Hoeveel geld leen Elise by Anna? Waarvoor, dink jy, gaan sy die geld gebruik? [2]
(d) Watter verdoemende getuienis van Elise se dwelmgebruik kry Anna langs Elise se bed? [2]

Lees die volgende aanhaling en beantwoord dan die vrae:
“Hoekom gebruik jy dit?”
Eers antwoord sy my nie. Toe sê sy: “Dit gee my so ’n rush. Vat al die probleme, al die crap weg uit my lewe uit. Net soms laat die crack jou goed sien en hoor wat nie daar is nie.”

(e) Noem al Elise se probleme op. [3]
(f) Wat laat die *crack* haar sien wat nie regtig bestaan nie? [2]

7. Haal TWEE sinne op bl. 52 aan wat die gemaklike en hegte verhouding wat Anna en Elise het, uitbeeld. [2]

8. Bespreek die goeie kommunikasie en verhouding tussen die twee susters na aanleiding van die volgende aanhaling: “Ons kyk vir mekaar sonder om te praat, maar tussen ons vind ’n hele gesprek plaas. Ons hou mekaar se hande vas.” [3]

9. Wat beteken die volgende uitdrukkings:
(a) “Dié waaroor ek en Elise ons so kan kraak.”
(b) “En Brody gee my gas daaroor.” [4]

10. **Skrik**
(a) In watter stadium in die toneelstuk moet Juliet (Anna) skrik? [2]
(b) Wat doen Anna as sy gedurende hierdie toneel “skrik”? [2]
(c) Hoekom is Brody ontevrede met Anna by die repetisies? [2]
(d) Hoe skrik aktrises gewoonlik in rolprente? [3]
(e) Hoe probeer Brody vir Anna verduidelik hoe sy moet skrik deur die woord “visceral” te gebruik? Gaan slaan die woord na in Pharos se Tweetalige Woordeboek. [2]
(f) Aan watter insident probeer Anna dink om haar op “die regte manier” te laat skrik? [2]
(g) Hoekom kan Anna nie met die aktrises se manier van skrik identifiseer nie? [2]
(h) Hoe reageer ’n seeanemoon as hy skrik? [2]
(i) Hoekom sou jy Anna se manier van skrik met dié van ’n seeanemoon assosieer? [3]

(j) Hoekom, dink jy, skrik Anna as sy die polisiemotor buite hul huis gewaar? [2]
(k) Wat is Elise se reaksie op die polisiemotor? Hoekom? [3]

11. Wat het die polisie by die Meyers se huis kom maak? [2]

12. Watter aanduidings is daar dat die dief iemand is wat die huis en winkel goed ken? Noem TWEE. [4]

**13.8 Hoofstuk 8: Skilpoppe**

1. Waarvandaan kom die brief wat Anna se ma stuur? [1]

2. Nadat hulle die brief gelees het, sê Melina: "Jou ma is so keurig." Wat bedoel sy hiermee? [2]

3. "Moskou is, soos die meeste dinge waarna 'n mens uitsien, 'n verrassing en 'n teleurstelling."
(a) In watter opsigte was Moskou vir haar 'n verrassing? [2]
(b) In watter opsigte was Moskou 'n teleurstelling? [2]

4. Waarmee vergelyk Anna se ma die kleurryke, blink koepels? Hoekom is dit so 'n geslaagde vergelyking? [3]

5. Stem jy saam met die volgende stelling? Motiveer jou antwoord met aanhalings uit die brief.
**Die belangrikste rede hoekom Anna se ouers oorsee is, is omdat hulle nie die realiteit van Sebast se dood kon hanteer nie.** [3]

6. Hoe kan die populierbome wat dons afgooi tiperend wees van die Meyer-gesin? [3]

7. Wat het die ma aan Sebast laat dink? [1]

8. Wat bedoel Anna as sy vir Melina sê: "Join the club"? Verduidelik volledig. [4]

9. Watter belangrike rol het Anna se ma in Melina se lewe gespeel? Verduidelik volledig. [5]

10. Het mev. Meyer se woorde "A woman without a fragrance is a woman without a future" indruk op Melina gemaak? Motiveer. [2]

11. Voltooi: Melina voel of sy . . . pleeg teenoor Anna se ma omdat sy haar nie van die diefstal en Elise se probleem vertel nie. [1]

12. Hoe het Elise nog verder fisiek agteruitgegaan? Noem DRIE dinge. [3]

13. Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord in die volgende sin:
"Ek wéét alles is nie <u>pluis</u> nie." [1]

14. "Hy speel pop."

Watter afleidings kan jy maak uit die sakeman, mnr. Meyer, se vreemde optrede? [2]

15. **Baboesjkas**

(a) Voltooi: Baboesjkas is kleurryke (i)…….poppe wat so (ii) …………….. en na binnetoe al hoe (iii) ……… word. Die poppe is almal (iv) ………………., maar tog is daar subtiele afwykings t.o.v. (v) ………….. [5]

(b) Hoe verskil die duurder poppe van die wat baie goedkoop is? [2]

(c) Hoekom, dink jy, noem Pa die poppe skilpoppe? [2]

16. **Kommunikasie tussen Ma en Pa**

(a) Watter aanduidings is daar dat die verhouding tussen Ma en Pa verbeter het? [2]

(b) Watter bewyse is daar uit die brief dat hulle maar nog steeds sukkel om te kommunikeer? [2]

17. "Die hel gaan los wees wanneer hulle terugkom."
Waaroor gaan Ma en Pa baie kwaad wees as hulle terugkom? [3]

## 13.9 Hoofstuk 9: Strip

1. Omskryf **strip** of gee 'n sinoniem daarvoor in Afrikaans. [1]

2. "Ek het my lelik vir myself gestrip toe die ding met die kondensmelk weer begin."

(a) Na watter "ding met die kondensmelk" verwys Anna? [2]

(b) Hoe noem Ma kos soos kondensmelk? [1]

(c) Bespreek kortliks in die klas aan watter soort kos mense hul dikwels vergryp as hul troos nodig het.

(d) Noem TWEE eetstoornisse wat kan ontstaan as mens jou vergryp aan kos as jy emosionele probleme het. [2]

3. Hoekom ontstel die prentjie op die kondensmelkblik haar so? [2]

4. "Hoekom moet taai soet melk my troos as ek 'n hele gesin het wat veronderstel is om my te steun? Why the hell! Ek strip soos ek seker nog nooit gestrip het nie."

(a) Hoekom strip Anna haar so vir haar gesin? [2]

(b) Noem TWEE redes hoekom Anna haar vir Pa strip. [2]

(c) Noem TWEE redes hoekom Anna haar vir Ma strip. [2]

(d) Noem TWEE redes hoekom Anna haar vir Elise strip. [2]

(e) Anna noem Julian 'n tang. Wat is 'n tang? [2]

(e) Hoekom strip sy haar selfs vir Sebast? [2]

(f) Wat voel Anna is onregverdig in die dinamiek in haar sustersverhouding? [2]

5. Verduidelik wat Anna bedoel as sy sê: "Dit voel of ek in my kop skreeu." [2]

6. **Die Kamer**

(a) Hoekom, dink jy, word Die Kamer met hoofletters geskryf? [2]

(b) Wat word in Die Kamer gehou? [2]

(c) Hoekom is dit so ironies dat die vreeslike insident juis in Die Kamer plaasvind? [3]

7. Stem jy saam met die volgende stelling wat Juf. Bredenkamp, die skoolraadgewer, maak: "Selfversekerdheid is die gonswoord van menslike kommunikasie in hierdie nuwe era." Bespreek. [5]

8. Na wie reik Anna uit in haar uur van nood? [1]

9. Wat noem Ching-kung vir Anna? Wat beteken dit? [2]

10. **Krisishantering**

(a) Hoe verskil die volgende mense t.o.v. hulle hantering van krisisse: Anna, Ching-kung, Melina en Florrie? [4]

(b) Is daar kulturele verskille t.o.v. die hantering van krisisse? Bespreek. [6]

11. Wanneer Anna haar hart teenoor Ching-kung uitstort, is dit soos ’n stel skilpoppe wat sy afskil.
Bespreek hierdie stelling deur na al Anna se probleme wat sy "afskil" te verwys. [6]

12. Anna bieg dat sy deesdae soos ’n houtpop toneelspeel.

(a) Wat kan ons hieruit aflei omtrent haar toneelspel? [2]

(b) Met watter soort pop word Elise vergelyk? [1]

(c) Wat het beide hierdie twee soorte poppe gemeen? [2]

13. Ching-kung is altyd rustig, besadig en ordentlik. Noem TWEE voorbeelde uit hierdie hoofstuk waar hy teen sy aard optree. [2]

14. Noem DRIE redes hoekom Ching-kung *crack a*s een van die gevaarlikste dwelms beskou? [3]

15. Waarmee verwyl Anna en Ching-kung hulle tyd terwyl hulle vir Elise en Julian wag? [2]

16. Waaruit kan ons aflei dat die skoonmaak van die horlosie vir Ching-kung ’n terapeutiese en helende proses was? [2]

17. Hoekom ontstaan daar ’n geveg tussen Ching-kung en Julian? (Noem die aanvanklike rede, maar ook die onderliggende redes.) [3]

18. Waaruit kan ons aflei dat Julian diep onder die invloed was? [2]

19. Watter vooroordele van Julian blyk uit sy kwetsende opmerkings teenoor Ching-kung? [4]

20. Wie word in die proses beseer? [1]

21. Brody word ontbied. In watter opsigte tree sy as regisseuse op in die krisissituasie? [3]

22. Anna plaas dikwels mense in kamers. In watter kamer plaas sy Brody en Ching-kung? Hoekom? [2]

23. Waaroor handel Anna se droom toe sy uiteindelik gaan slaap? [2]

24. Bespreek die verskille tussen Pa en Sebast soos dit in Anna se droom na vore kom. [6]

25. Anna sien Sebast se kop as die nuwe trofee teen die muur. Watter afleiding kan ons hieruit maak? [2]

### 13.10 Hoofstuk 10: Dief

1. Voltooi die volgende: By Ching-kung en Brody voel Anna v…….. en k…………. [2]

2. Hoekom sal Elise na ’n rehabilitasiekliniek toe moet gaan? [1]

3. In watter opsigte is Ching-kung Ma se soort mens? Noem ’n voorbeeld uit hierdie hoofstuk? [2]

4. Watter bydrae lewer Ching-kung tot die tuin (Pa se domein)? [3]

5. Wat in die tuin herinner hom aan Sebast? [1]

6. Ching-kung bied aan om Anna se ouers te gaan haal en sê dis sommer twee voëls met een klip. Waarna verwys hy? [2]

7. Hoekom voel Anna soos ’n dief? [2]

8. Hoekom kan Julian in meer as een opsig as ’n dief beskou word? [2]

9. Hoe sien Elise se kamer daar anders uit as gewoonlik? [2]

10. Wat het Elise alles gebruik om haar duur dwelmgewoonte te finansier (volgens haar dagboek)? [2]

11. Van watter verdoemende getuienis in Elise se dagboek raak Anna ontslae? [2]

12. Hoe verskil Anna se eerste indrukke van die ware Julian soos sy hom nou sien? [5]

13. Wat word (a) letterlik en (b) figuurlik met die volgende bedoel:
“… gooi ek die flenterjies van Elise se lewe op die vlamme.” [4]

14. Waarmee word Elise se oë vergelyk? Hoekom? [3]

### 13.11 Hoofstuk 11: Soen

1. Voltooi: “Jy kon my omtik met ’n veertjie” sê dat Anna baie ……….. was oor Marcel wat kom kuier. [1]

2. Wat voer Marcel as rede aan hoekom hy haar kom besoek? Gee TWEE redes. [2]

3. Hoekom is Anna so dankbaar teenoor Brody? [2]

4. Hoe word een van Ching-kung se wyshede nou bewaarheid in Anna se lewe? [3]

5. Dit voel vir Anna of sy en Marcel in hul eie seepbel ronddryf. Hoekom is dit egter ’n seepbel met ’n dun wand? [2]

6. Wie is die meteoriete wat haar seepbel enige oomblik kan laat bars? [4]

7. In wattter opsig “skil” Anna haar skilpoppe vir Marcel los? Antwoord volledig. [5]

8. Wat is Anna se reaksie op Marcel se vraag of hy al by haar laaste poppie, die kleinste Anna-poppie uitgekom het? [2]

9. In watter opsig “skil” Marcel homself vir Anna af? [4]

10. Hoe verskil die “hunk” wat ons aan die begin van die hoofstuk gesien het, van die “afgeskilde” Marcel? [4]

11. Watter assosiasies wek hulle afskeid met ’n sprokie? [2]

13. Na watter DRIE soene word daar in hierdie hoofstuk verwys? [3]

## 13.12 Hoofstuk 12: Bloed

1. “Dis Saterdagoggend. D-day.”
(a) Wat beteken D-dag in die volksmond? [2]
(b) Wat was die oorspronklike betekenis van D-dag? [2]
(c) Wat, dink jy, suggereer die D-dag-verwysing omtrent die res van die gebeure in die hoofstuk? [2]

2. Hoekom vra Anna gedurig haar ma in haar afwesigheid om verskoning? [2]

3. Wat beteken “Baba” in Mandaryns? [1]

4. Waaruit kan Ching-kung aflei dat Anna baie gespanne is op die lughawe? [2]

5. Hoekom is sy so gespanne? [2]

6. Watter negatiewe assosiasies het Anna met bloed? [2]

7. Hoe sien Ching-kung bloed as ’n positiewe simbool? [2]

8. Watter praktiese voorbeeld van Ching-kung se siening omtrent bloed sien Anna op die

lughawe? [2]

9. Hoekom word die seeanemoon dikwels as simbool vir Anna gebruik? [2]

10. Hoe tree Ma, Pa en Ching-kung tipies volgens hulle karakter op wanneer hulle mekaar ontmoet? [6]

11. Hoe verklaar Ching-kung Elise se gryp na dwelms? [3]

12. "Tussen al die kom en gaan deur is ek, Ma, Ching-kung en Pa vasgevang in ons eie klein drama."
(a) In watter drama is hulle vasgevang? [2]
(b) Deur wie se bloed word hulle almal verbind? [1]

13. Haal 'n sin op bl. 91 aan wat aandui dat Ma alles behalwe die Yskoningin is. [2]

14. Wat is die eerste aanduidings dat Pa sy houding teenoor Ching-kung verander? [2]

15. Wat noem Anna omtrent Ching-kung wat nog verder in sy guns by Pa tel? [2]

16. Hoekom glimlag Melina **tentatief** as Ma vertel van die aankope wat sy vir die winkel gedoen het? [2]

17. Wat is Ma en Pa se houding teenoor Elise wanneer hulle haar in die hospitaal besoek? [2]




18. Hoe aanvaar Ma verantwoordelikheid vir Elise se probleme? [2]

19. Wat veroorsaak dat Elise ontspan in die hospitaal? [2]

20. Watter geskenk kry Anna van oorsee af? Hoe help dit haar met die instudeer van haar rol as Juliet? [3]

### 13.13 Hoofstuk 13: Tulp

1. Watter raad gee Brody nog vir oulaas vir Anna voordat die openingstoneel begin? [2]
2. Voltooi: tussen Anna en Therese heers daar 'n (i) ……… gevoel, wat in die opvoering

uitkom as (ii) …………. [2]

3. Voltooi: Tussen Anna en Thoko heers daar ’n (i) ………. gevoel wat (ii) …………. is. Die wiegelied wat Thoko sing, laat Anna (iii) …………. [3]
4. Wie mis Anna in die gehoor? [2]

5. Brody het belowe dat sy enigeen wat *corpse*, sal verwurg. Wat doen ’n aktrise as sy corpse? [2]
6. Hoekom speel Anna so vrot in die eerste deel van die vierde bedryf? [2]

7. Hoe kry Anna dit reg om die laaste toneel (waar Romeo dood lê) te laat werk? [3]
8. Watter raakpunte is daar tussen die *Romeo and Juliet*-tragedie en Anna se lewe? [4]

9. Hoe, dink jy, slaag die opvoering van *Romeo and Juliet* daarin om vir Anna te help om haar broer se dood te verwerk? [4]
10. Gee TWEE redes hoekom die rooi tulpe wat Ching-kung vir Anna gee so belangrik is. [4]

### 13.14 Hoofstuk 14: Tafel

1. Watter bewyse is daar dat mnr. Meyer nou besig is om Ching-kung te aanvaar? [2]

2. Ching-kung sê dat die rehabilitasiekliniek goeie feng shui het. Hoe verduidelik hy feng shui aan Anna? [2]

3. Watter vernederende episode moes Elise deurgaan as gevolg van haar dwelmmisbruik? [4]

4. Watter gemengde gevoelens het Elise nou teenoor Julian? [2]

5. “Toe ons by die huis kom, begin die volmaan al klim.”
(a) Watter ooreenkoms is daar tussen die inleidingstoneel in hoofstuk 1 en die slottoneel? [2]
(b) Bespreek hoe die lewe weer “vol” geword het vir die volgende persone:
- Anna?
- Elise?
- Ching-kung?
- Mnr. Meyer?
- Mev. Meyer? [10]

6. Watter gemeenskaplike belangstelling het Pa en Ching-kung nou? Watter dieper betekenis het dit? [3]

7. Wat sê Ching-kung se afskeidsgroet aan Pa omtrent die verhouding tussen hulle? [2]

8. Hoekom, dink jy, word hierdie hoofstuk **Tafel** genoem? [3]

## 14. Toets oor hoofstukke 1-8

**GR. 10** **TOETS** **TYD: 50 MIN**
**MAART 2005** ***SKILPOPPE*: HFSTE. 1-8** **PUNTE: 40**

---

**INSTRUKSIES:**

- Gebruik dieselfde opskrifte as bogenoemde, maar vervang **TYD** deur jou naam en **PUNTE** met jou Afr. onderwyser s'n.
- Trek 'n streep, laat DRIE reëls oop en trek weer 'n streep.
- Trek 'n kantlyn aan die regterkant van die bladsy.
- Beantwoord alle vrae.
- Laat 'n reël oop tussen elke onderafdeling.
- Skryf elke keer Vraag en die nommer van die vraag boaan.
- Trek 'n streep onderaan elke vraag.
- Lees die uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Vraag 1**

> Jy kon my klap met 'n nat vis toe ek die rol van Juliet gekry het. Ek, Anna Meyer, …
> Anyway, hier sit ek vingeralleen op die stoep. En probeer hard om Juliet vas te vat.
> Die lig van die maan spoel oor my.

1.1 Wat is Anna besig om te doen in die openingstoneel? [2]
1.2 Hoekom was Anna so verbaas toe sy die rol van Juliet in hul skoolproduksie kry? Gee TWEE redes. [2]
1.3 Wie vertolk die rol van Romeo teenoor haar? [2]
1.4 Noem TWEE redes hoekom daar so 'n groot wedywering tussen haar en Therese (wat die rol van Lady Capulet speel), is. [2]
1.5 Gee TWEE redes hoekom Anna dadelik aanklank gevind het by Thoko (wat die rol van die Nurse vertolk). [2]
1.6 Brody is 'n uitstekende regisseuse.
(a) Hoe slaag sy daarin om die ongemaklikheid oor die liefdestonele tussen Anna en Romeo te laat verdwyn? [2]
(b) Watter raad gee sy aan Anna wanneer Anna sukkel om "skrik" uit te beeld? [2]
1.7 Hoe help die opvoering van Romeo and Juliet vir Anna om Sebast se dood te verwerk? [2]
1.8 In die openingstoneel word daar van 'n volmaan gepraat. Waarmee word die maan vergelyk? [2]
1.9 Anna dra Juliet se woorde oor "th'inconstant moon' voor. Watter rol speel die "inconstant moon" in ***Skilpoppe***? [2]

/20/

**Vraag 2**

| |
|---|
| Ma wou alleen gegaan het. Toe Pa hoor sy wil ook Rusland toe, was daar moeilikheid. "Oor my dooie liggaam begewe 'n vrou van my haar op haar eie tussen die donnerse Kommuniste!" |

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Noem EEN van die ander TWEE stede behalwe Moskou wat Ma wou besoek? | [1] |
| 2.2 | Wat was die rede wat Ma aangevoer het hoekom sy oorsee wou gaan? | [3] |
| 2.3 | Wat, dink jy, was die werklike rede vir haar oorsese besoek? | [2] |
| 2.4 | Hoekom staan Ma as die Yskoningin bekend? | [2] |
| 2.5 | Wie hou Ma verantwoordelik vir Sebast se dood? | [1] |
| 2.6 | Hoe probeer Pa die volgende dag opmaak vir sy kras woorde? | [1] |
| 2.7 | Op watter manier gaan soek Anna later troos? Hoe dra dit by tot haar probleme? | [2] |
| 2.8 | Wat sou jy as die groot probleem in hierdie gesin beskou? [Wenk: lees weer die uittreksel en die vrae]. | [2] |
| | | /14/ |

**Vraag 3**

| |
|---|
| *Ek lag baie vir julle pa. Hy kom deesdae met allerlei streke vorendag. Straks tas die wodka sy brein 'n bietjie aan.*<br>*Hy speel pop. Ja! Julle het reg gelees. Hy het die vlooimarkte gister ontdek en sonder om my te raadpleeg op sy eie 'n paar kunsaankope gedoen.* |

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Waarvandaan stuur Ma hierdie brief? | [1] |
| 3.2 | Wat word die poppe genoem waarna Pa spelenderwys as "skilpoppe" verwys? | [1] |
| 3.3 | Mense versteek soveel ander mense binne-in hulleself – nes skilpoppe. Bespreek die "afskil" van een van die karakters in ***Skilpoppe***. | [4] |
| | | /6/ |

**TOTAAL: 40**

---

## 15. Langer vrae

Voer die volgende opdragte uit deur telkens ’n gestruktureerde opstel van 250-350 woorde te skryf. Die uittreksel wat elke vraag voorafgaan, dien slegs as toeligting en stimulus. Gebruik ander voorbeelde uit die roman om jou punte te staaf.

> *Brody sê ek het die regte look vir Juliet. Dis dié dat sy my vir die rol gekies het. En seker oor my Engels goed is. Volgens haar het ek "a kind of wide-eyed innocence." (bl.6)*

15.1 Bespreek die verhouding tussen Anna en Juffrou Brody.

*Jy kon my klap met ’n nat vis toe ek die rol van Juliet gekry het. Ek, Anna Meyer, stofpoeper, standerdagt-buksie. Sure, ek kan gedigte opsê. Toor met woorde, meen die onderwysers en beoordelaars by kunswedstryde. Maar Juliet moet stunning wees. A looker. (bl.1)*

15.2 Hoe het Anna se selfbeeld, weens haar betrokkenheid by die toneelstuk, verbeter?

*Brody pitch in ’n sweetpak. Met haar gawe vir regie en haar baasspelerigheid neem sy oor. (bl. 71)*

15.3 Bespreek Brody as regisseur in die repetisielokaal en in Anna se lewe.

*Toe Pa vir Ching-kung sien, gaan staan by botstil. Die man agter hom loop byna in hom vas. Met haar hand op Pa se arm sorteer Ma vinnig die klein verskeersknoop uit. (bl. 89)*

15.4 Bespreek die verhouding tussen Ching-kung en Marius Meyer.

*"Weet Ma wat dink hy rêrig? Dat ons almal, die hele ou sous, ons koppe gelees moet kry. Nie net ek en An nie. Wat help dit, Ma, dat ek en An met die shrink oor Sebast praat en snot en trane huil? Hel, Ma, ons moet met Ma-hulle kan praat. Sebast was julle seun," het Elise op ’n smekende toon gesê. (bl. 14)*

15.5 Hoe verskil die oorblywende gesinslede se hanteringswyses van Sebast se dood?

> "Is Ma spesiaal, Sebast?"
> "Baie."
> "En ek?"
> Hy het langs by gehurk en gesê: "Jy is een van die spesiaalste mense in my hele lewe." (bl. 17)

15.6 Bespreek die verhouding wat Anna, Marius, Helena en Ching-kung onderskeidelik met Sebast gehad het.

> *"Ek is jammer, Ma. Oor alles. Ek was . . . net so verward en alleen . . ."*
> *Ma streel haar hare en sê: "Shhh, dis ons wat verskoning moet vra. Ons het weggehardloop." (bl. 93)*

15.7 Anna is 'n tipiese voorbeeld van die nuwe neiging dat jonger kinders in Suid-Afrika soms aan die hoof van die huis moet staan. Sê of jy met die stelling saamstem en motiveer jou antwoord.

> *Ek sien hoe die broek oor sy bobeen span toe hy die clutch intrap om ratte te verander. Ek wonder hoe sy spiere lyk. In my verbeelding staan hy in 'n swart Speedo en pose. En toe sonder die Speedo. Hy's baie sexy. Skielik kry ek skaam vir my gedagtes. (bl. 27)*

15.8 Beskryf die verloop van Anna se seksuele ontluiking en emosionele ontwikkeling.

> *4. Pakkie (Inhoudsopgawe)*
> *. . .*
> *Summier strip en my moer. Dêmmit! Dink hulle rêrig ek is so dom dat ek nie gehoor het "pakkie" is in aanhalingstekens gesê nie? (bl. 36)*

15.9 Verduidelik hoe die name van die veertien hoofstukke telkens aansluit by die verloop van die gebeure in die roman.

> *"Maar is dit nie vir jou erg nie, al die bloed en guts en gebreekte glas? Dit het Elise laat uitfreak. Soos in major."*
> *Sy draai haar kop skeef en kyk na my deur skrefiesoë.*
> *"Dis die verskil tussen jou en my. Wat vanoggend op daai foto was, is deel van my lewe. Ons lewe daarmee saam in die townships." (bl. 42)*

15.10 Die roman slaag daarin om die leser aangaande homofobie en rassediskriminasie tot ander insigte te bring. Bespreek dié stelling.

**Hartseer oor gay seun**

V EK HET onlangs uitgevind my seun (18) is gay. Voorheen het hy net gesê hy maak grappe. Dit het my werklik nooit gepla nie, maar ek het hom onlangs betrap met een van sy vriende.

Ek is lief vir my dierbare seun, maar ek is stukkend. Hy is my enigste seun. Die ergste is dat my man nie weet nie, want ek het my seun belowe ek sal nie vir hom vertel nie. Wat my man van gays dink, kan ek nie herhaal nie.

My seun het gesê hy sal saam met my 'n berader sien. Hoe doen ek dit sonder dat my man uitvind? Ek is so bang hy onterf my seun!

MOEDELOSE MA, P.E.

A ... gekry het dat jou seun oorlede is? Of as jy gehoor het hy het kanker? Of verlam? Jy sou geskok gewees het, maar hom ondanks álles bygestaan het. Of hoe? Jou liewe seun is nie vermink nie, hy het nie 'n ongeneeslike siekte nie, hy is ook nie melaats nie; hy is gay. Daar is geen rede dat jy "stukkend" moet wees nie. Jou kind is nie abnormaal of iets anders as die seun wat jy nog altyd gehad het nie!

Dit is so dat sommige ouers nie kan aanvaar dat hul eie kind gay is nie. Dit is daardie ouer se verlies as hy sy kind verwerp, want jy het 'n keuse: Óf jy aanvaar jou kind met alles wat hy is óf jy verloor hom. Wat gaan dit jou man baat om jou seun te onterf? Niks. Hy gaan nie sy seun daardeur van seksuele oriëntasie laat verander nie.

Ek is verskriklik bly jy staan jou seun by en veroordeel hom nie. Gaan spreek gerus 'n berader. Waarom moet jou man (nou) daarvan weet? Kry eers rustigheid in jou eie gemoed voor julle dit aan jou man bekendmaak.

## 16. Respons op teks

Voer die volgende twee opdragte na aanleiding van die roman, ***Skilpoppe*** uit.


**Kreatiewe respons**

Dink na oor die roman en skep iets kreatiefs na aanleiding daarvan. Jy kan enigiets skep solank daar net ’n duidelike verband tussen jou werk en die roman is. Jou werk moet ook teks insluit. Die grootste toetse waaraan jou werk gemeet word, is hoe kreatief dit is en of dit outentiek binne die konteks van die verhaal is.

Hier volg ’n lys van voorbeelde en daarna foto’s van projekte wat deur graad 10-Eerste Taal-leerders van Hoërskool The Settlers gemaak is:

- Dagboekinskrywing deur Sebast en foto uit polisieverslag van selfmoordtoneel.
- Polisieverslag, foto’s en verklarings oor Julian se inhegtenisname.
- Therese se dagboek en aandenkings van haar verhouding met Marcel.
- Chinese simbole en die moontlike storie oor hoe Ching-kung se familie uit die Ooste na Suid-Afrika gekom het.

[Lesers moet in ag neem dat The Settlers se leerders Engelssprekend is en soms lomp taalfoute maak, maar aan oorspronklikheid ontbreek dit hulle nie].



Binne-in Anna se geheime doos (geskep deur Jean-Ré Jones) is o.a. die volgende briewe gevind:



Anna Meyer



# Ek!

Dis seker die moeilikste mens om oor te skryf: myself.

Ek oefen gereeld met Brody, Thoko en Marcel die toneelstuk. Dit gaan ń 'Smashing' sukses wees, ek weet dit.
Maar daar is eintlik iets 'heavier' waaroor ek moet praat – Sebast se dood.
Ek onthou die dag toe ek hom dood in die kamer gesien het met die rewolwer langs hom en bloedspatsels teen die mure.
Ek het gehuil.
Ek het God daardie dag gevra, hoekom Sebast
Ek wou weet hoekom ons familie so
Ek wag nou lank vir die antwoorde maar dit kom nie. Miskien later in my lewe.



Elise Meyer
22 jaar oud.



# Elise

Dis my groot sus. Alhoewel sy ń groot fout gemaak het om met Julian deurmekaar te word, is ek nogsteeds lief vir haar.


El is ń goeie mens en is hartstogtelik oor haar werk as ń fotograwer.

Liefde het haar oë blind gemaak en ongelukkig het sy nie Julian vir wie hy eintlik was gesien nie.

Julian was ń vegte st[illegible] gemors, ń stuk 'cheap' gemors as jy my vra.

El het ń dwelmprobleem en sit in die hospitaal danksy Julian.

Ek is jammer dat sy op die harde manier moet leer.




# Pa.

"Is he not one funny character?"
Ek hou my pa verantwoordelik vir Sebast se dood en ek is kwaad oor hoe hy Sebast behandel het nadat hy uitgevind het ook Sebast en Ching-Kung

As hy net nie so ń 'big deal' oor Sebast se seksuele voorkeure gemaak het nie.



Ja, Pa is ń Afrikaner, maar ons ~~is~~ bewind ons hou in die 21ste eeu en die ouere mense moet by kom.



# Ma.

ń Baie stil persoon, dis hoe ek my ma ken.

Ma was baie lief vir Sebast, maar as sy net met Pa kon praat. Maar ek blameer haar nie...

Ek wil ook weet hoekom sy en Pa Rusland toe (weggehardloop) het.




Hoekom kon ons dit nie soos ń dood-normale ~~familie~~ gesin ~~dit~~ uitgewerk en bespreek nie.

Is El en ek nie belangrik nie?

Die volgende kom uit 'n polisiedossier soos geskep deur Candice Cupido:

SR.CANDICE CUPIDO
08
C2931L
12 JARE POLISIE DIENS

Na 'n oproep op die 6de Julie 1999 om 4uur het ons by Ashstraat 14,Westcliff, Johannesburg opgedaag. Ons het die huis binnegegaan,huis bestaan uit 5 slaapkamers.Deur van agterste kamer was gesluit en ek moes my kollega, Şharn Weberspoon,vra om my te help. Ons vind 'n liggaam op die bed met 'n vuurwapen aan sy sy sowat 1cm van die regterhand af.Die bed was deurweek van bloed en op die bedkassie lê 'n selfmoordbrief waarin hy rede vir selfmoord verduidelik. Persoon se identiteit is vasgestel as <u>**SEBAST MEYER**</u> , 23 jaar oud, gebore op die 5 September 1976,volgens sy identiteits dokument. Skietwond wys dat hy een keer deur die kop geskiet is aan regter slaap.Beslag gelê op patroondoppie nie ver van lyk nie. Gereël dat plaaslike fotograaf die huis fotografeer,vingerafdrukke van oorledene laat neem, ontstekingsresudie toetse op hande laat neem om te bepaal of hy geskiet was of selfmoord gepleeg het.

BY nadere ondersoek is vasgestel dat die vuurwapen,'n Magnum 44, behoort aan <u>**MR. MARIUS MEYER.**</u> Die vuurwpen is ingeteken onder die verwysingsnommer MA7890.

<u>Deklerasie :</u>
Alles wat in die verslag aangeteken is,is wat ek op afgekom het en laat uitvoer het.

Cupido
Sr.Candice Cupido

06/07/99
Datum



16S
SEBAST
JULIE 06

DATE: 04/07/1999

Help! Ek kan dit nie meer uit
nie. Ek is siek hiervoor,
pa verwag te veel van my -
ek is nie dié seun wat hy wou
hê nie.

Kan hy nie sien dat ek ook die
pyn verduur nie?
Ek wil aan sy verwagtinge
voldoen maar ek kan nie.

Sebast

DATE: 05/07/1999

Dis seker die laaste inskrywing,
ma sou die piep kry as sy
geweet het dat ek "die
werklikheid probeer ontvlug"
maar dis tog die enigste
uitweg. Ek het altyd geglo dat
die lewe, soos wiskunde tog altyd
antwoorde het al is dit
vrek moelik om by hulle uit
te kom, maar die vrae in
my lewe het nie altyd
antwoorde nie, dis
te deurmekaar.

Sebast

---

MEYER, SEBAST
1999 JULIE 06

06/07/1999

Aan my familie

Jammer dat dit nou die uitweg moet wees, maar dit
die enigste.

Ma - Dankie vir alles. Ek weet nie wat ek sonder
ma sou doen nie.

Anna - My klein 'actress', dankie vir jou smiles
drukkies en optimisme. Dit het altyd gehelp.


Elise - Hopenlik sal jy jou 'big break' kry, ek sal altyd
oor jou waak.

Ching-kung - Jammer. Dis vir die beste. Ek sal jou
altyd liefhê.

Pa - Pa, het hoë verwagtinge van my gekoester
en ek kon hul nooit realiseer nie. Jammer.

Sje - Sje
Sebast

Die volgende dagboekinskrywings is deur Yvonne Goslett gedoen:


1.

Liewe dagboek ...


05 · 06 · 2004

My lewe loop uiteindelik weer op spoor, of miskien naër aan die spoor. Ek het die man met die diepste blou oë en die mooiste glimlag ontmoet.
Hy is 'n sekerheidswag, ek voel veilig naby hom. Dit voel asof hy my van al my vrees beskerm.


17 · 06 · 2004

Diamante! Klein, wit, kosbaar en baie duur. Maar die "trip" is die geld werd. Dit help my vergeet van al die pyn van Sebast se dood. Dit gee my selfvertroue en 'n nuwe lus vir die lewe, 'n lus vir my volgende "hit".

Aan die linkerkant is ’n toegangskaartjie tot die skoolproduksie van *Romeo and Juliet* (ontwerp deur Lauren Neethling), regs is die buitekant van Sebast se selfmoordbrief en onder ’n deel van die inhoud daarvan van (Yvonne Goslett).









Ching Kung, my love Ek is jammer dat ek jou verlaat. Asseblief verstaan my omstandighede. Jy sal altyd die enigste een vir my wees. "I will love you" Florence, jy maak die heerlikste kos! Dankie dat jy altyd daar was om my te troos en goeie raad tegee.


Ek blameer julle nie, dit was my eie keuse en die regte ding om te doen. Ek is lief vir julle.

Liefde Sebastian

Die volgende is deel van 'n snipperboek deur Candice Nicholson



Die volgende is bo 'n deel van die brosjure wat Nicole Lodewyks oor Baboesjhkas gemaak het en onder 'n doodsberig deur Nadine Beukes:



BO: Hierdie Christelike stel baboesjkas,
Is 'n goeie voorbeeld dat daar wel
Poppies vir almal is in ons winkel.
Hierdie stel poppies, is spesifiek vir
Katolieke persone gemaak.
Dit begin met Moeder Maria en ein-
Met baba Jesus. Die drie poppies
Tussen in verteen die Here en Jesus
As hy groter is.
Dit is pragtig om in jou huis te sit,
Sowel as op in altar of in 'n kerk.


REGS: 'n Pragtige Russiese pop.
Dit verteenwoordig die Russiese
vrouens- en hul klere dag lank
gelede. Dit verwys ook dat Rus-
land 'n baie sterk tradisie het, en
terme van hul klere drag.
Sy is heel en al mooi, met haar
porselein gesiggie en handjies.
Haar oe is 'n pragtige blou kleur,
wat lyk asof sy in jou in kyk.
Dis 'n pragtige pop maar moet
nie gehandel word, van kinders
onder agt, nie.

PRYSE:
Bo: 300rubels
Regs: 399 rubels
Agter,
Bo: 325 rubels
Agter,
Onder: 355 rubels

Die Pop wat die res klop!

net vir

Rusland



Deaths

**HAMILTON Kim**
Passed away 24 January 2004. Our thoughts & prayers are with you, Bob, Carly and Tracy. From Bruce & Isabel Burns.

**HAMILTON KIM**
Deepest Sympathy to Bob, Carly and Tracey. From the Directors & staff of WD Hearn & Co

**HAMILTON Kim**
Our deepest sympathy to Bobby, girls & family on your sad loss. May God comfort you at this sad time. From Billy & Yolanda.

**HAMILTON Kim**
Our condolences to Bob & family on your sad bereavment. From all the Staff at Coatex.

**HANNING Ruth Sylvia**
Passed away peacefully on 25th January 2004 aged 70. Dearly missed and lovingly remembered by her children and grandchildren.
Funeral service on Saturday 31st January

Deaths

**KINDO Rita**
Passed away peacefully on Saturday 24 January 2004.
*God saw you getting tired*
*And called you home to rest.*
*Mommy, in Gods care you rest above*
*But in our hearts you rest with love.*
Lovingly remembered by son Leonard, daughter-in Law Desiree and grandchildren Leigh & Dexter.

**KLEINSMIDT George Charles Born 06-04-1933 Died 26-01-2004**
Dear Dad and Granddad. Your memory will always live on. We are happy to know you are safe in the arms of Jesus.
Sadly missed by your children Ernest, Adelè, Neville, Merle, Grandchildren, Family and Friends.
Funeral Service: 08:30 the 31/01/2004 at Acts Mission Church.

**LAGUE Henry**
Our deepest sympathy to Allegra, Dominic and Peter on the loss of their dear Father. From staff and pupils of St Joseph's Marist Rondebosch.

**LAGUE Rev Henry Ernest**

Deaths

**MACDONALD Ian Murray**
Passed away peacefully on 24th January 2004, aged 72.
*Has now crossed over to join his ancestors*
Mourned and sadly missed by his nephew Alexander (Sandy).

MEYER SEBAST
In liefdevolle herininge
van ons seun en broer
wat tragies gesterf het.
Jy was baie spesiaal vir
ons en sal in ons
gedagtes bly vir altyd.
Ons is bly dat jy nou
veilig rus in die arms
van ons Liewe Heer.
Die diens vind plaas in
die St. Lukes Kerk
Saterdag om 8:00 v.m.
van die Meyer gesin -

aged 73. A strange fellow. Brother of Jimmy and Late Sister Elspeth. Will be missed by Jimmy, Yvonne and Clifford.

**MAGID Deryk**

Deaths

**McKECHNIE Dawn Died 25/01/04**
What a privilege it has been to know you, Dawn. Will miss you enormously and will never forget what your example has taught me. Love Deborah and all at the Tablecloth Hiring Company.

Maitland Cemetery gate no.9.

TONY WYLLIE & CO
FUNERAL HOME
Ph 593 8820 Maitland

Deaths

**PROCTOR Michael**
Passed away suddenly on Sunday 25/01/2004. Deeply mourned by his loving wife Zelda, and children Robin, Lisa & Kim.
Funeral service to be held on Thursday 29/01/2004 at Our Lady Help of Christians R.C. Church, Lansdowne Rd, Lansdowne. Viewing 13h30 and mass at 14h00.
Private Cremation.
Family No 704 2559
WS ENGLEDOE & SONS

**PROCTOR Michael**
Our brother & friend.
*Ther aere no words*
*Will miss you forever*
Brian, Desiree, Jodie & Jason.

**PROCTOR Michael**
To Zelda, Robin, Lisa and Kim.
Our thoughts are with you always.
*His life is a beautiful memory,*
*His death a silent grief.*
*Will sorely miss our talks at our favourite watering hole.*
Peacefully resting in Gods care.
From Victor, Nuja and children, Rachel and George Hartnick, Jacqueline Tobin and children.

**PROCTOR**

**Visuele respons**

Maak 'n A3-grootte plakkaat met prente of sketse. Jou plakkaat kan enige aspek (simbole/motiewe/temas/karakters) van die roman of selfs 'n toneel of tonele uit die roman, uitbeeld. Afhangende van die opdrag, kan jy 'n verduidelikende paragraaf skryf.



## 17. Mondelinge en skriftelike opdragte

### Skriftelike opdragte

***Lang stukke (350-450 woorde)***

*ONTHOU OM TELKENS ’n INTERESSANTE, PRIKKELENDE OPSKRIF VIR JOU SKRYFWERK TE GEE.*

17.1 Skryf ’n *resensie* oor die roman ***Skilpoppe***, die rolprent wat op die roman gebaseer is of oor Anna-hulle se opvoering van die toneelstuk, ***Romeo and Juliet***. Kyk na die afdeling in dié gids wat oor resensies handel en maak seker jou resensie bevat al die nodige elemente.

17.2 Skryf ’n *dialoog* wat tussen Marius en Ching-kung, Sebast en Elise of Helena en Florence kon plaasvind.

17.3 Skryf ’n *dagboekinskrywing* as een van die volgende karakters:

- Sebast, die aand voor sy selfmoord.
- Marius ná ’n jagtog.
- Melina die aand ná die rooftog

17.4 Doen navorsing en skryf ’n *feiteopstel* oor een van die volgende:

- Die geskiedenis van en hedendaagse beoefening van koeng foe.
- Die behandeling van dwelmverslaafdes.
- Shakespeare se *Romeo and Juliet*.
- Die ontwikkeling van gay-regte in Suid-Afrika.
- Hoe konflik sonder geweld opgelos kan word.
- Hoe selfmoord voorkom kan word.
- Die algemeenste geestesiektes in die wêreld.

17.5 Skryf ’n *kreatiewe, verhalende opstel* oor een van die volgende:

- Sebast dwaal ná sy selfmoord steeds op die aarde rond. Niemand kan hom sien of hoor nie, maar hy is steeds teenwoordig by sy gesin. Die verhaal word vanuit sy perspektief vertel.
- Elise ontmoet ’n Joodse man in die rehabilitasiekliniek tot wie sy baie aangetrokke is. ’n Verhouding begin tussen hulle twee. Hoe gaan haar “nuwe pa” hierop reageer?
- Julian word tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis en beland in ’n baie gewelddadige tronk.
- Helena besluit om Anna Engeland toe te vat om Shakespeare se geboorteplek te gaan besoek.
- Florence erf geld van ’n oom en moet ernstig oor haar toekoms besin.

***Kort stukke (150-250 woorde)***

17.6 Skryf 'n *informele brief* oor een van die volgende:

- Anna bedank Brody vir alles wat sy vir haar beteken het.
- Julian smeek Elise om hom te vergewe.
- Ching-kung skryf 'n brief aan Sebast. Hy wil die brief in die Meyers se tuin verbrand.
- Thoko gaan kuier na afloop van die toneelstuk by familie wat ver bly. Sy skryf 'n brief aan Anna.
- Helena skryf aan Florence wat op vakansie is. Die Meyers betaal vir die vakansie om haar te bedank vir al haar sorg en liefde.

17.7 Skryf die *"Vraag" en "Antwoord" in 'n hulpkolom* oor een van die volgende:

- 'n Ouer sukkel om sy gay seun te aanvaar.
- 'n Tiener weet nie hoe sy die druk van haar vriende, om tik te gebruik, moet hanteer nie.
- 'n Kind kry nie genoeg aandag en liefde by haar ma nie.
- 'n Meisie weet nie hoe ver sy moet gaan om aan die eise van haar kêrel te voldoen nie.
- 'n Mooi meisie weet nie hoekom die ander kinders in haar skool nie van haar hou nie.

17.8 Ontwerp jou eie omslag vir ***Skilpoppe***. Plak of teken prentjies van die simbole en gebeure in die verhaal. Skryf dan ook die *flapteks*.

17.9 Skryf die *draaiboek* van twee tonele, wat jy uit ***Skilpoppe*** kies. Kyk in die afdeling van hierdie gids na die voorbeeld van 'n draaiboek en gebruik dieselfde formaat.

17.10 Bestudeer die voorbeeld van 'n doodsberig hieronder en skryf 'n *doodsberig* oor Sebast of Thoko se oom wat gesterf het.

**HEUNIS**
**Van Heerden (Jnr.)**

Skielik van ons weggeneem op 22/09/2004.
Die roudiens vind plaas vanuit die
Hottentots-Holland NG Gemeente,
Somerset-Wes op Maandag 27/09/2004
om 11:00. Verassing privaat.

AVBOB

STRAND ☎ 021-851 2557
LID VAN NBOV

**GROENEWALD**
**Johanna**

24/01/1910 - 21/09/2004

Van ons weggeneem na 'n kort siekbed, in die
ouderdom van 94 jaar. Ons dank die Heer vir
al die jare wat Hy haar vir ons gespaar het.
Ouma, ons gaan jou vreeslik mis.
Tot ons weer ontmoet.
**Daan, Anna, Liana, Shandré, Danél,**
**Riaan, Niel en Olga.**

Diens vind plaas 27/09/2004 om 09:30 by
Stikland-begraafplaas.

MARTINS BEGRAFNISDIENSTE
VOORTREKKERWEG 129, PAROW
☎ 021 930 7605

17.11 Bestudeer onderstaande koerantberig. Skryf nou die *berig* wat saam met Elise se foto in die *koerant* verskyn het, die opstand waarin Thoko se oom dood is of die berig oor Sebast se selfmoord wat in die koerant verskyn het.

# Drie drama-kinders in 2 ongelukke dood

**MARLENE MALAN**
Somerset-Wes

Lede van die Hoërskool Parel-Vallei se dramaklub is gebroke nadat drie van hulle die afgelope week in twee afsonderlike motorongelukke dood is.

Dit het die akteur Albert Maritz genoop om toekennings in die lewe te roep om hulle te vereer by 'n jeugtoneel-prestige geleentheid vroeg in Oktober in Durbanville. Dié toekennings, vir uitsonderlike dramaprestasie, gaan die eerste keer op 8 Oktober op die Omnicron-toneelfees toegeken word.

Dit sal voortaan bekend staan as die Lorenzen-toekenning vir tegniese ondersteuning en die Heunis-toekenning vir styl.

Dit kom nadat Kevin Lorenzen (16), in gr. 10, en Van Heerden Heunis (17), in gr. 11, Woensdag in 'n ongeluk op die N1 naby Richmond dood is. Hulle sou in Bloemfontein aan die eindronde aan die ATKV se Tienertoneelkompetisie deelneem. Hulle het saam met 'n onderwyser en vier ander leerlinge daarheen gery toe 'n agterband van die bussie gebars het.

Die skool is 'n tweede keer geruk toe nóg 'n leerling, Lisinda van den Heever (15), in gr. 7, Donderdagaand dood is toe die motor waarin sy en haar broer, Wynand, na die skool se matriekafskeid op pad was, in 'n ongeluk was – moontlik ook weens 'n band wat gebars het. Lisinda het Wynand vergesel na sy geleentheid.

Gister het me. Tanya Vivier, die drie se drama-onderwyseres, gesê "ons hele gemeenskap is tot stilstand geruk. Daardie kinders was soos my eie. Ek ken hul handskrif, hul skewe glimlaggies. Dis 'n ongelooflike leemte in ons skool."

Sy en die hoof, mnr. Ettienne Gouws, het die afgelope week drama-toekennings postuum aan Kevin en Van Heerden gedoen. Francios Wahl, hoofseun en 'n lid van die die dramagroep, was die enigste van die groep wat by daar was. "Hy is heeltemal gebroke en het aanhoudend gesê hy moes ook op die bussie gewees het."

Ná die ongeluk waarin Kevin en Van Heerden dood is, het mnr. Johann Rupert sy private straler beskikbaar gestel om die ander beseerde leerlinge terug huis toe te bring. Hulle het gister in Kaapstad aangekom.

Kevin word môreoggend om 10:00 uit die NG kerk Hottentots-Holland begrawe, en Van Heerden om 11:00 uit dieselfde kerk. Geen begrafnisreëlings is nog vir Lisinda getref nie.







**Lisinda van den Heever**
**Bo links: Van Heerden Heunis**
**Onder: Kevin Lorenzen**

## Mondelinge opdragte

### Forumbespreking

17.12 Hou 'n forumbespreking en gaan so te werk:

- Deel die klas op in groepe van 5-7.
- Elke groep kry 5-7 minute om vinnig voor te berei.
- 'n Voorsitter/Inleier word in die groep aangestel.
- Dit is die voorsitter/inleier se taak om die bespreking in te lei, seker te maak almal neem aan die gesprek deel en om die bespreking met 'n kort opsomming af te sluit.
- Die groepe staan in 'n halfmaan voor die klas met die voorsitter/inleier in die middel.
- Elke groep moet tussen 5-7 minute praat.
- Elke groep kry een van die volgende onderwerpe:

    * Die verligting van armoede.
    * Hoe spreek ons die probleem van diskriminasie aan?
    * Hoe kan tieners ontmoedig word om dwelms te misbruik?
    * Die invloed van die media wat veroorsaak dat mense ongelukkig word.
    * Wat maak van iemand 'n goeie ouer?
    * Is dit nodig om seks, vloektaal en geweld in rolprente en boeke te hê?
    * Enige ander aktuele kwessies.

### Toespraak

17.13 Hou 'n toespraak van 2 minute oor een van die volgende:

- Jy is die seremoniemeester by Anna-hulle se toneelstuk en moet die aand open, die akteurs en mense agter die skerms voorstel en ook die bedankings doen.
- Lewer die lyksrede by Sebast of Thoko se oom se begrafnis.
- Lewer terugvoeing tydens 'n saalbyeenkoms oor die toneelopvoering.
- Jy is Helena en doen 'n kort toespraak by 'n braai ná afloop van die toneelopvoering.
- Jy is Brody en jy het 'n pos by 'n ander skool aanvaar. Lewer haar afskeidsboodskap aan die leerders van die skool.

# Rolspel

17.14 Dramatiseer in groepe van 2-3 ’n toneel of tonele uit *Skilpoppe*. Onthou om ’n eindpunt in gedagte te hou sodat die toneelstukkie sinvol eindig. Julle moet 4-5 minute praat.

# Toespraak

17.15 Gebruik die onderwerpe by 20.4 in hierdie afdeling en lewer ’n toespraak waarin jy ’n definitiewe standpunt inneem. Jou doel is om aanhoorders van jou toespraak van jou standpunt te oortuig. Jy moet 5-7 minute lank praat.

# Paneelbespreking

17.16 Hou ’n paneelbespreking en gaan so te werk:

- Deel die klas op in groepe van 4-5.
- Elke groep kry 5-7 minute om vinnig voor te berei.
- Die groepe kry hulle situasie en rolle.
- Die groep sit in ’n ry voor die klas sê wat hulle “karakter” oor die onderwerp wil sê.
- Die bespreking duur 6-8 minute.
- Dit is die karakter wat met ’n asterisk (*) gemerk is se taak om die bespreking af te sluit.
  Gehoor.

| **Situasie** | **Rolle** |
|---|---|
| Julian se hofsaak. | Verdedigingsadvokaat, Elise, Anna, Aanklaer en Regter*. |
| Helena se winkel ná die rooftog. | Melina, Sersant, Anna*, Florence en Buurvrou/man. |
| ’n Komitee wat hulle beywer vir die uitskakeling van alle vorms van diskriminasie hou ’n oop vergadering. | Ching-kung, Sebast, Florence, Brody en Voorsitter*. |
| ’n Skoolpersoneel bespreek die nut van kultuur- en sportaktiwiteite. | Skoolhoof*, Brody, Rugbyafrigter, Skoolopsigter en Sekretaresse. |
| ’n Vergadering oor die behoud van ’n eie kultuur. | Marius Meyer, Ching-kung se ma, Ching-kung*, Melina en Florence. |
| ’n Televisieprogram oor hoe mense foute wat hulle maak, hanteer. | Oprah*, Outoritêre pa, Dwelmverslaafde, Kloosterkoek en Gay man. |

## 18. Multimedia-vrae

Voer die volgende opdragte uit nadat jy die boek gelees en die rolprent gekyk het.

1. Hier volg ’n lys van verskille tussen die boek en die rolprent. Kyk of jy die lys kan aanvul.

| **BOEK** | **ROLPRENT** |
|---|---|
| Anna is in ’n Afrikaanse skool. | Anna is by ’n Engelse skool. |
| Julian is Afrikaanssprekend. | Julian is Engelssprekend. |
| Die Meyer-pa se naam is Marius. | Die Meyer-pa se naam is Bertus. |
| Die ergste vloekwoord is “flentergat”. | Baie gekruide taal kom voor. |
| Die seks tussen Elise en Julian word geïmpliseer. | Die seks tussen Elise en Julian word grafies uitgebeeld. |
| Melina is Grieks. | Melina is ’n Maleier. |
| Florence figureer telkens. | Florence word nooit gewys nie. |
| Brody is baie maer. | Brody is geset. |
| Thoko se oom is dood. | Van Thoko se gesinslede is dood. |
| Sebast pleeg selfmoord in die wapenkamer. | Sebast pleeg selfmoord in sy slaapkamer. |
| Die boek eindig waar die Meyers en Ching-kung aan tafel sit en ’n heildronk drink. Marius en Ching-kung deel ’n versoenende oomblik. | Anna en Ching-kung verbrand ’n offergawe ter nagedagtenis aan Sebast. Die rolprent eindig met hierdie toneel. |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Hou 'n klasbespreking en bespreek elke verskil wat daar bestaan.  Die bespreking moet deur die volgende gelei word:

- Hoekom, dink julle, is daar 'n verskil?
- Dra die verskille by of neem dit weg van die trefkrag en betekenis van die verhaal?

2. Bespreek watter simbole baie prominent in die rolprent uitgebeeld word.

3. Bestudeer die volgende twee uittreksels van die dieselfde toneel.  Die eerste is uit die roman en die tweede uit die draaiboek van die rolprent.  Voer dan die opdragte uit wat volg.

   [Lees die slotgedeelte, veral vanaf die gedeelte wat begin: "Ching-kung eet die aand by ons …"

Ek hou haar hand vas en streel haar arm. Om ons word dit skemer. Deur die venster sien ek 'n sonsondergang rooi in die weste.

"Ek hoor Julian is uit op borgtog," sê ek. "Sy hofsaak is een van die dae. Jy moet glo getuig."

"Ek dink ek gaan 'n vyandige getuie wees. A hostile witness. Ek hoop Julian kom los." Sy kyk na my. "Anna, dis net soveel my skuld as syne."

"Die drugs miskien, El. Maar wat van die diefstal? Jy't tog nie geweet van die roof by die winkel nie?"

Sy skud haar kop. "Ek het vermoed, maar ek was nie seker nie."

"Hoe voel jy nou oor hom?"

"Ek sal altyd lief wees vir hom. Maar ek kan hom nie weer sien nie. Hy's soos die crack. Ek sal altyd 'n verslaafde bly, al gebruik ek dit nie."

"Maar jy's tog daaroor, El."

"Een slip en ek lê weer daar onder. Soos 'n alkoholis."

'n Vriendelike jong verpleegster kom skakel 'n lamp aan en vra: "Wil julle meisies iets drink?"

"Nee dankie," sê ek. Elise skud haar kop.

"Hoe gaan dit met Marcel?" vra sy.

"Okay. Hy leer net baie hard vir die rekordeksamen."

"Jou Romeo," terg sy.

"Uh-uh," antwoord ek: "My Marcel. Romeo gaan dood."

"Dankie vir die kamera," sê sy vir my en Ching-kung toe ons haar groet. "Ek het weer lus vir die ding."

Toe ons by die huis kom, begin die volmaan al klim.

Ching-kung eet die aand by ons. Voor ete gaan voer hy en Pa eers die Koi. Toe hulle terugkom, praat hulle nog vis. Hoe oud hulle word. Hoe 'n goeie een se kolle lyk. Watter kleure jy kry.

Miskien praat hulle nog eendag oor Sebast.

Aan Ma se keurig gedekte tafel lig Pa sy glas wyn en sê: "Gesondheid!"

Hy en Ching-kung klink glase. Ek en Ma ook. Sy glimlag.

"Sje-sje, Baba," sê Ching-kung vir Pa.

Lees die volgende gedeelte uit die draaiboek:

**120. INT. WESTCLIFF HOME , LOUNGE. NIGHT**

Melina, Anna , Marius , Helena , Ching-Kung toasting Anna's success.

Anna is standing with a bunch of white tulips - the bouquet she got from her mother in the one arm, the pink roses she got from Marcel in the other hand.

**MARIUS**

**To my talented daughter. Cheers!**
*(Cheers! Op my talentvolle dogter.)*

**HELENA**

**Anna , it was heart rendingly beautiful.**
(Amused)
**My darling, go put those flowers in water. You can't stand around with them all night like a confused bridesmaid.**
*(Anna..jy was hartverskeurend wonderlik.*

"INCONSTANT MOON" 124
SCREENPLAY © PENGUIN FILMS 2002

*My kind , gaan sit die blomme in water. Jy kan nie heel aand daarmee staan soos 'n verwarde blommemeisie nie.)*

MELINA

**I cried and cried.**
*(Halley -haah. Ek het so gehuil.)*

CHING-KUNG

**Gan-Bei !**

HELENA

**I wish Elise could've seen your performance.**
*(Ek wens Elise kon jou sien speel)*

ANNA

**I phoned her. She said she sent me great vibes.**

*(Ek het gebel. Sy't ges^e sy't vir my goeie vibes uitgestuur.)*

MARIUS

**That damn Julian. I could see something was wrong.**
*(Daai donnerse Julian. Ek kon sien iets was fout.)*

oses not to correct him , slight smile on their

ANNA

**How could they've let him out on bail?**
*(Hoe kon hulle hom op borgtog vrylaat?)*

HELENA

**I'm going to get the snacks.**
*(Ek gaan kry gou die kos .)*

MELINA

**I'll come and help you, Mrs. Meyer.**
*(Ek kom help , Mevrou .)*

ANNA

**At least he won't come near this house. He's too scared of "Jackie Chan "**
*(Hy sal nie naby die huis kom nie. Hy's te vrekbang vir "Jackie Chan ")*

le silence.

MARIUS

**Another drink Ching-Kung ?**

*(Nog 'n dop, Ching-Kung ? )*

Pause. Ching -Kung is visibly touched. He takes a moment, then composes himself

CHING-KUNG

**Sje -sje Ba-ba.**

**121. INT. WESTCLIFF HOME. NIGHT.**

We follow Anna as she quietly slips away from the festivities,moves down the hallway , past the hunting trophies, the gun rack…
Camera lingers on an empty space in the arms display…

Anna moves to the closed bedroom door , hesitates for a moment , then opens it.

**122. INT. WESTCLIFF HOME - SEBAST'S ROOM. NIGHT.**

Anna is standing alone in the almost museum-like room.
She takes in her surroundings, as if discovering them for the first time. She stands quite still for a while , then notices something.
Close-up of Sebast's shoes.
Anna steps into Sebast's shoes which are lying in front of his make-shift altar.

Ching-kung enters behind her.

Anna turns round . She is in a completely "altered" state, all the pent up emotions come tumbling out.

ANNA

**Sebast.**

CHING-KUNG

**We've all been looking for you.**

*(Ons soek almal na jou .)*

ANNA

**He didn't toast..**

*(Hy't nie getoast nie…)*

CHING-KUNG

**Come again?**

Bespreek die volgende in die klas:

3.1 Hoe verskil die draaiboek en roman se uitbeelding van Marius wat nou vriendeliker teenoor Ching-kung optree? Hoe kom dit ooreen?

3.2 Hoe word die volgende telkens in die draaiboek aangedui en uitgelê?

- die ruimte waar tonele afspeel
- karaktername voor elke spreekbeurt
- dialoog
- toneelaanwysings

3.3 Gebruik die formaat van die voorbeeld van die draaiboek en skryf jou eie deel van 'n draaiboek van een van die tonele in die roman.

Bestudeer die volgende koerantberig en resensie wat in *Die Burger* van 27 September 2004 verskyn het en voer die opdragte uit.



# Sekstonele in M-Net se Skilpoppe gaan skok

**THINUS FERREIRA**

KAAPSTAD. – Vuurwarm sekstonele tussen twee van die land se bekendste TV-gesigte wat vanaand uitgesaai word, gaan kykers skok.

Die tonge klap reeds oor die stomende sekstonele waarin die sepiesterre Therese Benade en Brendan Pollecutt die klere laat waai en mekaar behoorlik tussen die lakens gryp.

Die twee is te sien in die plaaslike M-Net-fliek *Skilpoppe* wat om 20:00 die eerste keer uitgesaai word.

Dié prent deur Penguin Films en die regisseur Andre Odendaal is 'n draaiboek-verwerking deur Lizz Meiring van die gelyknamige en bekroonde jeugroman deur Barrie Hough.

Ander sterre in die plaaslike produksie is Sandra Prinsloo, Marius Weyers en June van Merch, maar dit is Benade as Elise Meyer en Pollecutt in die rol van haar skobbejak-kêrel, Julian, wat aanhangers gaan skok in die fliek se eksplisiete naaktonele.

Benade is tans te sien as Riëtte Durandt in die sepie *7de Laan* en Pollecutt was tot onlangs te sien as Mark Brookes in SABC3 se *Isidingo*.

In die finale weergawe vir uitsending wat *Die Burger* onder oë gehad het, laat die stomende sekstonele tussen die twee bitter weinig aan die verbeelding oor.

Later bestuur Pollecutt in 'n droomtoneel poedelkaal 'n VW Kewer saam met die aktrise Kate Ascott-Evans in die rol van Anna, wat hom as medepassasier aangaap.

Die twee karakters misbruik ook dwelms gedurende hul sessies, met die gevolg dat Benade se karakter uiteindelik in 'n rehabilitasiekliniek beland.

Pollecutt het gister aan *Die Burger* gesê hy was vooraf "baie bedug" oor die sekstonele.

"Nie ek of Therese het al ooit voorheen so iets gedoen nie," het Pollecutt gesê.

*Skilpoppe* is een van 11 plaaslike flieks wat M-Net verlede jaar gemaak het met 'n begroting van R11 miljoen.

● **Resensie op bl. 8.**

# Hough se 'Skilpoppe' vandag op televisie

AMANDA DE LANGE

VIR baie mense is die tragiesste ding omtrent die drama *Skilpoppe* (M-Net, vandag om 20:00) dat die skrywer van dié bekroonde verhaal dit nie self sal sien nie, want die joernalis en skrywer Barrie Hough is verlede maand dood in sy woonstel aangetref. Hy het vermoedelik selfmoord gepleeg.

*Skilpoppe* is die verhaal van die 17-jarige Anna Meyer (gespeel deur die nuweling Kate Ascot-Evans). Anna is gekies om Juliet te speel in die skoolopvoering van Shakespeare se *Romeo en Juliet*. Dit is kort nadat haar gay broer selfmoord gepleeg het. Boonop gaan haar ouers oorsee. In dié tyd beland haar suster Elise (Therese Benade) in die moeilikheid, en vir Anna voel dit asof haar familie uitrafel en al die verantwoordelikheid hare is. Sy raak verlief op Romeo en krisisse word op die spits gedr[illegible]. Temas soos seksualiteit, dwelms, kreatiwiteit, liefde en verlies is die ruggraat van die verhaal.

Die woord "skilpop" is 'n nuutskepping vir die Russiese mastroiskas, die volkspoppies wat van groot na klein inmekaar pas. Die boodskap van die verhaal is dat die lewe ons laag vir laag afskil totdat ons uitkom by die kleinste poppie, die ware jy.

Terwyl 'n mens na die fliek kyk, kan jy nie help om te dink aan die skrywer self nie. Hough was gay en jy wonder hoeveel (en watter) elemente van die verhaal dalk outobiografies is.

Anna se ouers (gespeel deur Marius Weyers en Sandra Prinsloo) is klaarblyklik nie in staat om met mekaar óf hul kinders te praat oor die gesin se tragedie nie. Hulle verkies om die twee dogters vir terapie te stuur en nie self te delf in die donkerte van hul eie emosionele pyn nie. Dit laat 'n mens na jouself kyk en wonder of jy ook so is. Sê ons nog vir ons kinders: So lank jy onder my dak bly, sal jy maak soos ék sê?

Is ons steeds nie in staat om ons emosies voor ons kinders oop te vlek en eerlik oor ons stryd en pyn te wees nie? Of het ons gegroei en geleer uit die foute van dié voor ons?

Bespreek die volgende:

Koerantberig

3.4 Dink jy die sekstonele in die rolprent is skokkend?
3.5 Dink jy die naaktonele is ekplisiet?
3.6 Hoekom, dink jy, was Brendan Pollecut vooraf "baie bedug" oor die sekstonele?
3.7 Dink jy naaktheid, dwelmgebruik en seks (eksplisiet, al dan nie) kan uit die rolprent gesny word? Hoekom?

Resensie

3.8 Toets die resensie aan die goeie beginsels van 'n resensie (verwys na hfst. 13 in dié gids) en sê of jy dink of dit goed en regverdig is?

Banaal = platvloers

Passie op die kassie

Banaal = platvloers

Stomende Sekstonele

## 19. Temas

Temas in ’n roman kan gedefinieer en herken word aan die hand van die volgende. Dit kom deurgaans voor in die werk. Dit word ontwikkel en ondersoek tydens die verloop van die gebeure in die verhaal. ***Leerders moet probeer om eers self uit al hulle inligting die temas in die boek te ekstraheer voordat hulle na die volgende bespreking kyk.***

Hier volg ’n kort bespreking van en ’n paar opdragte oor sewe van die hooftemas in ***Skilpoppe**:*

### 19.1 Selfbeeld

Anna staan sentraal in hierdie tema. Tipies adolessent, is sy op ’n soektog na haarself en om haar selfwaarde te bepaal. Daar is ’n voortdurende stryd tussen hoe sy oor haarself voel en die boodskappe wat sy van ander mense ontvang. Daar is veral drie faktore wat haar selfbeeld beïnvloed: haar gewig, die verhouding met haar gesin en die rol van juffrou Brody.

Anna voel sy is oorgewig en dus nie baie aantreklik nie. Sy is geneig om haarself met kondensmelk te troos en is ook subtiel deur Florence geleer dat kos gelyk is aan liefde. Brody merk op dat sy moet probeer om bietjie gewig vir die rol te verloor en Anna slaag weldra daarin. Die aandag van Marcel en moontlikheid van ’n romanse help ook om haar te motiveer. Anna kry terugvoering van Thoko dat sy gewig verloor, Marcel sê dat sy nie so groot is soos sy dink nie en Brody verander van deuntjie toe sy sê Anna is so ’n goeie aktrise dat sy nie nodig het om te verslank nie. Dié opmerkings slaag daarin om Anna se selfvertroue ’n groot hupstoot te gee. Eindelik staan sy vol selfvertroue in ’n verhouding met die uiters aantreklike Marcel.

Anna se verhouding met haar pa word hoofsaaklik gekenmerk deur wedersydse betrokkenheid en liefde. Hierdie band gee haar ’n sterk gevoel van selfwaarde. Die gebrek aan sigbare liefde van haar ma, laat haar egter met ’n soeke na aanvaarding. Ná die toneelopvoering, toe Anna vir haar ma die tulp gee, hou haar ma haar vas soos sy nog nooit vantervore gedoen het nie. Dit is ’n deurbraak vir sowel Anna as haar ma en laat die leser met die verwagting dat Helena nou ’n proses begin waar sy meer konkreet vir Anna van haar liefde sal kan verseker.

### 19.2 Gesinsdinamika

Gesinne vertoon gewoonlik ’n eiesoortige manier van onderlinge wisselwerking. In die roman word twee huishoudings op die voorgrond gestel: die Meyer-huis en in ’n mindere mate, Ching-kung en sy familie.

Die patriarg van die Meyer-huis, Marius, is baie konserwatief en eng, maar daar heers tog ’n mate van Westerse vryheid. Sebast se ouers is bewus van sy homoseksualiteit. Hulle keur dit nie goed nie, maar daar is tog sprake van ’n vrymoedigheid omdat hy hulle daarvan vertel. Die ouers in die huis se hanteringstyl van probleme behels ontkenning en stilswye. Veral die kinders ly hieronder omdat probleme en wrywinge nooit konstruktief aangespreek word nie. Die mees intense oomblikke van waarheid spruit gewoonlik uit kortstondige argumente. Al waartoe hierdie konflik gewoonlik lei is dat verwyte en afkrakende woorde kwytgeraak word.

Die Meyers dryf, veral ná Sebast se selfmoord, net verder van mekaar weg. Anna verdiep haarself in die toneelstuk, Elise raak behep met Julian en dwelms en die ouers “vlug” oorsee. Veral Elise se

selfvernietigende gedrag dwing die gesin om hulle probleme te konfronteer. Aan die einde van die roman begin die skanse verbrokkel. Die bloedband tussen die gesinslede blyk sterk genoeg te wees dat hulle nou weer op mekaar fokus en met mekaar kommunikeer.

By Ching-kung se huis heers ’n tradisionele Oosterse kultuur. Hy leef in harmonie saam met sy ouers. Dit is egter duidelik dat daar wel verwydering tussen ouers en kind bestaan. Homoseksualiteit is nie deel van die ouers se verwysingsraamwerk nie. Ching-kung weet sy ouers verwag dat hy vir hulle ’n kleinkind moet gee, maar hy weet definitief dat dit nie gaan gebeur nie. ’n Mens kan wonder wat in dié harmonieuse gesin gaan gebeur wanneer Ching-kung hulle oor die ware toedrag van sake inlig.

In beide gevalle wat bespreek is, is die grootste vernietigende faktor, ’n gebrek aan gesonde kommunikasie in ’n gesin. Die dinamiek in so ’n gesin word versteur en lei tot groot ongelukkigheid.

### 19.3 Seksualiteit

Anna se sekusualiteit ontluik. Sy raak bewus van aantreklike lede van die teenoorgestelde geslag. Sy fantaseer oor Julian se gespierde lyf en droom oor haar aantreklike medespeler, Marcel. Haar seksuele gevoelens jeens Julian sterf ’n vinnige dood toe sy agterkom dat sy peroonlikheid nie noodwendig so aanloklik soos sy uiterlike is nie. Die aantrekking tot Marcel verdiep egter en hy word haar eerste groot liefde. Anna se ontluiking toon die proses wat gewoonlik by tieners voorkom. Hulle leer uiteindelik dat seksuele aantrekking nie net op uiterlike skoonheid alleen kan fokus nie, maar dat die persoonlikheid binne-in die “dop” ook ’n baie belangrike rol speel.

Homoseksualiteit word sensitief in die roman uitgebeeld. Die leser leer dat ’n gay-verhouding net so liefdevol en vervullend soos ’n heteroseksuele verhouding kan wees. Eersgenoemde soort verhouding word egter dikwels belemmer deur eksterne druk: vooroordele van gesinslede en die kulturele ruimte waarin dit bestaan. Ching-kung en Sebast se verhouding is diep en innig, maar Marius Meyer (en Sebast se depressie) se vooroordeel vernietig dit eindelik toe Sebast selfmoord pleeg.

### 19.4 Dwelms

Mense wat hulle probleme probeer oplos deur hulle toevlug tot dwelms te neem, word deur Elise en Julian voorgestel. Julian is die voorsiener en is reeds ’n gebruiker daarvan, voor hy en Elise se verhouding begin. Sy ervaar baie spanning weens die gewelddadige aard van haar werk en die verlies-ervaring ná haar broer se selfmoord. In hierdie stadium van haar lewe ontmoet sy Marcel en raak gou betrokke by dwelms en crack. Aanvanklik bied dié middels ontvlugting, maar vernietig later haar fisieke, finansiële en geestelike welstand. Dit lei tot haar gesig wat oopgesny word en veroorsaak ’n groot krisis in haar familielewe toe die waarheid en ernstige aard van haar verslawing op die lappe kom.

Julian beland in die tronk. Die ironie van sy woorde toe hy vir Anna sê om nie geld vir die straatkind te gee nie, tref die leser. Julian meen die straatkind gaan die geld vir gomsnuif gebruik. Julian staan self agter die deur. Die leser weet nie of Julian sy eie verlawing sodoende aan homself ontken en tog steeds voel hy kan oordele oor ander se verslawing uitspreek nie. Julian het nie, soos Elise, die ondersteuning van ’n familie nie. Dalk is sy verslawing te ver gevorder en is daar nie meer hoop vir hom nie.

## 19.5 Verlies

Verlies is 'n baie belanrike tema in ***Skilpoppe*** en verskeie ander werke deur Barrie Hough. Die Meyers en Ching-kung moet die verlies wat hulle na Sebast se selfmoord ervaar, verwerk. Ondersoek dié tema deur die volgende te bestudeer en dan die vrae daarna te beantwoord,

*Wanneer 'n mens 'n groot verlies – soos byvoorbeeld die dood van 'n geliefde – ly, is daar vyf herkenbare fases in die rouproses:*

**ONTKENNING**: Die gebeurtenis word ontken en hierdie reaksie is gewoonlik gekoppel aan 'n skokreaksie.

**WOEDE**: Die persoon is kwaad vir God, die hele wêreld en selfs vir die persoon wat gesterf het.

**MYMERING**: Die persoon probeer met die noodlot en God onderhandel en vra vrae oor hoe die verlies voorkom kon word.

**DEPRESSSIE:** Die persoon staar uitsigloos na die toekoms en plesier word baie moeilik uit enigiets geput.

**AANVAARDING**: Die verlies word aanvaar en die persoon is in staat daartoe om met die lewe aan te gaan. Die verlies word in perspektief gestel en is nie meer allesoorheersend nie.




Na aanleiding van bogenoemde, hou 'n klasbespreking oor die volgende:

1. Watter karakters is vir die grootste deel van die verhaal in die fase van ontkenning?
2. Soek voorbeelde waar karakters uiting aan hul woede gee en bespreek hoe elke karakter anders daaraan uiting gee.
3. Hoe onderhandel, veral Anna, met die noodlot en gebeure in haar verlede?
4. Kan 'n mens sê dat veral Elise die meeste tekens van depressie toon?
5. Soek en bespreek voorbeelde van hoe Anna deur die vyf verskillende fase gaan.

## A. Bronverwysings


Cloete, T.T. e.a.; ***Gids by die Literatuurstudie***; 1985
Hough, Barrie; ***My kat word herfs***; 1986
Hough, Barrie; ***Droomwa***; 1990
Hough, Barrie; ***Vlerkdans***; 1992
Stoffberg, Andriette; "Barrie práát met tieners", *Die Burger*; 7/1/1993
De Waal, Shaun; "Facing up to death and loss"; Supplement to *The Weekly Mail and Guardian*; 31/3-7/4/1994
Hough, Barrie; ***Skimmelstreke***; 1995
Hough, Barrie; ***Skilpoppe;*** 1998
Nieuwoudt, Stephanie; "Skrywer kry sy idee by Russiese pop", *Die Burger*; 31/10/1998
Fourie, Corlia; "Barrie en sy liefde vir die grootstad," *Rooi Rose*; 25 November 1998
Cilliers, Cecile; "Skilpoppe spreek tot jong mense se harte" *Rapport;* 17/1/1999
Van Wyk, Marguerite; "Die skille val af", *Sarie*, 19/5/1999
Coetzer, Susan; "Skakerings van Barrie Hough", *Rooi Rose*; 16/8/2000
Hough, Barrie; ***Breek***; 2002
Meiring, Lizz; Inconstant moon: a screenplay based on the novel *Skilpoppe* by Barrie Hough; 2002
Prins, Jo; "Hough se 'Skilpoppe' dalk bestem vir silwerdoek", *Beeld*; 14/6/2002
Boekkooi, Paul; "Boek van Barrie Hough word rolprent", *Rapport*; 16/6/2002
Jacobs, Jaco; "Broosheid van die mens"; *Die Burger (JIP*), 3/2/2003
Burger, Kobus; "Skrywer dood in woonstel gekry", *Beeld;* 18/8/2004
Botha, Danie; "Depressie slaan roostuin nie oor", *Die Burger*; 19/8/2004
Ferreira, Thinus; "Sekstonele in M-Net se Skilpoppe gaan skok", *Die Burger*; 27/9/2004
De Lange, Amanda; "Hough se 'Skilpoppe' vandag op televisie", *Die Burger*, 2004
Malan, Marlene; "Drie drama-kinders dood in twee ongelukke", *Die Burger*, 2004

Die rolprentweergawe van ***Skilpoppe,*** vervaardig deur Roberta Durant van Penguin Films. Die draaiboek is geskryf deur Lizz Meiring.

Die webwerf: http://www.russianlegacy.com/nesting dolls.htm
Die webwerf: http://childlit.org.za/skilpoppe.html

Leeruitkomstes vir Afrikaans Primêre Taal in gr. 8 en 9 vanaf 2005 – verkry vanaf Maskew Miller
Leeruitkomstes vir Afrikaans Primêre Taal in gr. 10-12 vanaf 2005 – verkry deur Nicol Faasen

Verskeie ongedateerde *Huisgenoot*-knipsels

Omslag van Johannes Kerkorrel se CD *Pêrelsvoordieswyne*

## B. Die skrywers van hierdie gids

Marieta Nel en Danie Steenkamp vorm al die afgelope tien jaar deel van die gedugte span Afrikaans-onderwysers by die Hoërskool The Settlers in Bellville, Kaapstad. Beide het jare lange ondervinding van Afrikaans Eerste en Tweede Taal-onderrig. Die skool spog met verskeie prestasies in Afrikaans: ’n gereelde eerste plek in die landswye Gebruiksafrikaans-Olimpiade, redenaars van die skool het al verskeie kere na die eindronde van die nasionale ATKV-Debatskompetsie deurgedring en behaal gereeld die meeste A’s in Afrikaans Tweede Taal in die Wes-Kaap.

Marieta staan die afgelope sewe jaar aan die hoof van die departement. Sy het ’n meestersgraad in Afrikaanse en Nederlands en het al verskeie studiegidse in samewerking met onder andere Riana Scheepers en John Kannemeyer die lig laat sien. Marieta is ook medeskrywer van die handboekreeks ***Afrikaans ons Taal***.

Danie het ’n BA-graad en HOD-diploma aan die Universiteit van Stellenbosch behaal, waar hy ook op die redaksies van die studentekoerant *Die Matie* en die jaarblad *Die Stellenbosse Student* gedien het. By Hoërskool The Settlers behartig hy die afgelope paar jaar die jaarblad en is ook ’n opsteller van gestandaardiseerde vraestelle vir die WKOD (Metropool-Noord).